



Wes-Kaapse
Regering



Departement van Kultuursake en Sport

Jaarverslag
2022/2023

Departement van Kultuursake en Sport

Wes-Kaapse Regering

Begrotingspos 13
Jaarverslag
2022/2023

In die geval van vertaalfoute tydens die vertaling van die dokument word die Engelse weergawe van hierdie verslag, as brontaal, as die amptelike teks beskou.

Inhoud

Deel A	5
1. Algemene inligting oor die Departement	6
2. Lys van afkortings/akronieme	7
3. Voorwoord	11
4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte	12
5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van die akkuraatheid van die jaarverslag	17
6. Strategiese oorsig	18
6.1. Visie	18
6.2. Missie	18
6.3. Waardes	18
7. Wetgewende en ander mandate	18
7.1. Grondwetlike mandate	18
7.2. Wetgewende mandate	21
7.3. Beleidsmandate	27
8. Organisasionele struktuur	30
9. Entiteite wat aan die Minister rapporteer	32
Deel B	35
1. Ouditeur-generaal se verslag: Voorafbepaalde Doelwitte	36
2. Oorsig van departementele prestasie.....	36
2.1. Diensleweringomgewing	37
2.2. Diensleweringverbeteringsplan.....	45
2.3. Organisasionele omgewing.....	45
2.4. Vername beleidsontwikkelings en veranderings aan wetgewing.....	46
3. Behaling van institusionele impak en uitkomste	47
3.1. Vername prestasies ter verwesenliking van die 2019-24 Mediumtermyn Strategiese Raamwerk en Provinsiale Strategiese Plan	49
4. Prestasie-inligting per program	57
4.1. Program 1: Administrasie	57
4.2. Program 2: Kultuursake	61
4.3. Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste	76
4.4. Program 4: Sport en Ontspanning.....	86
5. Oordragbetalings	105

5.1.	Oordragbetalings aan openbare entiteite.....	105
5.2.	Oordragbetalings aan alle organisasies openbare entiteite uitgesonder	106
6.	Voorwaardelike toewysings	139
6.1.	Voorwaardelike toewysings en geormerkte fondse betaal.....	139
6.2.	Voorwaardelike toewysings en geormerkte fondse ontvang.....	139
7.	Donateursfondse	147
8.	Kapitaalbelegging	147
8.1.	Kapitaalbelegging, instandhouding, en batebestuursplan	147
Deel C		148
1.	Inleiding	149
2.	Risikobestuur.....	149
3.	Bedrog en korrupsie	154
4.	Vermindering van botsende belange.....	155
5.	Gedragkode.....	155
6.	Gesondheid-, veiligheid-, en omgewingskwessies.....	156
7.	Portefeuljekomitees.....	156
8.	Skoor-resolusies	156
9.	Vorige wysigings aan ouditverslae.....	157
10.	Interne beheer	157
11.	Interne oudit en ouditkomitees	157
12.	Verslag van die ouditkomitee	159
13.	B-GSEB-voldoening.....	162
Deel D		164
1.	Inleiding	165
2.	Stand van Mensebestuur by die Departement.....	165
2.1.	Departementele prioriteite vir arbeidsmagbeplanning	165
2.2.	Bestuur van werknemerprestasie.....	166
2.3.	Werknemerwelstand	167
2.4.	Monitering van Mensebestuur	167
3.	Oorsigstatistiek verwant aan Mensebestuur	167
Deel E		198
1.	Onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes, ongematigde uitgawes en wesenlike verliese	199
1.1.	Onreëlmatige uitgawes.....	199

1.2.	Vrugtelose en verkwistende uitgawes.....	203
1.3.	Ongemagtigde uitgawes	205
1.4.	Bykomende openbaarmaking wat verband hou met wesenlike verliese ingevolge die WOFB artikel 40(3)(b)(i) en (iii)	206
2.	Laat en/of wanbetaling van verskaffers	208
3.	Voorsieningsketteringbestuur	209
3.1.	Verkryging op ander toepaslike maniere	209
3.2.	Kontrakuitbreiding- en verlenging.....	210
Deel F	212
1.	Verlag van die Ouditeur-generaal.....	213
2.	Finansiële jaarstate.....	222

Deel A

ALGEMENE INLIGTING

1. Algemene inligting oor die Departement

Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport

STRAATADRES	Protea Assuransie-gebou Groentemarkplein Kaapstad 8001
POSADRES	Privaatsak X9067, Kaapstad 8000
TELEFOONNOMMER	0860 142 142
FAKSNOMMER	021 483 9504
E=POSADRES	dcas.com@westerncape.gov.za
WEBTUISTE	www.westerncape.gov.za/dept/cas

2. Lys van afkortings/akronieme

AES	Gevorderde elektroniese handtekeninge
FJS	Finansiële Jaarstate
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
RB	Rekenpligtige Beampte
NSP	Naskoolse Program
ATKV	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
AU	Afrika-unie
BGSEB	Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging
SEB	Swart Ekonomiese Bemagtiging
BTS	“Beter tesame”- spele
CARES	Kultuur, kunste, ontspanning, onderwys, en sport (gedeelde fasiliteite)
KOP	Klubontwikkelingsprogram
HFB	Hoof- finansiële beampte
VvW	Vergoeding van Werknemers
Covid-19	Koronavirus-2019
CTSA	Kaapstad-sagtebalvereniging
DBO	Departement van Basiese Onderwys (nasionale departement verantwoordelik vir onderwys)
DEA&DP	Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
DEDAT	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
DKK	Departement van Kuns en Kultuur
DISWEC	Sport vir Gestremdes Wes-Kaap
DOCS	Departement van Gemeenskapsveiligheid
DORA	Wet op die Verdeling van Inkomste
DoTP	Departement of the Premier
DPSA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DPME	Departement van Prestasiemonitering en -evaluering in die Presidensie
DKES	Departement van Kultuursake en Sport
DMO	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
OIB	Ondernemingsinhoudsbestuur
EE	Diensbillikheid
WBP	Werknemerbystandsprogram
VMO	Vrygestelde Mikro-onderneming
UOWP	Uitgebreide-openbarewerkeprogram
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBekom	Ondernemingsrisikobestuur- en etiekkomitee
FFSS	Strategie vir Toekomsgerigte Vaardighede
FMIP	Finansiële Bestuurverbeteringsprogram
FTSF	Bystandsfasiliteit vir fiskale oorgang
SM	Staatsmotors

SMV	Staatsmotorvervoer
GPSSBC	Bedingingsraad vir die Algemene Staatsdienssektor
AERP	Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk
RWM&E-stelsel	Regeringswye monitering-en-valueringstelsel
MBT	MIV-berading-en-toetsing
HBI	Historiese Benadeelde Individu
HOD	Departementshoof
HPS	Hoëprestasiesentrum
MH	Menslikehulpbron
EHB	Erfenishulpbronbestuur
HS	Hoërskool
EWK	Erfenis Wes-Kaap
ICAS	Onafhanklike Berading- en Adviesdienste
IKT	Inligting- en kommunikasietegnologie
ICOMOS	Internasionale Raad van Monumente en Terreine
IMAD	Instituut vir die Ontwikkeling van Musiek en Inheemse Kunste
IT	Inligtingstegnologie
KKNK	Klein Karoo Nasionale Kunstefees
LUR	Lid van die (provinsiale) Uitvoerende Raad (provinsiale minister)
MIT	Munisipale infrastruktuurtoewysing
MGO	Program vir massadeelname; geleenthede en toegang; ontwikkeling en groei
MPAT	Moniteringsinstrument wat deur DPME gebruik word om prestasie te evalueer
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
MTSR	Mediumtermyn Strategiese Raamwerk
NAC	Nasionale Kunsteraad
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NRO	Nieregeringsorganisasie
NER	Nasionale Erfenisraad
WNEH	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne
NID	Nasionale Instituut vir Dowes
NIF	Nasionale Inkomstefonds
NSRP	Nasionale sport- en rekreasieplan
MSW	Maatskappy Sonder Winsbejag
OSW	Organisasie Sonder Winsbejag
NRD	Nasionale Rekreasiedag
BGV	Beroepsgesondheid en -veiligheid
PO	Prestasie-ooreenkoms
PAA	Wet op Openbare Oudit
PanSAT	Pan Suid-Afrikaanse Taalraad
PES	Provinsiale Billike Deel
PERSAL	Personeelsalarisstelsel

WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
PFS	Provinsiale Bedrogsdiens
PILIR	Beleid oor ongeskiktheidsverlof en uittrede weens swakgesondheid
PTF	Provinsiale Taalforum
PTK	Provinsiale Taalkomitee
PK	Provinsiale Kennisgewing
POPIA	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013
PBT	Persoonlike Beskermende Toerusting
PPF	Projekvoorbereidingsfasiliteit
PS	Primêre Skool
PSCBC	Algemene Sektorale Bedingingsraad vir die Staatsdiens
KKO	Kwalifiserende Klein Onderneming
WBE	Weerstand en Bevryding Erfenisroete
RWOPS	Vergoeding vir werk buite die Staatsdiens
SA	Suid-Afrika/Suid-Afrikaanse
SAFA	Suid-Afrikaanse Sokkervereniging
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap
SANSK	Suid-Afrikaanse Nasionale Skolekampioenskap
SARGN	Suid-Afrikaanse Raad vir Geografiese Name
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
SARU	Suid-Afrikaanse Rugbyunie
SASKOK	Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee
SASL	Suid-Afrikaanse Gebaretaal
SK	Suid-Kaap
VKB	Voorsieningsketteringbestuur
SCMPP	Siyadlala-gemeenskapmassadeelnameprogram
SCOA	Standaardstaat van Rekeninge
SKOOR	Staande Komitee oor Openbare Rekeninge
SHERQ	Veiligheid-, gesondheid-, omgewing-, risiko- en kwaliteitsbestuur
SITA	Staatsinligtingstechnologie-agentskap
SBIBS	SITA-biblioteekinligtingbestuurstelsel
KMMO	Klein-, medium- en mikro-onderneming
SBD	Senior Bestuursdiens
SBP	Standaardbedryfsprosedure
STAND	Sustaining Theatre and Dance
SOI	Seksueel oordraagbare infeksie
SWD	Suidwestelike Distrikte
TB	Tuberkulose
TWK	Theewaterskloof
UK	Universiteit van Kaapstad
UNAIDS	Verenigde Nasies se gesamentlike program oor MIV en VIGS
UNESCO	Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie

VOC	Verenigde Oos-Indiese Kompanjie
WK	Wes-Kaap
WKKMV	Wes-Kaapse Koormusiek-verenging
WEKSA	Wes-Kaapse Sportakademie
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WKR	Wes-Kaapse Regering
WKTk	Wes-Kaapse Taalkomitee
WKPIK	Wes-Kaapse Provinsiale Inisiasie-koördineringskomitee
WKPSK	Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie
WCSEB	Wes-Kaapse Verskaffersbewysbank
WP	Wes-Kaapse Provinsie

3. Voorwoord

Die Departement van Kultuursake en Sport lê hiermee sy jaarverslag vir die tydperk 2022/23 voor as bewys van voortegesette dienslewering gedurende die jaar. Ons vertrou dat dié verslag meer insae aan die wetgewer en die algemene publiek sal bied oor die uitdagings waarvoor ons te staan gekom het namate dit betrekking het op ons werksaamhede en aangeleenthede verwant aan bedryfsprestasie, bestuursoorsig, menslike hulpbronne en finansiële bestuur.

Gedurende hierdie jaar het ons nuwe en opwindende byeenkomste en toernooie oral in die provinsie aangebied met inbegrip van opbouende geleenthede vir die 2023 Netbalwêreldbeker. Die Departement het ook volhard met sy steun aan sportfederasies en kuns- en kultuurorganisasies sodat hulle hul aktiwiteite oral in die provinsie kon voortsit.

Die Departement het voortgegaan om dienste in al ses distrikte in die provinsie te lewer. Ons het 'n hernieude belegging in die ekonomie gesien ten opsigte van groot sport- en kuns- en kultuurgeleenthede. In ons pogings om hernieude hoop aan alle mense in die Wes-Kaap te lewer, het ons ook daarop gefokus om werk te maak van die kwessies wat ons jeug in die gesig staar, maar veral aan ons jeug wat dalk moedeloos voel in die aangesig van werkloosheid en maatskaplike euwels.

Ons het voortgegaan om nuwe vennootskappe te bou sodat ons innoverend te werk kan gaan om sodoende 'n maksimum impak via ons dienste te maak. Ons Departement het gesien hoe vennootskappe doeltreffend ingespan kan word in die implementering van ons dienste, terwyl daar tegelykertyd verseker word dat openbare fondse doeltreffend en verantwoordelik bestee word.

Ons het voortgegaan om op welstand, werk en veiligheid te fokus en het hierdie prioriteitsareas in gedagte gehou tydens die beplanning en implementering van ons projekte. Ons streef daarna om 'n omgewing te skep wat kwesbare groepe beskerm, vroue en kinders veilig hou, gesonde leefstyle bevorder, en kreatiwiteit en maatskaplike insluiting bevorder.

Ek wil graag my dank uitspreek aan Premier Alan Winde vir sy visioenêre leierskap gedurende hierdie tyd. Dankie ook aan die Departementshoof, sy bestuurspan en alle departementele amptenare vir alles wat hulle gedurende hierdie tyd vermag het. Ons moet nooit ophou om ons vennootskappe en verhoudinge met belanghebbers te versterk en te koester nie, want daarsonder sal ons nie 'n ware impak kan hê waar dit regtig saak maak nie.

AMarcu Sy

Anroux Marais

Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport

4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte

Oorsig van die Departement se werksaamhede

Dit is met groot genoeë dat ons die jaarverslag vir 2022/23 van die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) onder die vaandel van die Wes-Kaapse Regering aanbied. Die jaarverslag van die DKES word aangebied ingevolge artikel 40(1)(d) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, (WOFB) 1 van 1999.

Hierdie verslag dien as 'n omvattende weerspieëling van ons pogings, prestasies en vordering ter bevordering van die Wes-Kaapse Regering se strategiese prioriteite regdeur die jaar.

By DKES glo ons vas in die transformerende mag van kultuur, kuns en sport om 'n lewendige, inklusiewe en samehorige samelewing te bou. In ooreenstemming met die Wes-Kaapse Regering se strategiese prioriteite, word ons werk gelei deur 'n gedeelde visie om geleenthede te skep, maatskaplike samehorigheid te kweek en algehele welstand te bevorder.

Vanjaar se verslag beklemtoon ons verbintenis tot die strategiese prioriteite ter ondersteuning van ons pogings en beklemtoon die rol van kultuur en sport as katalisators vir positiewe verandering.

1. Bevordering van maatskaplike samehorigheid en inklusiewe gemeenskappe: Ons erken die belangrikheid van die bevordering van maatskaplike samehorigheid onder diverse gemeenskappe. Ons inisiatiewe het gefokus op die bevordering van interkulturele dialoog, die viering van erfenis en die fasilitering van inklusiewe deelname aan kulturele en sportaktiwiteite. Ons het gepoog om die sosiale struktuur van die Wes-Kaap te versterk via feeste, uitstallings en gemeenskapsbetrokkenheid.
2. Jeugontwikkeling en -bemagtiging: Die bemagtiging van ons jeug is belangrik vir die toekomstige welvaart van ons provinsie en DKES het as katalisator opgetree om alle jeugverwante programme saam te bring. Ons het gefokus op platforms vir jongmense om hul talente, vaardighede en leierskapsvermoëns deur kulturele en sportaktiwiteite te ontwikkel. Deur in geleenthede ten opsigte van jeugontwikkelingsprogramme, mentorskapinisiatiewe en opvoedkundige geleenthede te belê, het ons hulle gekoester om sodoende hul volle potensiaal te bereik.
3. Toeganklike en inklusiewe kuns, kultuur, sport en ontspanning: Ons glo dat toegang tot kuns, kultuur en sport 'n fundamentele reg vir almal is. Ons pogings is daarop gefokus om hindernisse af te breek en gelyke geleenthede vir deelname te verseker. Deur middel van infrastruktuurontwikkeling, vaardigheidsopleiding en samewerkende vennootskappe het ons werk gemaak om inklusiewe ruimtes te skep waarin individue van alle agtergronde aan kulturele en sportaktiwiteite kan deelneem.
4. Bewaring en bevordering van kulturele erfenis: Ons ryk kulturele erfenis dien as 'n bron van trots en identiteit vir die mense van die Wes-Kaap. Ons het gepoog om ons diverse kulturele erfenis te bewaar, te dokumenteer en te bevorder deur middel van navorsing, bewaring en opvoedkundige inisiatiewe. Deur ons erfenis te omhels en te vier, lewer ons 'n bydrae tot die bewaring van ons kollektiewe geheue en kulturele nalatenskap.
5. Sportontwikkeling en -uitnemendheid: Sport vervul 'n belangrike rol in die bevordering van fisiese welstand, persoonlike ontwikkeling en mededingende uitnemendheid. Ons het op die kweek van sporttalent, die verbetering van infrastruktuur en die ondersteuning van sportfederasies en klubs gefokus. Deur middel van

ontwikkelingsprogramme op voetsoolvlak, hoëprestasie-opleiding en die aanbied van sportbyeenkomste, het ons daarna gestreef om die sportlandskap van die Wes-Kaap te verhef.

- Die Departement se verantwoordelikhede sluit ook oorsig oor drie openbare entiteite in, naamlik die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, die Wes-Kaapse Taalkomitee en Erfenis Wes-Kaap.

Die Departement het ook sy ongekwalifiseerde (met geen ander aangeleenthede) audituitskoms vir die elfde agtereenvolgende jaar gehandhaaf.

Hierdie jaarverslag dien as bewys van die Departement van Kultuursake en Sport en sy vennote se toewyding, samewerking en veerkragtigheid. Dit beklemtoon ons prestasies, uitdagings wat die hoof gebied is, en lesse wat geleer is, onderwyl ons steeds die Wes-Kaapse Regering se strategiese prioriteite bevorder. Danksy 'n gekombineerde poging saam met sy diensleweringsvennote het die Departement 80 uit 86 prestasie-aanwysers en 28 uit 29 aanwysers vir voorwaardelike toewysings behaal, wat 'n algehele prestasie van 108 uit 115 aanwysers verteenwoordig.

Ons betuig ons opregte waardering teenoor ons personeel, belanghebbendes, kunstenaars, atlete en gemeenskapslede vir hul onwrikbare ondersteuning en aktiewe betrokkenheid. Saam sal ons voortgaan om die krag van kultuur en sport aan te wend om 'n Wes-Kaap te bou wat diversiteit omhels, eenheid bevorder en op die kollektiewe prestasies van sy mense floreer.

Uitdagings ervaar gedurende die jaar

Die stand van die ekonomiese en fiskale omgewing in die land het die rasionalisering van bedrywighede genoodsaak. Hierdie uitdaging ten spyte, kon die Departement steeds, waar moontlik, dienste in aangepaste (aanlyn) formate lewer of deur die programme tot later in die jaar uit te stel.

Oorsig van die Departement se finansiële resultate

Departementele ontvangstes

Naam van program	2022/23			2021/22		
	Skatting (R'000)	Werklike bedrag ingevorder (R'000)	Oor-/ (Onder-) invordering (R'000)	Skatting (R'000)	(Werklike bedrag ingevorder R'000)	Oor-/ (Onder-) invordering (R'000)
Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates ¹	1 180	1 347	(167)	909	671	238
Boetes, strafgelde en verbeurings	55	39	16	26	151	(125)
Rente, dividende en huurgeld op grond		3	(3)		8	(8)
Verkoop van kapitaalbates ²		149	(149)			
Finansiële transaksies in bates en laste ³		3 159	(3 159)	1 000	2 435	(1 435)
Totaal	1 235	4 697	(3 462)	1 935	3 266	(1 330)

- Die afwyking hou verband met meer inkomste wat op toegangsgelde by die museums ingesamel is as gevolg van die opheffing van Covid-19-bepelings wat derhalwe meer besoekers aan die museums toegelaat het.
- Kapitaalbates is gedurende die oorsigtydperk vervreem en verkoop.

3. Hessequa Munisipaliteit, Stad Kaapstad en Theewaterskloof Munisipaliteit het die voorafgaande boekjare se onbestede fondse ten opsigte van Biblioteekdienste aan die Departement teruggestuur. Daarbenewens is fondse van Langeberg Munisipaliteit aan die Departement teruggestuur weens die vertraging in die voltooiing van die projek wat verband hou met die opgradering van netbalbane; en Bergriver Munisipaliteit wat die fondse onvoldoende geag het vir opknappings aan die Rhino Park Sportkompleks.

Programbesteding

Naam van program	2022/23			2021/22		
	Finale begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor-)/Onderbesteding (R'000)	Finale begroting (R'000)	(Werklike besteding R'000)	Oor-)/Onderbesteding (R'000)
Administrasie	68 960	68 951	9	65 346	65 062	284
Kultuursake	136 132	129 511	6 621	123 763	120 445	3 318
Biblioteek- en Argiefdienste	440 018	431 738	8 280	447 733	441 935	5 798
Sport en Ontspanning	293 357	286 587	6 770	263 267	261 735	1 532
Totaal	938 467	916 787	21 680	900 109	889 178	10 932

Die onderbesteding in Vergoeding van Werknemers (VvW) en Goedere en Dienste (G&S) kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die vertraging in die vul van poste en uitgawes wat nie teen 31 Maart 2023 gelewer kan word nie, sowel as onbestede fondse wat verband hou met MyContent (Ondernemingsinhoudbestuurstel - OIB) weens die oponthoud deur die Staatsinligtingstegnologie-agentskap (SITA) om gevorderde elektroniese handtekeninge (AES) te bekom. Die oponthoud in VvW hou hoofsaaklik verband met posevaluering van poste ower as vyf jaar; uitdagings om geskikte kandidate te identifiseer wat tot die heradvertering van poste gelei het; en kapasiteitsuitdagings binne die Departement. 'n Versoek om die onbestede fondse na die nuwe boekjaar oor te dra, en vir die hertoewysing van onbestede fondse vir die AES-projek is aan die Provinsiale Tesourie voorgelê.

Viremente/fondse oorgedra

Viremente:

Naam van program	Standaarditem	Bedrag R'000	Na program	Standaarditem	Bedrag R'000
Program 1	Lopende betalings (G&D)	-958	Program 2	Oordragte en subsidies OSW	958
Program 3	Lopende betalings (G&D)	-553	Program 2	Oordragte en subsidies OSW	1 117
	Oordragte en subsidies OSW	-180			
	Betalings vir kapitaalbate	-384			
Program 4	Oordragte en subsidies OSW	-971	Program 2	Oordragte en subsidies OSW	971
		-3 046			3 046

Die viremente vir Program 2 behels die verligting vir beurtkrag en Covid-19 aan provinsiegesteunde en plaaslike museums. Hierdie museums is erg deur beurtkrag geraak en

het nie oor die middele beskik om alternatiewe kragbronne aan te koop om ononderbroke hul bedrywighede voort te sit nie. Aangesien die toerismesektor die swaarste deur Covid-19 getref is, sal dit die museums langer neem om van die impak van Covid-19 te herstel. Die bykomende befondsing is verskaf ter aanvulling van die verlies aan inkomste oor die afgelope twee jaar om te verseker dat bedrywighede voortgesit word, en om toegang aan museumbesoekers te verleen.

Fondse oorgedra:

Die Departement het 'n versoek vir goedkeuring by die Provinsiale Tesourie ingedien vir die oordrag van die toegewese fondse na die 2023/24-boekjaar. Die versoek hou verband met Kuns en Kultuur, Museums, die Jeug- en Naskoolprogram en Skoolsport. Hoewel die verkryging vir hierdie aktiwiteite voor jaareinde afgehandel is, is die verwante projek/geleentheid nie teen 31 Maart 2023 afgehandel nie.

Daarbenewens is die bod met betrekking tot die verkryging van gevorderde elektroniese handtekeninge (AES) deur die Saatsinligtingstegnologie-agentskap (SITA) verdraag. 'n Versoek vir die hertoewysing van die onbestede fondse is by die Provinsiale Tesourie ingedien.

Ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende uitgawes

Die Departement het nie enige ongemagtigde besteding, vrugtelose of verkwistende uitgawes gedurende die oorsigtydperk aangegaan nie.

Departement se toekomstige planne

Die Covid-19-pandemie het die belangrikheid van welstand en gemeenskapsamehorigheid uitgewys, veral ten opsigte van die bydrae wat dit lewer om gemeenskappe en individue se veiligheid op te skerp. Dit het ook uitgewys waarom dit belangrik is om werk te maak van die kernoorstake van geweld en ander maatskaplike euwels. Die DKES gaan deelnemende aktiwiteite vir kulturele uitdrukking en ontspanning bevorder wat mense in staat sal stel om meer in beheer van hul lewensreis te voel en tegelyk ook sterker bande met ander in hul gemeenskappe sal smee. Ons gaan daarop fokus om geleenthede te skep en te koördineer wat aan die jeug in die Wes-Kaap alternatiewe paaie sal bied.

Openbare-private-vennootskappe

Geen.

Aktiwiteite wat gestaak is/aktiwiteite wat gestaak kan word

Geen aktiwiteite is gedurende die oorsigjaar gestaak nie.

Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

Geen nuwe aktiwiteite is gedurende die oorsigjaar ontplooi nie, maar sommige aktiwiteite (bv. noodhulpleniging aan geaffilieerde museums) is tydelik weens die pandemie ontplooi en sal na verwagting gestaak word wanneer die pandemie iets van die verlede is.

Voorsieningskettingbestuur

Geen ongevraagde tenderaanbiedings is gedurende die oorsigjaar aangegaan nie.

VKB-prosesse en -stelsels is in plek om onreëlmatige uitgawes te verhoed.

Geen groot uitdagings met betrekking tot VKB is gedurende die oorsigjaar ervaar nie.

Geskenke en donasies in natura wat van onverwante partye ontvang is

Sien Bylae 1E tot die finansiële jaarstate.

Vrystellings en afwykings deur Nasionale Tesourie vergun

Geen vrystellings of afwykings is gedurende die oorsigjaar van Nasionale Tesourie ontvang nie.

Gebeure ná verslagdatum

Die Wes-Kaapse Departement van Onderwys het ses (6) voertuie na die Departement van Kultuursake en Sport oorgeplaas vanaf 21 April 2023 toe die artikel 42-sertifikaat deur die gedelegeerde owerheid onderteken is. Die voertuie sal gebruik word om die Massageleentheid- en Ontwikkelingsentrums (MGO) wat in skole gesetel is, te diens. Die Departement se vloot sal gedurende die 2023/24-boekjaar van 128 tot 134 voertuie toeneem, en soos met alle voertuie, sal dit deur Staatsmotorvervoer (SMV) as die gesentraliseerde vlootbestuursentiteit bestuur word. Hierdie gebeurtenis word ook in Deel F geopenbaar onder "nie-aansuiwerende gebeure na die verslagdoeningsdatum".


Slotsom

Die werk wat die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika verrig het om hierdie Departement se finansiële jaarstate en prestasie-inligting te audit, word met dank erken. My dank ook aan die auditkomitee wat hierdie jaarverslag krities beoordeel het.

Eweneens verdien ons belanghebbers in die burgerlike samelewing en diegene verbonde aan interregeringstrukture en ander regeringsfere erkenning vir hul bydraes en volgehoue ondersteuning, veral aangesien hulle almal in hierdie oorsigjaar nuwe uitdagings ná die Covid-19-pandemie beleef het

Vergun my ook die geleentheid om my opregte dank uit te spreek teenoor die Departement van Kultuursake en Sport se span vir hul ondersteuning dwarsdeur die jaar op die pad na herstel en verbeterde dienslewering vir die mense van die Wes-Kaap. Die vordering wat ons gemaak het, is te danke aan julle harde werk en toewyding.

Ter afsluiting, wil ek graag erkenning gee aan die rol en ondersteuning van die Minister van die Departement van Kultuursake en Sport, me. Anroux Marais vir haar onwrikbare ondersteuning van die werk wat hierdie Departement verrig.



Guy Redman
Rekenpligtige Beampte
Departement van Kultuursake en Sport
31 Augustus 2023

5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van die akkuraatheid van die jaarverslag

Na die beste van my wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

1. Alle inligting en bedrae wat in hierdie jaarverslag openbaar gemaak word, is konsekwent.
2. Die jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings.
3. Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne vir só 'n verslag soos deur die Nasionale Tesourie uitgereik.
4. Die finansiële jaarstate (Deel F) is ooreenkomstig die gewysigde kontantstandaarde en die tersaaklike raamwerke en riglyne, soos deur die Nasionale Tesourie uitgereik, voorberei.
5. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die opstel van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat in hierdie inligting uitgespreek word.
6. Die Rekenpligtige Beampte is daarvoor verantwoordelik om 'n stelsel van interne beheer daar te stel en te implementeer, welke stelsel ontwerp moet wees om redelike sekerheid ten opsigte van die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbroninligting en die finansiële jaarstate te verleen.
7. Eksterne ouditeure is by die uitspraak van 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate betrek.

Na my mening, bied hierdie jaarverslag 'n redelike weerspieëling van die werksaamhede, prestasie-inligting, menslikehulpbroninligting en die finansiële sake van die Departement van Kultuursake en Sport vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2023.

Die uwe



Rekenpligtige Beampte

Guy Redman

31 Augustus 2023

6. Strategiese oorsig

6.1. Visie

'n Maatskaplike inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap.

6.2. Missie

Ons moedig uitnemendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur aan deur die effektiewe, doelmatige en volhoubare gebruik van ons hulpbronne, en deur middel van kreatiewe vennootskappe. Op pad na uitnemendheid en die ontwikkeling van die Wes-Kaap tot die sport- en kultuursentrum van Suid-Afrika, sal ons die omstandighede vir toeganklikheid en massadeelname, talentidentifisering en vaardigheidsontwikkeling skep.

6.3. Waardes

Sorgsaamheid, bevoegdheid, verantwoordbaarheid, integriteit, innovering en responsiwiteit.

7. Wetgewende en ander mandate

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) beskou die wetgewende mandaat waarop sy oorhoofse funksionering gebaseer is as bindend, veral ten opsigte van doeltreffende, billike en toeganklike dienslewering gegrond op die nasionale regering se Witskrif oor die Transformasie van Dienslewering in die Staatsdiens, die Batho Pele-inisiatief. Die DKES funksioneer binne die wetgewende en beleidsmandate wat in die volgende tabelle uiteengesit word:

7.1. Grondwetlike mandate

Artikel	Beskrywing
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 6(3), (4) en (5): Taal	Die Wes-Kaapse Regering (WKR) moet deur wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale reël en monitor. Alle amptelike tale moet gelykheid van aansien geniet en billik behandel word. Die Wes-Kaapse Taalkomitee (WTK) en DKES werk saam met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad om die drie amptelike tale in die provinsie te bevorder en skep toestande vir die ontwikkeling en gebruik van die Khoisan-tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Die WTK, en DKES is verantwoordelik vir die monitering en evaluering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid, wat in 2001 aangeneem is, en moet ten minste een keer per jaar aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor hierdie mandaat verslag doen. Die WTK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die komitee verleen.

Artikel	Beskrywing
Artikel 30: Taal en kultuur	Die DKES fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hulle taal- en kultuurregte uit te oefen deur die program en projekte wat dit aanbied en ondersteun.
Artikel 31: Kultuur, godsdiens- en taalgemeenskappe	Die DKES moet verseker dat sy program en projekte die kultuur- en taaldiversiteit van die Wes-Kaapse bevolking respekteer.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregeringsbetrekkings	Die DKES werk saam met alle regeringsfere. Ooreenkomstig sy spesifieke mandate werk die DKES nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur (DKK) en Sport en Rekreasie Suid-Afrika (SRSA), die nasionale departement verantwoordelik vir sport en ontspanning), nasionale en provinsiale openbare entiteite, en munisipaliteite in die Wes- Kaap.
Artikel 156(4): Toekenning van magte	<p>Die DKES moet by wyse van 'n ooreenkoms en behoudens enige voorwaardes aan 'n munisipaliteit die administrasie opdra van 'n aangeleentheid wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 vermeld word en wat noodsaaklikwys op plaaslike regering betrekking het, indien—</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. daardie aangeleentheid die doeltreffendste plaaslik geadministreer sou kon word; en 2. die munisipaliteit die vermoë het om dit te administreer. <p>Die DKES fasiliteer die lewering van openbare biblioteekdienste, wat plaaslike regering as 'n onbefondsde mandaat beskou. Hierdie dienste word in samewerking met die Nasionale Tesourie en die nasionale Departement van Kuns en Kultuur gelewer deur middel van die Voorwaardelike Toewysing vir Gemeenskapsbiblioteke, en met verdere ondersteuning van die Provinsiale Tesourie se Munisipale Vervangingsbefondsing.</p>
Bylae 4: Funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	<p>Kultuuraangeleenthede:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES werk nou saam met die DKK en verwante staatsorgane sover dit konkurrente kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede aangaan. <p>Taalbeleid en die regulering van amptelike tale in die mate dat die bepalinge van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Provinsiale Wetgewer verleen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES werk nou saam met die DKK en verwante staatsorgane rakende taalbeleidaangeleenthede.
Bylae 5: Funksionele gebiede van eksklusiewe nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	<p>Argiewe buiten nasionale argiewe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende argiewe, buiten nasionale argiewe, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die Wes-Kaapse Argief-en Rekorddiens. <p>Biblioteke buiten nasionale biblioteke:</p> <ol style="list-style-type: none"> a) Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende biblioteke, buiten nasionale biblioteke, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en om nou saam te werk met plaaslike owerhede om 'n openbare biblioteek- en inligtingsdiens te lewer. <p>Museums buiten nasionale museums:</p> <ol style="list-style-type: none"> b) Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende museums, buiten nasionale museums, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die Provinsiale museumdiens, om nou saam te werk met geaffilieerde museums en om hierdie museums te ondersteun.

Artikel	Beskrywing
	<p>Provinsiale kultuuraangeleenthede (insluitend erfenishulpbronbestuur en geografiese name):</p> <p>c) Die DKES voorsien Erfenis Wes-Kaap (EWK) – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (WNEH) aangestel is – van personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe ondersteuning om sy regsmandaat uit te voer en te administreer. Die LUR (Lid van die [Provinsiale] Uitvoerende Raad) stel die Raad van EWK aan en is die aangestelde erfenisappélowerheid vir die Wes-Kaap.</p> <p>d) Die DKES verskaf professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee (WKPGNK) om openbare deelname in verband met die standaardisering van en veranderinge aan geografiese name te fasiliteer. Wanneer konsultasie afgehandel is, maak die provinsiale komitee aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.</p> <p>Sport, ontspanning, en geriewe:</p> <p>e) Die DKES het 'n mandaat om te help met die skep van 'n bemagtigende omgewing vir provinsiale sport- en ontspanningsaktiwiteite</p>
<p>Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers</p>	<p>DKES-amptenare moet die bepalings van artikel 195 nakom, wat 'n beskrywing gee van die demokratiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers. Artikel 195(1)(b) vereis die bevordering van die doelmatige, ekonomiese en doeltreffende aanwending van hulpbronne. Dit impliseer dat programme wat in die openbare sektor onderneem word, die maksimum voordele teen die laags moontlike koste moet lewer.</p>
<p>Artikels 92 en 133</p>	<p>Artikel 92 bepaal dat lede van die Kabinet gesamentlik en afsonderlik teenoor die Parlement aanspreeklik is vir die uitoefening van hul bevoegdheid en die verrigting van hul funksies, en dat hulle die Parlement van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hul beheer moet voorsien.</p> <p>Artikel 133 bepaal dat LUR'e van 'n provinsie gesamentlik en afsonderlik teenoor die provinsiale wetgewer aanspreeklik is vir die uitoefening van hul bevoegdheid en die verrigting van hul funksies, en dat hulle die wetgewer van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hul beheer moet voorsien.</p>
<p>Grondwet van die Wes-Kaap, 1997</p>	
<p>Artikel 5</p>	<p>Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Regering moet:</p> <p>a) die amptelike tale Afrikaans, Engels en Xhosa gebruik word; en</p> <p>b) Hierdie tale gelyke status geniet.</p> <p>Die WKR moet sy gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur wetgewende en ander maatreëls reël en monitor. Die WKR moet praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status en gebruik van dié inheemse tale van die mense van Wes-Kaap, waarvan die status en gebruik histories ingekort is, te verhoog en te bevorder.</p>
<p>Artikel 70</p>	<p>Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die instelling en redelike finansiering, binne die beskikbare middele van die Wes-Kaapse Regering, vir 'n kultuurraad of rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die provinsie wat 'n gemeenskaplike kultuur-en taalerfenis deel</p> <p>Registrasie van en steun vir kultuurrade:</p> <p>a) Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) is belas met die registrasie van en steun vir geregistreerde kultuurrade. Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie verleen</p>
<p>Artikel 81</p>	<p>Die Wes-Kaapse Regering moet beleide om die welsyn van die mense vandie provinsie daadwerklik te bevorder en te handhaaf, aanneem en uitvoer, insluitend beleide wat daarop gemik is om die volgende te bereik:</p>

Artikel	Beskrywing
	<p>b) die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en</p> <p>c) die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte.</p> <p>Die DKES implementeer spesifieke beleide om hierdie bepalinge te ondersteun</p>
Artikel 82	Die rigtinggewende provinsiale beleidsbeginsels in Hoofstuk 10 (artikel 81)rig die Wes-Kaapse Regering by die opstel en toepassing van wette.

7.2. Wetgewende mandate

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB): <ol style="list-style-type: none"> reguleer finansiële bestuur in nasionale en provinsiale regerings, gelyste openbare entiteite, grondwetlike instellings en provinsiale wetgewers; verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van hierdie instansies doeltreffend en doelmatig bestuur word; en definieer die verantwoordelikhede van persone aan wie die finansiële bestuur van hierdie liggame toevertrou is.
Staatsdienswet, 1994 (soos gewysig deur onder andere die Staatsdienswysigingswet, 2007	Proklamasie 103, Staatskoerant 15791, 3 Junie 1994 en Wet 30 van 2007	Hierdie wet maak voorsiening vir die organisasie en administrasie van die DKES, die regulering van die diensvoorwaardes, ampstermyne, dissipline, affrede en ontslag van lede van die staatsdiens, en verwante aangeleenthede.
Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)	Daar is elke jaar 'n nuwe wet.	Die Wet op die Verdeling van Inkomste (DORA): <ol style="list-style-type: none"> maak elke jaar voorsiening vir die billike verdeling van inkomste, wat nasionaal ingevorder is, tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere; bepaal elke jaar elke provinsie se billike deel van die provinsiale gedeelte van daardie inkomste; en maak elke jaar toewysings aan provinsies, plaaslike regerings of munisipaliteite uit die nasionale regering se deel van daardie inkomste, onderhewig aan voorwaardes. <p>Die DKES ontvang voorwaardelike toewysings van die nasionale regering en is verantwoordelik vir die bestuur van hierdie fondse.</p>
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie wet gee uitvoering aan die reg om toegang te verkry tot rekords wat deur die regering, staatsinstellings en privaat instansies gehou word. Die DKES en elke ander openbare en privaat liggaam moet ondermeer: <ul style="list-style-type: none"> 'n Handleiding saamstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek om

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
		toegang tot inligting, wat deur die betrokke liggaam gehou word, in te dien; en <ul style="list-style-type: none"> 'n Inligtingsbeampte aanstel om versoeke om toegang tot inligting, wat deur die betrokke liggaam gehou word, te oorweeg.
Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie wet: <ul style="list-style-type: none"> gee 'n uiteensetting van die reëls en riglyne wat administrateurs moet volg wanneer hulle besluite neem; vereis dat administrateurs mense in kennis stel van hul reg op hersiening of appèl en hul reg om redes te versoek; vereis dat administrateurs redes vir hulle besluite verskaf; en gee lede van die publiek die reg om besluite van administrateurs in die hof te betwis.
Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting	Wet 4 van 2013	Hierdie wet bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private instellings verwerk word en het ten doel om sekere voorwaardes in te voer ten einde minimumvereistes vir die verwerking van persoonlike inligting neer te lê. Hierbenewens lê die wet bepalings neer vir die daarstelling van 'n Inligtingsreguleerder wat, ingevolge hierdie wet en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, sekere magte kan uitoefen en sekere pligte en funksies moet verrig. <p>Voorts lê die wet bepalings neer vir die publisering van gedragskodes; mense se regte ten opsigte van ongevraagde elektroniese mededelings en geoutomatiseerde besluitneming; regulering van die vloeï van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek heen; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
Wet op Kultuurinstellings, 1998	Wet 119 van 1998	Die DKES moet met nasionaal verklaarde kultuurinstellings skakel en saamwerk ten opsigte van kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede.
Wet op Kultuurbevordering, 1983	Wet 35 van 1983	Hierdie wetgewing is spesifiek vir die Wes-Kaap en die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie wet.
Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad), 1989	Wet 65 van 1989	Hierdie wetgewing is spesifiek vir die Wes-Kaap en die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie wet.
Wet op die Nasionale Argiewe en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996	Wet 43 van 1996	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Adviesraad van die Nasionale Argiewe te dien. Die Departement is ook verantwoordelik vir nakoming van die nasionale norme en standaarde wat ingevolge hierdie wet gestel is.
Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997	Wet 56 van 1997	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Nasionale Kunsteraad (NKR) te dien, vir samewerking en skakeling met die NKR, en vir die administrasie van NKR-befondsing vir die ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.
Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999	Wet 11 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
		die Nasionale Erfenisraad (NER) te dien, vir samewerking met die NER, en vir die koördinerings van aktiwiteite wat verband hou met die befondsing en projekte van die NER in die Wes-Kaap.
Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	Die DKES verseker nakoming van die WNEH deur toesig te hou oor die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger, verkieslik 'n lid van die Raad van Erfenis Wes-Kaap, om in die Raad van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) te dien. Die DKES verseker ook nakoming van die vereiste dat die LUR ingevolge die WNEH 'n Raad vir EWK aanstel, as die provinsiale erfenishulpbronowerheid. Die Departement is verantwoordelik vir skakeling en samewerking met SAEHA, EWK en munisipaliteite ten opsigte van die bestuur van erfenishulpbronne. Die DKES staan die LUR ook by wanneer appèlle teen besluite van die EWK by hom of haar ingedien word.
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995	Hierdie wet vereis onder andere dat die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) 'n provinsiale taalkomitee (PTK) in elke provinsie tot stand bring. PanSAT Wes-Kaap is in Augustus 2019 gevestig.
Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998	Wet 118 van 1998	Die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings in hierdie wet om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger te benoem om in die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name te dien; om navorsing te doen oor geografiese name in die Wes-Kaap; om standaardisering te verseker; en om, waar nodig, openbare deelname ten opsigte van voorgestelde veranderinge aan hierdie name te fasiliteer. Die Departement verskaf professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee. Wanneer konsultasie afgehandel is, maak die WKPGNK aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.
Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die aanstelling van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisadvieskomitee te dien. Die Departement is ook verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van die wet en die Wêrelderfeniskonvensie ten opsigte van die benoeming van potensiële terreine vir die Suid-Afrikaanse voorlopige lys van terreine, en vir die benoeming van terreine op die Suid-Afrikaanse voorlopige lys vir oorweging deur UNESCO se Wêrelderfeniskomitee.
Wet op Nasionale Sport en Ontspanning, 1998	Wet 110 van 1998	Die wet maak voorsiening vir die bevordering en ontwikkeling van sport en ontspanning en die koördinerings van betrekkinge tussen SASKOK (die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee), SOSA, sportfederasies, sportrade en ander agentskappe. Die wet maak verder voorsiening vir maatreëls wat daarop gerig is om wanbalanse in sport en ontspanning reg te stel; om gelykheid en demokrasie in sport en ontspanning te bevorder; en

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Veiligheid by Sport en Ontspanningsgeleenthede, 2010 (SASREA)	Wet 2 van 2010	<p>om meganismes vir geskilbeslegting in sport en ontspanning daar te stel..</p> <p>Om voorsiening te maak vir maatreëls om die fisiese welstand en veiligheid van persone en eiendom by sport-, ontspannings-, godsdiens-, kulturele, uitstallings-, organisatoriese of soortgelyke geleenthede wat in stadions, lokale of langs 'n roete aangebied word te beskerm; vir die aanspreeklikheid van rolspelers by geleenthede; vir sekere verbodsbepalings; vir die risikokategorisering van geleenthede; vir die instelling van maatreëls om veiligheid en sekuriteit by geleenthede te hanteer; vir die akkreditasie van rolspers by geleenthede; vir kaartjie-uitreiking by geleenthede; vir toegangsbeheer van toeskouers en voertuie by geleenthede; vir die uitreiking van veiligheidsertifikate vir beplande of bestaande stadions of lokale; vir die inhoud van veiligheidsertifikate en wysigings aan veiligheidsertifikate; vir die aanstelling van inspekteurs en hul toegangs- en inspesiebevoegdheid; vir die ontplooiing van sekuriteitsdienste; vir toeskouer uitsluitings kennisgewings; vir verbodsbepalings kennisgewings; vir die inwerkingstelling van 'n appèlraad en vir appèlle; vir publieke aanspreeklikheidsversekering vir geleenthede; vir betaling van fooie; vir oortredings en strafgelde; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
Wet op Tradisionele Khoi-San-Leierskap, 2019	Wet 23 van 2019	<p>Die wet maak voorsiening vir:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. die erkenning van tradisionele en Khoi-Sangemeenskappe, vir leierskapsposisies en vir die intrekking van sodanige erkenning; 2. die funksies en rolle van tradisionele en Khoi-Sanleiers; 3. die erkenning, instelling, funksies, rolle en administrasie van koningskaps- en koninginskapsrade, hoof- tradisionele rade, tradisionele rade, Khoi-San rade en tradisionele subrade, asook vir ondersteuning vir sodanige rade. 4. die instelling, samestelling en funksionering van die Nasionale Huis van Tradisionele en Khoi-San-leiers. 5. die instelling van Provinsiale huise van tradisionele en Khoi-San-leiers. 6. die instelling en samestelling van plaaslike huise van tradisionele en Khoi-San-leiers; 7. die instelling, samestelling en funksionering van die Nasionale Huis van Tradisionele en Khoi-San-leiers; 8. gedragkode vir lede van die Nasionale Huis, provinsiale huise, plaaslike huise en alle tradisionele en Khoi-San-rade; en 9. regeringsbevoegdheede van die Minister en Premiers.

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Gebruiklike Inisiasie, 2021	Wet 2 van 2021	<p>Die Wet op Gebruiklike Inisiasie (Wet 2 van 2021) het ten doel om:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. bepalings neer te lê vir die doeltreffende regulering van praktyke verwant aan gebruiklike inisiasie; 2. bepalings neer te lê vir 'n nasionale inisiasieoorsigkomitee en provinsiale inisiasie koördineerde komitees en hul funksies; 3. bepalings neer te lê vir die verantwoordelikhede, rolle en funksies van die onderskeie rolspelers wat by inisiasiepraktyke as sodanig of by aspekte verwant aan bestuur daaroor betrokke is; 4. bepalings neer te lê vir die doeltreffende regulering van inisiasieskole; 5. bepalings neer te lê vir die regulerende magte van ministers en premiers; 6. bepalings neer te lê vir die monitering van hierdie wet se implementering; 7. bepalings neer te lê vir gebruike eie aan provinsies; en 8. om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat hiermee verband hou.

Provinsiale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998	Wet 13 van 1998 (Wes-Kaap)	<p>Die Wes-Kaapse Taalkomitee wat deur hierdie wet ingestel is, moet onder andere:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur die Wes-Kaapse Regering monitor t; • aanbevelings maak aan die LUR en die Provinsiale Parlement maak oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyke en beleide wat direk of indirek met taal in die Wes-Kaap te doen het; • die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder; • die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder; • die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalaangeleenthede in die provinsie adviseer; • PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap adviseer. <p>Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie verleen.</p>
Wes-Kaapse Kultuurkommissie- en Kultuurradewet, 1998	Wet 14 van 1998 (Wes-Kaap)	<p>Hierdie wet maak voorsiening vir die Wes- Kaapse Kultuurkommissie om onder andere oorweging te skenk aan die registrasie en deregistrasie van kultuurrade wat gemeenskappe verteenwoordig wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel. Die WKKK mag ook aanbevelings maak oor die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die visuele, uitvoerende en literêre kunste; • die natuur-en geesteswetenskappe;

Provinsiale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
		<ul style="list-style-type: none"> • kultuurgeskiedenis; • die kultuurbewustheid en kultuurbetrokkenheid van die jeug. <p>Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie verleen.</p>
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies, 2002	PK 336 van 25 Oktober 2002	Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die WNEH ingestel is – staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan EWK verleen. Die LUR is verantwoordelik vir die totstandkoming van die owerheid en vir die aanstelling van 'n Raad vir elke opeenvolgende diensteryn.
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies, 2003	PK 298 van 29 Augustus 2003	Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die WNEH ingestel is – staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan EWK verleen. Die LUR is verantwoordelik vir die totstandkoming van die owerheid en vir die aanstelling van 'n Raad vir elke opeenvolgende diensteryn.
Wet op die Provinsiale Argief-en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005	Wet 3 van 2005 (Wes-Kaap)	Hierdie wet maak voorsiening vir die Provinsiale Argief-en Rekorddiens van die Wes-Kaap om openbare en nie openbare rekords van blywende waarde vir gebruik deur die publiek en deur die staat te bewaar; om sodanige rekords toeganklik te maak; en om die gebruik daarvan deur die publiek te bevorder.
Museumordonnansie, 1975	Ordonnansie 8 van 1975 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie waar dit van toepassing is op provinsiale museums in die Wes- Kaap. Nuwe provinsiale wetgewing in verband met museums word in oorleg met die betrokke belanghebbendes geformuleer.
Ordonnansie op die Oude Kerk Volksmuseum Van 't Land van Waveren (Tulbagh), 1979	Ordonnansie 11 van 1979 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die toepassing en nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie om die sake van die Oude Kerk Volksmuseum op Tulbagh te reël.
Wes-Kaapse Museum-Ordonnansie Wysigingswet	Ordonnansie 2 van 2021	Die DKES is verantwoordelik vir die toepassing van die bepalings van hierdie ordonnansie ten opsigte van wat die geaffilieerde provinsiale, provinsiegesteunde en plaaslike museums in die Wes-Kaap betref.
Ordonnansie op die Provinsiale Biblioteekdiens, 1981	Ordonnansie 16 van 1981 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie ten opsigte van provinsiale biblioteke in die Wes-Kaap.

7.3. Beleidsmandate

Beleid	Beskrywing
Nasionale beleide	
Hersiene Nasionale Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis (2018)	Hierdie dokument verskaf 'n raamwerk vir nasionale en provinsiale beleid oor kuns-, kultuur-, erfenis-, biblioteek- en argiefdienste.
Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)	Hierdie dokument verskaf 'n nasionale raamwerk vir die toepassing van die bepalings van die Grondwet en wetgewende mandate op alle staatsorgane, met inbegrip van die DKES. Dit verskaf ook 'n uiteensetting van beginsels en implementeringstrategieë wat gevolg moet word.
Nasionale Rekordbestuursbeleid (Rekordbestuurbeleidshandleiding, 2007)	Hierdie dokument reguleer die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame moet funksioneer ten opsigte van die bestuur van hul rekords en die manier waarop die DKES toesig moet hou oor die rekordbestuur van regeringsliggame in die Wes-Kaap.
Bestuur van Elektroniese Rekords in Regeringsliggame: Beleid, Beginsels en Vereistes (2006)	Hierdie beleid verskaf leiding aan regeringsliggame om hulle te help om te voldoen aan wetgewende vereistes aangaande elektroniese rekords as 'n integreerende deel van rekordhulpbronbestuur. Die DKES moet voloen aan die voorgeskrewe toepaslike nasionale en internasionale standaarde ten opsigte van rekenaarhardeware, -sagteware en bewaringsmedia vir argiefbewaring.
Verklaring oor die Nasionale Sport- en Ontspanningsindaba (2011)	Hierdie verklaring vereis dat die DKES se hoofdoelstellings belyn moet word met die strategiese riglyn in die verklaring wat die visie vir sport en ontspanning tot 2020 uiteensit.
Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (2012)	Die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (NSOP) verskaf 'n uiteensetting van die visie vir sport en ontspanning in Suid-Afrika tot 2020.
Nasionale Witskrif oor Sport en Ontspanning (2012)	Hierdie beleid beklemtoon die volgende belangrike aspekte: <ol style="list-style-type: none"> 1. Verhoging van die vlak van deelname aan sport en ontspanning; 2. Verbetering van die profile van sport te midde van botsende prioriteite; 3. Maksimalisering van die kans op sukses by belangrike sportgeleenthede; en plasing van sport aan die voorpunt van pogings om misdaad te verminder; 4. Plasing van sport op die voorpunt van pogings om misdaad te verminder. <p>Die algehele verantwoordelikheid vir sport en ontspanning berus by SOSA</p>
Beleidsraamwerk vir die Regeringswye Monitoring- en Ewalueringsbeleidstelsel (2007)	Die oogmerk van die Regeringswye Monitoring- en Ewalueringstelsel (RWM&E) is om by te dra tot verbeterde bestuursoorsig en om die doeltreffendheid van organisasies en instellings in die openbare sektor te verbeter. Hierdie dokument verskaf die oorkoepelende beleidsraamwerk vir monitoring en ewaluering (M&E) in Suid-Afrika. Dit bevorder resultaatgebaseerde bestuur.
Groenskrif oor Prestasiebestuurmonitoring en -ewaluering (2009)	Hierdie dokument is daarop gemik om staatsamptenare en die uitvoerende gesag in staat te stel om op die bereiking van die uitkoms- en uitsetmaatstawwe vervat in die Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTSR) te fokus. Dit het ten doel om goeie departementele en individuele prestasie op alle vlakke te bevorder.

Beleid	Beskrywing
Riglyne vir Nasionale en Provinsiale Departemente vir die opstel van 'n M & E-raamwerk	Hierdie riglyne maak voorsiening vir die ontwikkeling van 'n raamwerk vir monitering en evaluering in alle staatsinstellings sodat hulle hul vordering kan meet teen hul gestelde doelwitte en regstellende stappe kan doen waar nodig. Hierdie proses vereis dat departemente 'n omvattende begrip moet hê van alle administratiewe datastelsels, administratiewe datastelle en prestasie-aanwysers. Die aanwysers moet aan spesifieke beleidsopdragte gekoppel word en die stelle aanwysers moet ontleed word om vas te stel of daar enige verband tussen oorsake en gevolg is.
Riglyne vir die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP)	Die riglyne vir die UOWP-sakeplanne vir die Maatskaplike Sektor (Sport en Ontspanning), asook die Omgewings- en Kultuursektor (Kultuursake), verskaf 'n raamwerk vir die DKES om openbare befondsing vir die vermindering en verligting van werkloosheid te gebruik.
Provinsiale beleide	
Wes-Kaapse Taalbeleid (PK369, 27 November 2001)	Die DKES en alle ander provinsiale departemente is verplig om die bepalings van die Wes-Kaapse Taalbeleid en die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, Wet 13 van 1998, te implementeer. Hierbenewens het die Departement die opdrag om taalsteundienste aan die Wes-Kaapse Regering te lewer deur middel van sy sentrale taaleenheid.
Befondsingsbeleid vir Kuns en Kultuur (gewysig 2021)	Hierdie dokument bevat riglyne vir die toewysing van finansiële bystand aan kultuurorganisasies, individue en maatskappye.
Befondsingsriglyne vir Sport en Ontspanning (2012)	Hierdie dokument bevat riglyne vir die toewysing van finansiële bystand aan sportorganisasies.
Beleid vir die Benoeming en Herbenoeming van Geografiese Kenmerke (2015)	Hierdie beleid verskaf 'n uiteensetting van die kriteria wat oorweeg moet word en die prosesse wat deur die DKES en die Wes-Kaapse Geografiese Namekomitee gevolg moet word wanneer belanghebbendes en gemeenskappe geraadpleeg word oor die standaardisering of herbenoeming van, of veranderinge aan bestaande geografiese name. Hierdie liggame maak aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name en die nasionale Minister van Kuns en Kultuur.
Provinsiewye Monitering- en Evalueringstelsel (2009)	Hierdie stel dokumente dien as 'n provinsiale reaksie op die Regeringswye Monitering- en Evalueringstelsel. Die oogmerk is om bestuursoorsig en provinsiale uitvoerende verslagdoening te verbeter deur ondersteuning te bied vir geleidelike verbeterde bewysgebaseerde besluitneming, beleidsverfyning en doeltreffende hulpbrontoewysing.
Wes-Kaapse Museumbeleid (2013)	Hierdie beleid verskaf 'n grondslag vir individue en gemeenskappe om museums in die Wes-Kaap tot stand te bring en in stand te hou. Dit stel ook 'n raamwerk voor vir voorgestelde nuwe provinsiale wetgewing oor museums om die verouderde Museumordonnansie [Kaapprovinsie], 1975, te vervang.
Rekordbestuursbeleid van Wes-Kaapse Regeringsliggame (2017)	Die doel met die beleid is om riglyne aan Wes-Kaapse provinsiale regeringsliggame te verskaf oor die bestuur van rekords vir goeie bestuursoorsig en aanspreeklikheid, asook korporatiewe en maatskaplike geheue.
Digitaliseringsbeleid van Wes-Kaapse Regeringsliggame (2017)	Die doel met die beleid is hoofsaaklik om riglyne te verskaf rakende die digitalisering van rekords as 'n integreerende deel van die strategiese bestuur van rekords.
Raamwerk vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) vir die Wes-Kaapse Regering	Om taalgebruik aan te moedig wat toeganklik is en sosiale verdraagsaamheid bevorder vir persone wat SA Gebaretaal gebruik.


Strategieë	Beskrywing
Nasionale strategieë	
Voorwaardelike toewysing: Biblioteekherkapitalisasie-program vir die uitbreiding van gemeenskapsbiblioteekdienste	Die DKES is verantwoordelik vir die suksesvolle implementering en bestuur van hierdie voorwaardeliketoewysingsprojek in die Wes-Kaap.
Opdrag: Gesamentlike Provinsiale Taakspan vir Skolesport (2012)	Die DKES het opdrag van SOSA en die nasionale Departement van Basiese Onderwys om 'n Gesamentlike Provinsiale Taakspan vir Skolesport tot stand te bring, om 'n skolesportstrategie te koördineer, te implementeer en daarvoor toesig te hou, en om deelname aan skolesport te verseker.
Riglyne vir die instelling van kodekomitees om skolesport te ondersteun (2013)	SOSA en die nasionale Departement van Basiese Onderwys gee duidelike riglyne vir die instelling van kodespesifieke skolesportkomitees op reeks-, distriks- en provinsiale vlak. Die DKES ondersteun die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) om skolesportverwante aktiwiteite in die verskillende kodes te koördineer, met ons fokus op die volgende vlak deelname op provinsiale, nasionale en internasionale vlak. Die WKOD is egter verantwoordelik vir Skoolsportstrukture, aangesien dit opvoeders behels. DKES, in die hoedanigheid as provinsiale departement van Sport, Kuns en Kultuur, het 'n mandaat om met federasiestrukture te werk. Kodespesifieke koördineringskomitees moet aan die betrokke sportfederasies verslag doen en kan nie outonoom funksieer nie. Die totstandbring en samestelling van Skoolsportstrukture word tans hersien.
Provinsiale strategieë	
Norme en Standaarde vir Openbare Biblioteke in die Wes-Kaap	Norme en standaarde is noodsaaklik om die lewering en deurlopende ontwikkeling van openbare biblioteekdienste te verseker ten einde uitvoering te gee aan die Konsepwetsontwerp op Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek- en Inligtingdienstehandves van 2014. Hierdie strategie gee aandag aan die norme en standaarde vir biblioteekfunksies, personeel, fasiliteite, internettoegang, biblioteekversameling en biblioteekure vir openbare biblioteke in die Wes-Kaap.
Skoolsportriglyn (2013)	Hierdie DKES-dokument bied leiding aan belanghebbendes om aan die verskillende skolesportbeleidsdokumente en die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan te voldoen. Daar is ook 'n Memorandum van Verstandhouding (MvV) onderteken deur SOSA (SRSA) en DBO op 30 Mei 2018. Hierdie MvV definieer die rolle en verantwoordelikhede van SOSA(SRSA) en DBO en die onderskeie provinsiale departemente op duidelike wyse.
Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013)	Die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie het ten doel om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te bied sodat hulle beter met hul omgewing kan omgaan en verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes kan word. Die doel met die strategie is vir die jeug in die Wes-Kaap om geïnspireerde, geleerde, verantwoordelike, onafhanklike en gesonde individue te wees wat teen die ouderdom van 25 jaar produktiewe persoonlike, gesins- en sosiale verhoudings kan handhaaf.
Genre-ontwikkelingstrategie (2008)	Hierdie dokument verskaf 'n raamwerk vir die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kunsvorms in die Wes-Kaap.

Strategieë	Beskrywing
Jaarlikse Padmars- en Kompetisieraamwerk (2012/13)	Verskaf riglyne vir die items en die persentasie wat toegewys moet word vir die jaarlikse padmarse en kompetisies van die Klopse en die Kersfees- en Maleierkore.
Wes-Kaapse Raamwerk vir Mondelinge Geskiedenis	Hierdie raamwerk bied aan DKES-personeel en geaffilieerde instellings wat veldwerk doen die minimum riglyne en etiese standaarde wat nagekom moet word wanneer onderhoude oor mondelinge geskiedenis gevoer word.

8. Organisasoriese struktuur

Die Departement se organisatoriese struktuur (soos op 31 Maart 2023) word op die volgende bladsy uitgebeeld.

Organisatoriese organogram



9. Entiteite wat aan die Minister rapporteer

Die entiteite wat aan die Minister verslag doen, word in die tabel hieronder uiteengesit:

Openbare entiteite:

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Wes-Kaapse Kultuurkommissie	Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuuradewet, 1998 (Wet 14 van 1998)	Die DKES is die primêre befondser van die WKKK. Dit maak oordragbetalings aan die kommissie ter befondsing van sy werksaamhede.	Die WKKK is regtens verantwoordelik vir die registrasie en deregistrasie van kultuurrade. Dié kommissie is ook verantwoordelik vir toesighouding oor die bestuur van sewe kultuurfasiliteite wat deur die Minister vir Kultuursake en Sport onder hulle beheer geplaas het.
Wes-Kaapse Taalkomitee	Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998)	Die DKES is die primêre befondser van die WKTK. Die DKES maak 'n oordragbetaling aan die kommissie om so sy werksaamhede te befonds.	Die WKTK is verantwoordelik vir die monitering van die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur die Wes-Kaapse Regering; die maak van aanbevelings aan die Minister vir Kultuursake en Sport en die Provinsiale Parlement; die aktiewe bevordering van veeltaligheid; die aktiewe bevordering van die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale; en die lewering van advies aan die Minister van Kultuursake en Sport en PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap.
Erfenis Wes-Kaap	Wet op Nasionale Erfenisbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)	Die DKES is die primêre befondser van die EWK. Die DKES maak 'n oordragbetaling aan die kommissie om so sy werksaamhede te befonds.	EWK is die provinsiale erfenishulpbronnowerheid vir die Wes-Kaap en is verantwoordelik vir die identifisering, beskerming, bevordering en bestuur van erfenishulpbronne ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999.

Geproklameerde provinsiale museums:

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Bartolomeu Dias Museum, Mosselbaai	Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8)	As deel van sy diensstaat befonds	As geproklameerde provinsiale museums is

Kaapse Mediese Museum, Kaapstad	van 1975) en Wes-Kaapse Wysigingswet op die Museumordonnansie, 2021 (Gewysigde Ordonnansie 2 van 2021).	die Departement hierdie museums se werksaamhede	hierdie museums regtens daarvoor verantwoordelik om hul versamelings (ooreenkomstig elke museum se goedgekeurde tema en in ooreenstemming met die DKES se strategiese doelwitte) te bestuur, te bewaar, en na te vors sowel as om die publiek hieroor op te voed en hul belangstelling te prikkel.
Kaapstad Museum			
George Museum			
Worcester Museum			

Geproklameerde provinsiegesteunde museums:

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Beaufort-Wes Museum	Museum-ordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975) en Wes-Kaapse Wysigingswet op die Museum-ordonnansie, 2021 (Gewysigde Ordonnansie 2 van 2021).	Die DKES is die primêre befondser van die meeste provinsiegesteunde museums. Die DKES stel 'n subsidie beskikbaar vir die instandhouding van die museums en voorsien gesekondeerde personeel ooreenkomstig die DKES se goedgekeurde diensstaat, met die uitsondering van die Kangogrotte Museum.	As geproklameerde provinsiegesteunde museums is hierdie museums regtens daarvoor verantwoordelik om hul versamelings (ooreenkomstig elke museum se goedgekeurde tema en in ooreenstemming met die DKES se strategiese doelwitte) te bestuur, te bewaar, en na te vors sowel as op die publiek hieroor op te voed en hul belangstelling te prikkel.
Caledon Museum			
CP Nel Museum, Oudtshoorn			
Drostyd Museum, Swellendam			
Genadendal Sendingmuseum			
Houtbaai Museum			
Huguenot Gedenkmuseum, Franschoek			
Kangogrotte, Oudtshoorn			
Koringbedryfmuseum, Moorreesburg			
Lwandle Trekarbeidmuseum			
Montagu Museum			
Ou Hawe Museum, Hermanus			
Oude Kerk Volksmuseum, Tulbagh			
Paarl Museum			
SA Sendinggestig Museum, Kaapstad			
Simonstad Museum			
Skeepswrakmuseum, Bredasdorp			
Stellenbosch Museum			
Togryers Museum, Ceres			
Wellington Museum			

Geproklameerde plaaslike museums:

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Blombos Museum van Argeologie	Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975) en Wes-Kaapse Wysigingswet op die Museumordonnansie, 2021 (Gewysigde Ordonnansie 2 van 2021).	Die DKES is die primêre befondser van plaaslike museums. By wyse van oordragbetalings stel die DKES hulptoewysings beskikbaar vir die instandhouding van plaaslike museums.	As geproklameerde plaaslike museums is hierdie museums regtens daarvoor verantwoordelik om hul versamelings (ooreenkomstig elke museum se goedgekeurde tema en in ooreenstemming met die DKES se strategiese doelwitte) te bestuur, te bewaar, en na te vors sowel as om die publiek
Elandsbaai Museum			
Fransie Pienaar Museum, Prins Albert			
Groot-Brakrivier Museum			
Jan Danckaert Museum, Porterville			
Robertson Museum			
SA Visserye Museum, Laaiplek			

			hieroor op te voed en hul belangstelling te prikkel.
--	--	--	--

Departementele advieskomitee

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Wes-Kaapse Geografiese Namekomitee	Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 (Wet 118 van 1998)	Die DKES is die primêre befondser van hierdie komitee. Sy begroting maak deel uit van die totale departementele begroting.	Die komitee adviseer die Minister oor aangeleenthede verwant aan die verandering en standaardisering van geografiese name ooreenkomstig die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.
Wes-Kaapse Provinsiale Inisiasie Koördineringskomitee (WKPIKK)	Wet op Gebruiklike Inisiasie, 2021 (Wet 2 van 2021)	DKES is die primêre befondser van hierdie komitee. Sy begroting maak deel uit van die totale departementele begroting	Die komitee is verantwoordelik vir die implementering en monitering van die Wet op Gebruiklike Inisiasie in die Wes-Kaap.

Deel B

PRESTASIE-INLIGTING

1. Ouditeur-generaal se verslag: Voorafbepaalde Doelwitte

Tans voer die Ouditeur-generaal (OGSA) sekere auditprosedures ten opsigte van prestasie-inligting uit ten einde redelike sekerheid in die vorm van 'n auditbevinding te bied. Die auditbevinding rakende prestasie gemeet teen voorafbepaalde doelwitte is ingesluit by die Ouditeur-generaal se bestuursverslag, sowel as die auditverslag sonder enige wesenlike bevindinge onder die opskrif "Bereiking van beplande teikens".

Verwys na bladsy 213 vir die Ouditeur-generaal se verslag, wat as Deel F: Finansiële Inligting, van hierdie 2022-23-Jaarverslag gepubliseer word.

2. Oorsig van departementele prestasie

Kultuursake en Sport is 'n instrument wat gebruik word om 'n maatskaplik inklusiewe Wes-Kaap te help bou. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die volgende dienste:

HOOFDIENS	BESKRYWING VAN DIENS
Administratiewe steundienste	<ol style="list-style-type: none">1. Verskaf strategiese en bedryfsbestuursteun aan die Departement.2. Verskaf finansiële and voorsieningskettingbestuursdienste aan die Departement.3. Strategiese bestuursteun en koördinering van UOWP-programme binne die omgewings- en kultuursektor in die DKES.
Kuns en Kultuur	<ol style="list-style-type: none">4. Fasiliteer die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap deur die skep van doeltreffende en dinamiese funksionerende kuns-en kultuurstrukture, -aktiwiteite en -omgewings, en verleen ondersteuning en bystand aan die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) ter uitvoering van sy wetgewende mandaat.
Museums, Erfenishulpbronbestuur en Geografiese Naamdienste	<ol style="list-style-type: none">5. Bevorder, bewaar en ontwikkel ons erfenis deur museumdienste te verskaf aan geaffilieerde museums en professionele en ander ondersteuning aan die beheerliggame van geaffilieerde museums te bied.6. Bevorder, bewaar en bestuur die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap en fasiliteer aangeleenthede rakende die Konvensie oor Wêrelderfenis in die Wes-Kaap.7. Verleen hulp met die bestuur van erfenishulpbronne deur tersaaklike wetgewing te implementeer.8. Fasiliteer prosesse vir die standaardisering of, waar nodig, verandering van geografiese name in die Wes-Kaap9. Adviseer plaaslike owerhede en werk saam met hulle om te verseker dat hulle die beginsels van die SARGN toepas op name binne hulle regsgebied.
Taaldienste	<ol style="list-style-type: none">10. Bevorder en ontwikkel veeltaligheid in die Wes-Kaap.11. Ontwikkel en bevorder die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale van die Wes-Kaap aktief.12. Fasiliteer die implementering en monitering van die Wes-Kaapse Taalbeleid.

HOOFDIENS	BESKRYWING VAN DIENS
	13. Verskaf professionele en administratiewe steun aan die Wes-Kaapse Taalkomitee (WTK) ter uitvoering van sy wetgewende mandaat.
Biblioteekdienste	14. Verskaf biblioteek- en inligtingsdienste en bevorder 'n kultuur van lees en lewenslange leer in vennootskap met munisipaliteite.
Argiefdienste	15. Verskaf toegang tot argiefferenis en bevorder behoorlike bestuur en bewaring van openbare rekords.
Sportdienste	16. Verskaf gespesialiseerde dienste vir sport. 17. Verskaf kliënt- en wetenskaplike ondersteuning
Ontspanning	18. Bevorder ontspanningsaktiwiteite
Skooldport	19. Bevorder spesifieke naskoolse aktiwiteite en geleenthede vir deelname op 'n gevorderde vlak.
MGO-program	20. Bevorder massadeelname deur 'n verskeidenheid naskoolse aktiwiteite aan te bied.
Naskoolse program	21. Koördineer, ontwikkel en bou kapasiteit vir uitgebreide dag- of naskoolse program by skole oral in die provinsie wat geen of lae skoolgelde hef wat transversal aansluit by DKES, DMO, WKOD, DGV en DvdP. Die Naskoolse program werk ook ten nouste saam met die Stad Kaapstad en talryke NRO's.

Die Departement se dienslewering in die loop van 2022/23 word hierna in afdeling 2.1 toegelig.

2.1. Diensleweringomgewing

Die Covid-19 pandemie het ons genoop om tradisionele modelle, werkswyses en maatreëls weer in oënskou te neem, sodat ons van nuuts af kon besin oor ons funksionering en hoe tegnologie ingespan kan word om veerkragtig te reageer op 'n eksterne omgewing wat uiteenlopend en dinamies is.

Gedurende die oorsigjaar is daar van die Departement verwag om sy werksaamhede te optimaliseer weens die fiskale en ekonomiese klimaat in reaksie op die voortslepende impak van Covid-19. Versagte ingrypings om op die energiekrisis te reageer is ook geïmplementeer. Om die impak van dienste te beperk en die lewering van primêre dienste aan diegene wat die kwesbaarste is, te beskerm, het die Departement die beginsel van waarde vir geld toegepas en die geld wat aan hom toegewys is, so doeltreffend en doelmatig as moontlik aangewend. Die veranderinge wat aangebring is om by die Covid-19-pandemie aan te pas, is nou geoptimaliseer om doeltreffendheidswinste voort te sit.

ONAFHANKLIKE TRIBUNAAL OOR ERFENIS

Artikel 49(2) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 25 van 1999 (die Wet) magtig die Minister om 'n onafhanklike tribunaal aan te stel om lede van die publiek se appèlle teen besluite van die EWK-raad te oorweeg. Die Onafhanklike Tribunaal (die Tribunaal) vervul 'n allerbelangrike statutêre rol soverre ondersteuning aan die Minister gebied word om haar mandaat ingevolge die Wet na te kom.

Benewens om vertrouwe rakende die geloofwaardigheid van die appèlproses by die publiek in te boesem, beslis die Tribunale ook oor sake van 'n komplekse en tegniese aard, waar 'n balans

tussen die reg op ontwikkeling, die bewaring van erfenis, regsgeldigheid en billikheid gevind moet word. Alle beslissings van die Tribunale kom neer op administratiewe beregtiging.

KUNS EN KULTUUR

Die pandemie het 'n diepgaande uitwerking op die kreatiewe bedryf gehad. Dit het die behoefte beklemtoon vir diegene in die sektor om hulself toe te rus om hul vaardighede en talente oor sektore heen toe te pas, om te innoveer en veerkragtigheid te bou en te verseker dat die sektor floreer. Die aanvang van die pandemie het egter ook nuwe geleenthede gebied vir digitale kunsaktiwiteite en gestroomde optredes. Die Departement het besef dat innovasie doelbewuste ingrypings verg en ter bereiking van hierdie doel, is finansiële bystand vir film- en feesinisiatiewe gedurende die oorsigtydperk verhoog.

Die kunste het die potensiaal om ons perspektiewe te hervorm en ons lewens te transformeer, maatskaplike samehorigheid te bou en aan ons die narratiewe te bied waarmee ons ons weg deur die lewe kan baan. Die kunste beïnvloed ons begrip van ander mense en kulture en help ons om 'n band met ander te smee.

Die heersende ekonomiese klimaat, vererger deur die verhoogde vraag na dienste, het die kuns- en kultuurkomponent gedwing om strategieë ten opsigte van hoe dienste aan gemeenskappe gelewer word, te hersien. Aangesien vraag die aanbod op hierdie terrein grotendeels oorskry, het die noodsaaklikheid om programme te konsolideer en met beide nasionale en plaaslike regering saam te werk die primêre wyse geword waarop die voorsiene uitkomst behaal kan word. Die smee van sinvolle vennootskappe is tans die kern waarom die sukses, uitbreiding en volhoubaarheid van die dienste wat deur die Departement gelewer word. Daarom is dit wys dat die Departement 'n uiteenlopende reeks organisasies en aktiwiteite ondersteun wat die kunste oor alle terreine en binne diverse gemeenskappe skep, aanbied en bevorder.

MUSEUMS, ERFENISHULPBRONBESTUUR EN GEOGRAFIESE NAAMDIENTSE

Binne die kultuursektor vervul museums, erfenis en geografiese name 'n allerbelangrike rol in die bou van maatskaplike insluiting, die bevordering van kulturele toerisme terwyl dit tegelyk 'n bydrae lewer tot plaaslike ekonomiese groei, waarvan laasgenoemde veral van belang is gegewe die impak wat Covid-19 op die land se ekonomie met gevolglike werksverliese gehad het. Binne hierdie sektor verleen die Departement steeds steun aan strategiese erfenisprojekte soos die Weerstand en Bevrydingserfenisroete, die Wieg van Menslike Kultuur-toerismeprojek onderwyl dit tegelyk dossiere ontwikkel vir potensiële terreine wat aan UNESCO voorgehou kan word vir nominasie as wêrelderfenisterreine. In hierdie verband, ondergaan die Opkoms van Moderne Mense: Pleistoseen-besettingsterreine van Suid-Afrika tans die evalueringsproses van die UNESCO-wêrelderfenisentrum en die Internasionale Raad van Monumente en Terreine (ICOMOS)

Die Departement ondersteun 32 geaffilieerde museums oral in die provinsie, wat 'n belangrike rol gespeel het in die bevordering van plaaslike en buitelandse toerisme, die ondersteuning van plaaslike ekonomieë en werkskepping, veral in landelike gebiede. Geaffilieerde museums bied uitstallings en opvoedkundige programme aan wat spesifiek daarop gemik is om maatskaplike insluiting in die provinsie te bevorder. Hierdie uitstallings en programme verskaf aan besoekers 'n begrip van die land se kollektiewe kulturele en natuurlike geskiedenis. Uitstallings weerspieël toenemend voorheen verwaarloosde aspekte van plaaslike en kollektiewe Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat ook bydra tot maatskaplike insluiting en kohesie.

Daarbenewens het die Departement deur sy geaffilieerde museums opvoedkundige programme verskaf wat 'n deurslaggewende rol gespeel het in die bevordering van maatskaplike insluiting en samehörigheid deur verskeie nasionale gedenkdae met uitreik- en openbare programme te vier.

Museums in die Wes-Kaap het die terugkeer van besoekers na die museums en 'n stadige styging in inkomste vanuit toegangsgelde gesien. Museums het egter programme in die virtuele ruimte voortgesit om publiek toeganklike, tydsbepaalde, aanlyn uitstallings en geleenthede te verskaf.

Museums het goed aangepas by die geleidelike heropening van die samelewing deur geleenthede vir verantwoordelike sosiale interaksie soos uitstallingsbekendstellings en opvoedkundige programme te verskaf ter bevordering van die algehele welstand van burgers in die Wes-Kaap. Dit het 'n ondersteunende en koesterende samelewing bevorder om sosiale samehörigheid en insluiting te versterk, wat deur inperkingsmaatreëls geraak is.

Die nuwe ouditmodel wat in die Wysigingswet op Museumordonnansie, 2 van 2021 aanvaar is, het toegelaat dat die Provinsiegesteunde Museums vir die 2021/22-boekjaar deur professionele geakkrediteerde ouditeure geoudit word, anders as die Ouditeur-generaal.

Opleiding en kennisdeling binne die museum-omgewing het in 2022/23 voortgegaan, aangehelp deur nuwe vaardighede en tegnologieë wat gedurende die vorige boekjaar verwerf is. Die Museumdiens het van 1-4 November 2022 'n jaarlikse Museumsimposium met geaffilieerde museumbestuurders aangebied om die herposisionering en herstel van museums ná Covid-19 te bespreek. Die werksessie het opleiding aan geaffilieerde museumbestuurders verskaf. Museumbestuurders kon ook sake van belang met die Departement bespreek.

Museums het in 2022/23 vir die eerste keer aan die YearBeyond-program deelgeneem. Tydens werksessies by Paarl en Groot-Brakrivier vir die Placemakers-program het die Museumnavorsing en Uitstallingsdiens nuwe Yeboneers aan museums en museumuitstallings bekendgestel. Hulle het ook opleiding ontvang oor hoe om mondelinge geskiedenis-onderhoude te doen. Hierdie Yeboneers is by geaffilieerde museums geplaas om stories oor plaaslike plekke en ruimtes op te teken. Verder het hulle besoekers gehelp om by museumuitstallings betrokke te raak.

Die herlewing van geaffilieerde museumuitstallings en -uitstallings het in 2022/23 voortgegaan. Museumnavorsing en -uitstallingsdienste ondersteun geaffilieerde museums met 'n reisende uitstallingsdiens sowel as langtermynuitstallings. Die volgende uitstallings is gedurende die boekjaar voltooi: Buitelugpanele is by die Bartolomeu Dias-museum in Mosselbaai by sy varswaterfonteinterrein aangebring met inligting oor die eerste aangetekende ontmoeting tussen die Khoekhoen en die Portugese, die fontein en die inheemse plante rondom dit. 'n Uitstalling oor plaaslike geskiedenis wat fokus op die plaaslike Khoekhoen en verslaafde werkers, asook inligting wat deur mondelinge geskiedenis-onderhoude met lede van die plaaslike gemeenskap ingesamel is, is by die Drostdy Museum in Swellendam aangebring.

Kaapstad Museum het Cape Town Digital bekendgestel, 'n digitale platform wat digitale uitstallings, publieke programme en meer insluit. 'n Banieruitstalling is langs die roete van die 27 for Freedom-wedloop aangebring met inligting oor die wedloop en die tyd wat Nelson Mandela by die Drakenstein-korrektiewe fasiliteit (voorheen Victor Verster-gevangenis) deurgebring het. Die Cape Town Museum Memory Centre is geskep, waar 'n uitstalling van foto's, persoonlike aanhalings en kunswerke sal dien om lede van die publiek te inspireer om hul herinneringe aan Kaapstad te deel. 'n Digitale uitstalling oor die geskiedenis en

herinneringe van die Peninsula Kraamhospitaal, wat vroeër in Distrik Ses was, is by die Kaapstad Museum-geheuesentrum aangebring. Foodways of the Western Cape, nog 'n digitale uitstalling, vier die disse en resepte sowel as die praktyke en kulture wat met ons ryk en diverse koseerfenis geassosieer word.

Sedert die opening deur die Premier op 19 Februarie 2022 het die Legacy of Slavery-projek by die Leeuwenhof Slavery Remembrance Gallery in die 2022/23-boekjaar voortgegaan. Kaapstad Museum het op die eerste Saterdag van elke maand twee toere aangebied as publieke toegang tot die uitstallings en kunsgalery. Nuwe uitstallings is elke kwartaal deur die Vereniging vir Visuele Kunste (OSW) saamgestel. Dit het plaaslike kunstenaars die geleentheid gebied om hul kunswerke te bevorder en te verkoop.

Die Museumdiens het sy verbintenis tot die herbegraving van menslike oorskot wat by geaffilieerde museums gehou word, voortgesit. Gedurende 2022/23 het die Departement 'n openbare konsultasieproses begin oor die herbegraving van menslike oorskot by Simonstad Museum en Wellington Museum. Hierdie museums is die laaste twee geaffilieerde museums wat menslike oorskot in hul versamelings het na aanleiding van 'n proses van herbegraving van menslike oorskot wat in 2015 begin is. Die terugbesorging van menslike oorskot wat in museumversamelings gehou word, vorm deel van die erkenning van historiese onetiese versamelingspraktyke, en dra by tot die herstel van waardigheid aan die afgestorwe en afstammeling gemeenskappe.

Binne die breër erfenisektor het die Departement voortgegaan om sy entiteit, EWK, met finansiële en menslike hulpbronne by te staan. 'n Nuwe Raad van Erfenis Wes-Kaap is vanaf 1 November 2022 deur die Minister van Kultuursake en Sport aangestel om sy rol en verantwoordelikhede as die rekenpligtige gesag van die entiteit te aanvaar. Die Raad sal 'n termyn van drie jaar dien wat op 31 Oktober 2025 eindig.

GEOGRAFIESE NAMEDIENS

Minister Anroux Marais het vanaf 1 November 2022 'n nuwe Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee (WKPGNK) aangestel om te verseker dat die Provinsie uitvoering gee aan die mandaat van die Wet op Suid-Afrikaanse Geografiese Name. Verder was die Wes-Kaap gasheer vir 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse Geografiese Name Raad (SAGNK) vanaf 9-11 November 2022. Die vergadering op 9 November 2022 het bestaan uit 'n werksessie wat oop was vir die publiek, en is gevolg deur 'n geslote vergadering van die SAGNK. Die werksessie het 'n geleentheid aan die publiek gebied om kwessies oor geografiese name en vrae oor beleid en prosesse te opper. Lede van die WKPGNK het die volle SAGNK-vergadering as waarnemers bygewoon.

TAALDIENS

Die kritieke belang van taal vir Suid-Afrika word weerspieël in artikel 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Taal is nou meer as ooit 'n bindmiddel vir ons nasie terwyl ons tot verhaal probeer kom en herstel van die gevolge van die Covid-19 pandemie. Taal is 'n meganisme vir kommunikasie, wat 'n bydraende faktor is tot sukses in die onderwys. Dit het op sy beurt 'n invloed op maatskaplike insluiting en op alle strategiese prioriteitsareas van die regering. Verder het taal die verskeidenheid van ons kulture en die kennis van ons verskillende gemeenskappe vasgelê wat van kritieke belang vir die oordrag van kulture en waardes van een generasie na die volgende. Alhoewel dit in die Grondwet vasgelê is as 'n mensereg en beskerm word deur

nasionale en provinsiale wetgewing, is dit belangrik om voort te gaan met die bewusmaking en die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid.

Die Departement dra by tot bogenoemde deur die voorsiening van vertaal- en tolkdienste aan alle provinsiale departemente in die Wes-Kaap, in al drie amptelike tale in die Provinsie, sowel as Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

Die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering het 2022 tot 2032 as die Internasionale Dekade van Inheemse Tale verklaar. Dit het aanleiding gegee tot meer gefokusde projekpogings op hierdie gebied. In die proses, het die Departement voortgegaan om die status te verhoog en die gebruik van die inheemse tale te bevorder waarvan die status en gebruik histories verminder is. Vir hierdie doel het die Departement probeer om benaderings te herdenk en te ondersoek om San- en Khoi-tale en Kaaps te bevorder en in stand te hou.

In reaksie op besparingsmaatreëls en beperkte finansiële hulpbronne, het die Departement gefokus op die versterking van samewerking met belanghebbendes in die sektor en relevante entiteite wat soortgelyke mandate deel, om bronne en kundigheid te benut vir groter impak. Die Pan- Suid-Afrikaanse Taalraad het in Augustus 2019 'n Wes-Kaapse Provinsiale Taalkomitee (WKPTK) aangestel ingevolge artikel 8(a) van die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, Wet 59 van 1995. Dit bied die geleentheid vir die Departement, die WKPTK en ander belanghebbende som saam te werk en hulpbronne en kundigheid saam te voeg wat 'n groter impak op die uitvoering van ons kernprioriteite sal hê, veral in 'n streek waar sommige inheemse tale 'nbuitengewoon groot risiko van uitsterf het, byvoorbeeld Nama en Khoekhoegowab.

Die taalterminologiese omgewing is besig om geleidelik rondom taal in die provinsie te stabiliseer. Vir vertaal- en tolkdoeleindes ontstaan daar nuwe velde waarvoor voorskrifte tans nie bestaan nie. Dit het die Departement genoodsaak om aan prosesse deel te neem om nuwe terminologieë vir verskillende dissiplines te ontwikkel, soos byvoorbeeld die reëlboeke vir verskillende kategorieë van fietsry, wat in Xhosa vertaal is.

BIBLIOTEKDIENS

Die Departement het voortgegaan om munisipaliteite by te staan met die lewering van openbare biblioteekdienste. Gedurende die verslagtydperk is Nagenoeg Openbare Biblioteek (Stellenbosch) gesluit en die Rosevalley Openbare Biblioteek in Oudtshoorn is geopen, wat die aantal biblioteekdienspunte regoor die provinsie op 375 onderhou. Gratis internet is aan twee addisionele gemeenskappe verskaf deur die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke, dit wil sê Rosevalley-biblioteek (Oudtshoorn) en die Bergsig-biblioteek (Kannaland). In samewerking met die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes het die bekendstelling van minibiblioteke vir blindes en gesiggestremdes regoor die provinsie voortgegaan met twee nuwe minibiblioteke wat in Thembaletu (George) en Caledon (Theewaterskloof) openbare biblioteke geopen is.

Die Beaufort-Wes streekkantoorgebou het afgebrand op 1 November 2022. Dit het 'n verwoestende uitwerking op die streek se dienslewering gehad aangesien al die boeke, rekenaartoerusting asook die boekafleweringssragmotor vernietig is.

Die impak van verhoogde beurtkrag het 'n uitwerking op dienslewering gehad aangesien baie biblioteke hul deure moes sluit, weens 'n gebrek aan lugversorging, beligting, geen rekenaar- of netwerktoegang, geen sekuriteit of boekopsparing vir batebeskerming nie. Rekenaartoerusting, drukkers en sagteware het foutief geraak as gevolg van

elektrisiteitsbeurtkrag-verwante kragonderbrekings wat nie toelaat dat toerusting die normale afskakelprotokol ondergaan nie.

'n Onvoorsiene stelselfout het daartoe gelei dat die SITA Biblioteek- en Inligtingbestuurstelsel (SLIMS), wat deur SITA bestuur word, op 15 November 2022 ineengestort het wat tot die verlies van 'n aansienlike hoeveelheid data en inligting gelei het. Die Departement was genoodsaak om handprosesse te gebruik om die rugsteundata weer op SLIMS te laai. Die stelsel was onbeskikbaar vir openbare biblioteke tydens die herwinningsproses. Alle openbare biblioteke het oop gebly en het voortgegaan om die publiek deur middel van handprosesse te bedien. Die Mosselbaai-munisipaliteit het hul eie tussentydse aanlynstelsel ontwikkel om voortgesette dienslewering aan die publiek te verseker.

ARGIEFDIENSTE

Die transformasie na digitale tegnologie is 'n noemenswaardige internasionale tendens om toegang tot argiefmateriaal en elektroniese rekordbestuur te verskaf. Die Departement bestuur die ontplooiing van die Ondernemingsinhoudbestuur (OIB)-vermoë in WKR-departemente om tred te hou met hierdie neiging. Vir die oorsigjaar is omvattende OIB-ontplooiing by die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement geïmplementeer. Stelselondersteuning en deurlopende opleiding is aan personeel by ander Wes-Kaapse regeringsdepartemente verskaf.

Mondelinge geskiedenisopnames is by Biblioteekdienste versamel en by die Argief geplaas vir permanente bewaring. Rekordbestuursprogramme word steeds geïmplementeer en verbeter in alle Wes-Kaapse regeringsdepartemente, provinsiale ministeries van die Wes-Kaapse Regering, munisipaliteite en geselekteerde openbare entiteite. Hersiene diensleweringmodelle, insluitend aanlyn opleiding, is gedurende hierdie tydperk gebruik om die jaarlikse teikens te behaal.

SPORT EN ONTSPANNING

Die DKES is verbind tot die nasionale mandaat om 'n 'aktiewe en wennasie' te bou. Sport en Ontspanning bied geleenthede vir gemeenskappe om aktief te wees en gesond te bly en vir diegene met talent en vaardigheid om na die volgende vlak te beweeg om meesters en wenners te word.

Ontspanning is 'n platform vanwaar sport, kuns en kultuur kan ontwikkel en groei, aangesien dit 'n etos en filosofie van 'n gesonde lewe, lewenslange aktiwiteit en lewenslange leer bevorder. Ontspanning maak mense ook attent op die potensiaal, vaardighede en talente wat gevind kan word. Deur ontspanningsprojekte, programme, geleenthede en aktiwiteite te fasiliteer, is die doel om verbindings tussen individue, gemeenskappe, die jeug, gesinne en die hele samelewing te vorm.

Sport is 'n belangrike brug vir maatskaplike samehorigheid in ons gemeenskappe binne die Wes-Kaap. Inwoners vorm klubs en federasies om ligas vir kompetisie te formaliseer wat toeskouers toelaat om die jeug en familielede te sien meeding en later rolmodelle in die samelewing word. Sport bring passie en skep geleenthede en hoop waar nog nie voorheen bestaan het nie en lewer 'n beduidende bydrae om ekonomiese geleenthede in die Provinsie te skep.

In sy aard werk Sport en Ontspanning saam met die burgerlike gemeenskap, insluitend federale sportfederasies, die ses distriksportrade, en die Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie. Die Departement werk saam met hierdie organisasies om ontspanning, sportontwikkeling en sportbevorderingsinisiatiewe te fasiliteer. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot die voorsiening van sportfasiliteite, groot sportbyeenkomste, ondersteuning om sportfederasies en klubs te ontwikkel wat alles verseker dat die kern van ontspanning en sport optimaal ondersteun word om stukrag te gee aan die sportontwikkelingskontinuum wat spelers, atlete, afrigters en tegniese beamptes insluit, veral binne die 16 prioriteitsportkodes.

NASKOOLSE INISIATIEWE

Een van die platforms wat gebruik word om sport en ontspanning, sowel as kuns, kultuur, akademiese ondersteuning en lewensvaardighede te lewer, is die naskoolse ruimte. Die DKES, in ooreenstemming met die Wes-Kaapse Regering se jeugstrategie, glo dat kinders en jeugdige holisties ontwikkel moet word, met inagneming van hul fisiologiese, psigologiese, geestelike, emosionele en intellektuele behoeftes. Gegewe die omgewing en sy verskeie sosiale druk, die beperkings van die huidige KABV-kurrikulum, en die veiligheidsuitdagings in gemeenskappe, bied naskoolse programme toegang tot 'n magdom geleenthede, sowel as veilige en koesterende ruimtes om te help met die holistiese onderwys, ontwikkeling en groei van kinders en jeugdige.

Die Departement bevorder, ondersteun en bepleit die ontwikkeling van die naskoolsektor en bied verskeie programme in die naskoolse ruimte aan, wat die MGO-program, die Buurtskoolprogram en YearBeyond insluit. Die Departement verskaf ook befondsing aan kuns-NRO's om ná skool met leerders te werk.

Die MGO-sentrums help 181 skole met afrigters wat leerders voorsien van 'n reeks gestruktureerde ontspanning, aangepaste sport-, kuns- en kultuuraktiwiteite, en veilige en koesterende ruimtes vir deelnemers skep. Hierdie MGO-sentrums identifiseer ook talent wat weer lei tot toegang tot deelname aan intra- en interskoolvlakkompetisies.

Hierdie talentidentifiseringsproses word verder ondersteun deur die Buurtskoolprogram, wat 134 Buurtskoolsentrums het wat met afrigters by skole bystaan. Hierdie benadering, terwyl dit veilige en koesterende ruimtes vir deelnemers skep, ondersteun deelname op gevorderde vlak en fokus op deelname op interdistriks-, interprovinsiale en internasionale vlakke, sowel as talentontwikkelingsvlakke, wat verband hou met, en help met, die lewering van 'n "Wen Nasie". Die klem val ook op die verdere opleiding, ontwikkeling en groei van die vaardighede en talentvlakke van die deelnemers.

In sy pogings om veilige en koesterende ruimtes vir sy verskeie aktiwiteite en naskoolse deelnemers te voorsien, veral diegene wat betrokke is by die MGO-program en die Buurtskoolprogram, het die DKES, deur 'n vennootskap met die WKOD, voortgegaan om veeldoelige gedeelde fasiliteite in 'n aantal distrikte regoor die provinsie te ontwikkel. Fasiliteite is in die Metro-Suid (Lavender Hill), Metro-Oos (Kraaifontein), Sentraal-Karoo (Beaufort-Wes), Tuinroete (Thembaletu en Heatherlands in George), en Weskus (Malmesbury). Die bedoeling van hierdie veeldoelige fasiliteitontwikkelingsinisiatief is om 'n gedeelde-fasiliteit-benadering te bevorder en te ondersteun. Hierdie benadering spreek breedweg daarvan dat fasiliteitbenutting beskikbaar gestel word aan al die skole in 'n betrokke distrik, en meer spesifiek, aan ongeveer twintig skole in die betrokke woonbuurt. Sodra die fasiliteitsontwikkeling deur die WKOD voltooi is, is die verantwoordelikheid, sowel as die rolle en verantwoordelikhede wat verband hou met die ontwikkelde infrastruktuur en fasiliteitbeheer,

bestuur, instandhouding, sekuriteit, nutsdienste, koördinasie, volhoubaarheid, aktiwiteite en ondersteuning daarvan, die verantwoordelikheid van die DKES. Die gedeelde fasiliteite word op 'n gereelde en deurlopende basis gebruik vir talentontwikkeling op 'n volgende vlak, bemeestering en loopbaangebaseerde aktiwiteite wat by skole plaasvind. Hulle word ook gebruik deur ontspanningsentrums, VKO-sentrums, jeuggebaseerde organisasies en senior burgerorganisasies wat aan die betrokke skoolgemeenskappe gekoppel is.

Voorts werk die Departement saam met NRO's en werklose jeugdige verbonde aan die YearBeyond-program, om agterstande uit te wis en lewensvaardighede- en ouerskapprogramme in skole en gemeenskappe aan te bied ter ondersteuning van die holistiese ontwikkeling van kinders en die jeug. Hierdie program word by meer as 151 skole en 13 gemeenskapskerns bedryf, en die afgelope jaar is gebruik om die stelsel volgens skaal uit te bou, gegewe die nasionale fokus op die jeug. Gedurende die oorsigjaar het dié program sy reikwydte meer as verdubbel. Danksy hierdie uitbreiding is geleentheid vir die jeug in heelwat meer regeringsverwante dienste geskep, insluitend by biblioteke, museums en in gemeenskapsentrums.

Die Departement se voorspraak vir naskoolse aktiwiteite bereik jaarliks 'n hoogtepunt met die aanbieding van die wêreldwye veldtog getitel "Lights on after school". Danksy die Wes-Kaapse Regering, in medewerking met sy vennote, Learning Trust en Community Chest, vind hierdie veldtog nou ook inslag in Suid-Afrika.

Ter afsluiting het die Departement vir die tweede jaar befondsing beskikbaar gestel om in samewerking met talle NRO's 'n vakansieprogram gedurende Desember en Januarie van stapel te stuur in 'n poging om veiligheidskwessies, voedsel nood en akademiese agterstande te bekamp.

INISIATIEWE VIR DIE JEUG

Naskoolse programme voldoen ook aan die doelwitte van die Provinsiale Jeugontwikkelingstrategie deurdat sorgsame praktisyns en afrigters omgaan met die jeug en hulle bystaan met hul opvoeding, ontwikkeling en groei deur die verskaffing van ontspanning, sport, kuns, kultuur, akademiese ondersteuning en lewensvaardighede. Hierdie bystand lei verder tot die skepping van klubs, in teenstelling met bendes, waaraan die kinders en jeugdige nou kan behoort. Boonop skep dit nuwe geleentheid vir jongmense wat met skoolopleiding ontkoppel het, om weer aan te sluit.

Die Departement het deur YearBeyond deel geword van die Nasionale Jeugdiensprogram. Meer as 3 000 jeugdige is in die jaar in diens geplaas. Slegs 'n derde hiervan was voor die program aktief in hul gemeenskappe. By uitgang het driekwart gerapporteer dat hulle aktiewe inwoners sal bly wat bydra tot hul gemeenskappe.

Terwyl belangrike werk in die Departement gedoen word, het die omvang van die jeugkrisis in die oorsigjaar 'n meer gekoördineerde dwarsliggende benadering vereis. Die Departement het sy werk versterk om die dwarsliggende jeugpoging te koördineer sowel as ons eie interne fokus op jeug. Dit het die gasheer van die dwarsliggende Jeugforum vir regeringsbelanghebbendes in die Provinsie ingesluit om leer en sinergieë te fasiliteer om jeugontwikkelingswerk in die Provinsie te versterk. As deel van hierdie werk het die Departement 'n jeugportaal ontwikkel as 'n eenstopplek vir die jeug in die Provinsie om toegang te verkry tot die Wes-Kaapse Regering se aanbiedinge.

2.2. Diensleweringverbeteringsplan

Die Departement het sy vorige SDIP 2018 - 2021 voltooi vir dienste met betrekking tot museums en kulturele fasiliteite. Sedert die implementering van die vorige SDIP voltooi is, het die Departement begin met die proses om 'n nuwe SDIP te ontwikkel in ooreenstemming met DPSA se hersiene vereistes. 'n Nuwe SDIP het op 1 April 2023 in werking getree wat betrekking het op Inheemse Spele.

2.3. Organisatoriese omgewing

Bedanking en/of aanstelling van sleutelpersoneel

Adjunkdirekteur: Munisipale Ondersteuningsdienste aangestel op 1 April 2022

Mediaskakelbeampte bedank op 31 Mei 2022

Hoofdirekteur: Kultuursake aangestel op 1 Julie 2022

Adjunkdirekteur: Wes-Kaap: Museumondersteuningsdienste aangestel op 1 Julie 2022

Adjunkdirekteur: Westelike Streek: Bystandskantoor Metro, Boland/Weskus en Breederivier Vallei Museums aangestel op 1 Julie 2022

Direkteur: OIB-implementeringseenheid aangestel op 1 Julie 2022

Adjunkdirekteur: OIB-implementeringseenheid aangestel op 1 Augustus 2022

Direkteur: Sportontwikkeling afgetree op 31 Oktober 2022

Herstruktureringpogings

Geen.

Stelselonderbrekings

Die SITA Biblioteek- en Inligtingbestuurstelsel, (SLIMS)-databasis, wat deur SITA bestuur word, het op 15 November 2022 weens 'n onvoorsiene stelselfout ineengestort, wat gelei het tot die verlies van 'n aansienlike hoeveelheid data en inligting.

Bedrog en korrupsiesake

Onafgehandelde sake soos op 1 April 2022	0
Nuwe sake (2022/23)	1
Afgehandelde sake (2022/23)	(1)
Onafgehandelde sake soos op 31 Maart 2023	0

Stakings

Vyf departementele amptenare het deelgeneem aan die Artikel 77-protessaksie: 'n nasionale wegbly- of sosio-ekonomiese staking wat deur die Suid-Afrikaanse Federasie van Vakbonde

(SAFTU) gereël is. Die staking het begin om 00h05 op 20 Maart 2023 en het geduur tot 07h00 op 21 Maart 2023. Die beginsel van "geen werk geen betaling" is toegepas. Hierdie beginsel is toegepas vir afwesigheid van 'n volle dag sowel as deel van 'n werksdag.

2.4. Vername beleidsontwikkelings en veranderings aan wetgewing

Op 31 Maart 2021 is die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op die Museumordonnansie, Wet 2 van 2021 in Provinsiale Koerant 8408 gepubliseer wat vanaf 1 April 2021 in werking getree het, maar bepaalde klousules het egter gedurende die 2022/23- boekjaar in werking getree. Die eerste is die ouditering van provinsie-ondersteunde museums deur professionele geakkrediteerde ouditeure (voorheen slegs die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika). Die ander relevante klousule wat in die oorsigjaar in werking getree het, was die aanstelling van geaffilieerde museumbeheerliggame kragtens die nuwe struktuur.

Die Nasionale Kabinet het die publikasie van die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Openbarebiblioteek- en Inligtingsdiens van 2019 vir openbare kommentaar goedgekeur. Die wetsontwerp het ten doel om aandag te skenk aan transformasieprobleme deur openbare biblioteke aan gemeenskappe beskikbaar te maak, veral aan voorheen benadeelde gemeenskappe. Dit bevorder ook samewerkende regering en koördinerende oor die drie regeringsfere heen sover dit openbarebiblioteek- en inligtingsdienste betref. Die nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur het die koste van die implementering van die Wetsontwerp op 17 Januarie 2020 aan die Nasionale Tesourie voorgelê (gesamentlike vergadering van nasionale en provinsiale tesourieë). Die Nasionale Tesourie het aangedui dat weens die huidige finansiële beperkings daar aanbeveel word dat die implementering van die Wetsontwerp uitgestel word. Die nasionale DSKK het gevolglik besluit om die implementering onbepaald uit te stel.

Die Agtiende Wysigingswetsontwerp [W1 - 2023] op die Grondwet is in Januarie 2023 by die Parlement ingedien. Die Wetsontwerp wysig artikel 6(1) van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, ten einde voorsiening te maak vir die erkenning van Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) as 'n amptelike taal van Suid-Afrika. Dit sal groter bewustheid rondom die behoeftes van dowes bevorder en standaardtoestande skep vir die bevordering van SASL. Die Departement is deurentyd daartoe verbind om via sy programme te verseker dat die dowe gemeenskap toegang het tot dienste en dat SASL deur die provinsie bevorder en ondersteun word.

'n Nasionale Beleid oor die Digitalisering van Kuns, Kultuur en Erfenis is op 15 Maart 2023 deur die Nasionale Kabinet goedgekeur. Die beleid het ten doel om strategiese leiding te verskaf rakende die digitalisering van kuns, kultuur en erfenis, insluitend, maar is nie beperk tot rekords, argiewe, boeke en publikasies, opvoering, kuns, musiek, erfenisterreine, erfenisvoorwerpe en ontasbare erfenis nie. Die beleid fokus op die digitalisering van erfenishulpbronne vir die doel van bewaring, toegang en bestuur van eienaarskap. Die beleid sal help met die standaardisering van digitaliseringsprogramme en toegang tot inligtingsbronne verbeter.

3. Behaling van institusionele impak en uitkomste

Die Departement se beplande impak en uitkomste, soos per sy Strategiese Plan word hieronder uiteengesit, gevolg deur vordering wat gemaak is ter behaling van die doelwitte.

Doelwitverklaring	'n Maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en gekonnekteerde Wes-Kaap
--------------------------	--

Nr.	Uitkoms	Uitkomsaanwyser	Basislyn	Vyfjaarteiken
1	Toegang tot en geleentheid vir deelname in die kuns, kultuur- en erfenissektor, ter ondersteuning van ekonomiese groei en veilige en samehörige gemeenskappe	Toename in dienste in die kuns-, kultuur- en erfenissektor in die Wes-Kaap	400 250	551 075
2	Toegang tot inligting en kennis ter ondersteuning van 'n leeskuiluur en lewenslange leer	Getal geregistreeerde biblioteekgebruikers	731 456	735 000*
		Getal besoeke deur navorsers	8 700	8 700*
3	Toegang tot en geleentheid vir deelname aan sport en ontspanning	Verhoogde opname en gebruik van dienste in die sport- en ontspanningsektor in die Wes-Kaap.	444 210	500 000

* Hierdie teikens is in die Jaarlikse Prestasieplan 2022-2023 hersien na 667 434 en 7 800 onderskeidelik.

Uitkoms 1	Toegang en geleentheid vir deelname in die Kunste-, Kultuur- en Erfenissektore, ter ondersteuning van ekonomiese groei en veilige en samehörige gemeenskappe.
Uitkomsaanwyser	Toename in dienste in die kuns-, kultuur- en erfenissektore in die Wes-Kaap.

Om by te dra tot hierdie uitkoms, stel die Departement hulpbronne tot beskikking van geaffilieerde museums, Erfenis Wes-Kaap en die Geografiese Namekomitee. Hierdie hulpbronne het befonding deur oordragbetalings, personeel en administratiewe, tegniese en wetenskaplike kundigheid ingesluit. Die Departement het ook 'n leidende rol gespeel in die vestiging van die Wieg van Menslike Kultuur, 'n argeologiese en paleontologiese erfenistoerisme-roete in die Wes-Kaap. Die Wieg van Menslike Kultuur beoog om kulturele toerisme in die Provinsie te groei; en ekonomiese groei en werkskepping te fasiliteer. Die projek beoog ook om maatskaplike samehörigheid te verhoog deur die kennis van 'n gemeenskaplike afkoms te bevorder en die belangrike rol van kulturele terreine in die ontdekking van wie ons is te beklemtoon.

Die Departement het kuns- en kultuuraktiwiteite binne gemeenskappe ondersteun deur finansiële bystand aan suksesvolle aansoekers te verskaf om hulle programme en

kunsaktiwiteite uit te voer. Dit het kunstenaars 'n geleentheid gebied om hul werk en bedrywighede te herkonfigureer en het gelei tot nuwe innoverende formate van produksies en feeste.

Die model vir bestuurde netwerke is bekendgestel om die reikwydte binne kunste, kultuur en taal te verbreed en te verdiep.

Uitkoms 2	Toegang tot inligting en kennis ter ondersteuning van 'n leeskultuur en lewenslange leer
Uitkomsaanwysers	Getal geregistreerde biblioteekgebruikers. Getal besoeke deur navorsers.

Die Departement het biblioteekdienste vir alle mense van die Wes-Kaap ondersteun en verbeter. Munisipaliteite is bygestaan met die lewering van openbarebiblioteekdienste wat gratis, billik en toeganklik is, voorsien in die inligting-, lees- en leerbehoefes van mense; en bevorder 'n kultuur van leesbiblioteekgebruik en lewenslange leer. In die transformasie van die biblioteekdiens en die aanvaarding van tegnologiese vooruitgang is gratis internettoegang aan die gemeenskappe by openbarebiblioteekpersele verskaf deur die Landelike Biblioteekverbindingprojek. Duisende elektroniese en audioboeke word gratis deur die Overdrive-stelsel beskikbaar gestel. Die mini-biblioteke vir blindes en gesiggestremdes bied toegang tot leesmateriaal deur hulpmiddels en die verskaffing van nodige tegnologie.

Om nasiebou en maatskaplike insluiting te bevorder, is toegang tot die argiewe aan navorsers verskaf. Altesaam 5 282 navorsers het die Argiefbewaarpark vir navorsingsdoeleindes besoek. Versameling van mondelinge geskiedenisprojekte is voortgesit om die bewaring van mondelinge geskiedenis te verseker. Daarbenewens is altesaam 13 uitreikprogramme vir skole en tydens die Nasionale Argief-bewusmakingsweek aangebied. Altesaam 13 rekordbestuuropleidingsingrypings is uitgevoer, en 33 rekordbestuursinspeksies is uitgevoer om gesonde rekordbestuurspraktyke in regeringsliggame te verskans. Rekordbestuurspraktyke is versterk deur met regeringsliggame saam te werk om stelselmatige wegdoeningsprogramme en toepaslike rekordklassifikasiesistelsels te implementeer.

Uitkoms 3	Toegang tot en geleenthede vir deelname aan sport en ontspanning.
Uitkomsaanwyser	Verhoogde opname van en gebruik van dienste in die sport- en ontspanningssektor in die Wes-Kaap.

Die Departement het vordering gemaak met die behaling van die vyfjaar-Strategiese Plan se doelwitte, gegewe die beperkings in die vorige jaar weens Covid-19-inperkings. Programme is aangepas om die doelstellings en doelwitte van die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan te akkommodeer. Ontspannings- en sportprogramme en -projekte is in alle distrikte van die Wes-Kaap ontplooi. Konstruktiewe vergaderings is gehou met die ses distriksportrade en die WKPSK.

3.1. Vername prestasies ter verwesenliking van die 2019-24 Mediumtermyn Strategiese Raamwerk en Provinsiale Strategiese Plan

Gedurende 2022/23, het die Departement as volg bygedra tot die Nasionale Uitkomstevat in die Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTSR) 2019-2024:

Die Departement se bydrae tot die bereiking van die sewe nasionale prioriteite is as volg:

MTSF-prioriteit	Departementele bydrae
Prioriteit 1: 'n Bekwame, etiese en Ontwikkelingsgerigte staat	<p>Sport en ontspanning in die provinsie word gedryf deur die Nasionale Sport-en Ontspanningsplan en dienste is in vennootskap met die burgerlike samelewing se sportfederasies en munisipaliteite gelewer.</p>
Prioriteit 2: Ekonomiese transformasie en werkskepping	<p>Die aanbod van groot byeenkomste bevorder sporttoerisme. Die Departement werk met sportfederasies in die Provinsie wat befondsing vir groot aktiwiteite kan bekom.</p> <p>Die Departement van Kultuursake en Sport is verantwoordelik vir die provinsiale jeugdiensprogram wat geskoei is op die YearBeyond-program. Die YearBeyond-program bied elke jaar byna 3 000 vrywilligers geleentheid aan ons jeug saam met uitgebreide leierskapopleiding en paaie na indiensneming. Tot op hede het 79% van die groep vrywilligers oorgeskakel na werk of studies, en byna die helfte werk steeds op vrywillige basis in hul gemeenskappe.</p> <p>Die Ontspanningsprogram, MGO-program en Skoolsportprogram bied werksgeleentheid aan talle mense van ontvanger gemeenskappe.</p> <p>UOWP-werksgeleentheid word in die ontspanning, sport, kuns, kultuur en maatskaplike sektore gebied. Die Departement fasiliteer werksgeleentheid en verskeie kapasiteitsbou geleentheid met programme wat op die jeug gerig is om vaardighede te ontwikkel om toegang tot die arbeidsmark te bekom.</p> <p>Die Departement befonds die personeel van openbare biblioteke. Werksgeleentheid word geskep deur die bou en opgradering van openbare biblioteke.</p>
Prioriteit 3: Onderwys, vaardighede en gesondheid	<p>'n Groot deel van die Departement se begroting word spandeer aan die voorsiening van biblioteekdienste en die aankoop van biblioteekmateriaal ter ondersteuning van geletterdheid uitkomst. Die Departement verskaf ook boeke aan hierdie skole deur YearBeyond.'n e-boekdiens, Overdrive, vergemaklik toegang tot aanlyn bronne vir alle geregistreerde biblioteekgebruikers in die Wes-Kaap. Die Departement beywer 'n leesveldtog in die provinsie om 'n sterk leeskultuur in gemeenskappe aan te moedig en te bou, veral onder jonger kinders deur hul openbare biblioteke en YearBeyond-programme.</p>

MTSF-prioriteit	Departementele bydrae
	<p>Die opvoedkundige gaping tussen toegeruste en nie-toegeruste leerders kan toegeskryf word aan hulle onderskeidelike toegang tot boeke by die huis, familievakansies, die internet, buitemuurse aktiwiteite, blootstelling en ondersteuning.. Die Departement van Kultuursake en Sport help om hierdie gaping te verklein deur naskoolse programme aan skoolgaande leerders aan te bied deur die MGO-sentrums in 181 skole, die 134 Buurtskoolsentra en meer as 310 YearBeyond-terreine.</p> <p>Leerder deelname aan hierdie programme help met positiewe skoolbywoning, leerder dissipline, spanwerk, sowel as om leerders geïnteresseerd te hou om skool by te woon.</p> <p>Die MGO-sentrums bied deelnemers aan ontspanning, spore, die kuns en/of kultuuraktiwiteite deur 'n gestruktureerde kurrikulum en lesplanne wat ook fokus op lewensvaardigheidsontwikkeling. Die Buurtskoolsentra help om talent in geteikende kodes te identifiseer en te koester. Die Skoolsportprogram fokus op naskoolse aktiwiteite vir skoolgaande kinders, sowel as volgende vlak deelname. Die Ontspanningsprogram fokus op Sentrums om ontspannings- en sportaktiwiteite van VKO-vlak tot Senior Burger-vlak te bevorder.</p> <p>YearBeyond fokus daarop om hele kind-ontwikkeling aan te spreek, insluitend 'n fokus op opvoedkundige leemtes in geletterdheid en syfervaardigheid, die bou van 'n liefde vir lees en die bou van 'n liefde vir die buitelewe.</p> <p>Die Departement bevorder aktiewe ontspanning- en sportaktiwiteite vir die Provinsie. Ontspanning en sport bevorder 'n etos van lewenslange aktiwiteit.</p> <p>Die Departement het kapasiteitsbou opleiding vir kunstenaars in uitvoerende kunste aangebied.</p> <p>Die Museumdiens fasiliteer en bevorder die aanbieding van opvoedkundige programme by geaffilieerde museums wat op plaaslike geskiedenis fokus. Daarbenewens implementeer die museumdiens opvoedkundige programme in ooreenstemming met nasionale doelwitte deur middel van opvoedkundige programme soos die Nasionale Simbole en "Ek is die Vlag".</p>
<p>Prioriteit 4: Konsolidering van maatskaplike verdienste via basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is</p>	<p>Deur sy maatskaplik-inklusiewe programme verbreed die Departement sy maatskaplik-beskermende beleide deur die versagting van maatskaplike kwesbaarhede maatskaplike kwesbaarhede van vroue, kinders, meisies, gestremdes, en bejaardes, deur kuns en kultuur en ontspanning- en sportprogramme.</p>
<p>Prioriteit 5: Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering</p>	<p>Infrastruktuur vir inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) word voorsien aan openbare biblioteke deur die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke. Die projek word versterk deur die aanwending van breëband en Wi-Fi toegang.</p> <p>Kleiner biblioteke word tot stand gebring in landelike gebiede met klein bevolkings om toegang tot biblioteke te verskaf.</p> <p>Klubs in landelike gebiede word deur die Klubontwikkelingsprogram ondersteun. Ontspanningsentra, MGO-sentrums en Buurtskoolsentra en gedeeltes</p>

MTSF-prioriteit	Departementele bydrae
	<p>fasiliteite bied sport- en ontspanningsdienste aan landelike gemeenskappe. Landelike MGO-sentrums word ook in 'n voedingsprogram ingesluit.</p> <p>Deur die kuns en kultuurprogramme en deur befondsingondersteuning verseker die Departement die bewaring van kultuur en die bevordering van kuns in distrikte.</p> <p>Erfenis Hulpbronbestuur is 'n integrale deel van beplanning en die bestuur van infrastruktuur ontwikkeling. As sulks beoog die Departement, in vennootskap met munisipaliteite, om te verseker dat erfenis in dorp- en streeksbeplanning geïntegreer word, en ontwikkeling in die vroegste stadia van beplanning. Dit word grotendeels gedoen deur die ondersteuning van die provinsiale erfenis hulpbrongesag verantwoordelik vir die bestuur van erfenishulpbronne ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999.</p> <p>Die voorsiening van Sportfasiliteite word met alle munisipaliteite en sportfederasies fasiliteer om sport in alle gemeenskappe in die Provinsie te ontwikkel en te fasiliteer.</p> <p>Kulturfasiliteite bied gemeenskappe en organisasies fisiese ruimtes vir aktiwiteite in lyn met die mandaat van die Departement. Boonop skep Erfenis Wes-Kaap meganismes vir die integrasie van omgewings- en erfenisaangeleenthede in die ruimtelike- en ontwikkelingsbeplanningsproses.</p> <p>Kultuur is 'n hulpmiddel vir die oordrag van kennis en maatskaplike waardes. Die bevordering en bewaring van kuns en kultuur verseker kulturele volhoubaarheid van gemeenskappe se sosiale struktuur wat bydra tot volhoubare menslike nedersettings.</p> <p>Die Rekordbestuursprogram ondersteun staatsliggame, insluitend munisipaliteite, om rekords te bestuur om aanspreeklikheid en goeie bestuurtoesig te verbeter.</p> <p>Die Departement het ook verbintenis tot JDMA-belyning (DDM) getoon deur GOP-betrekkinge met plaaslike regering.</p> <p>Die Departement se geaffilieerde museums bied opvoedingsprogramme aan wat volhoubare gebruik van omgewingshulpbronne bevorder. Boonop skep Erfenis Wes-Kaap meganismes vir die integrasie van omgewings- en erfenisaangeleenthede in die ruimtelike en ontwikkelingsbeplanningsproses.</p>
<p>Prioriteit 6: Maatskaplike samehorigheid en veilige gemeenskappe</p>	<p>Die Departement bevorder konstitusionele waardes en nasionale simbole deur uitstallings, openbare programme, gemeenskapsgesprekke, opvoedkundige programme, bestuur van erfenishulpbronne, jeugontwikkeling, sport en ontspanning, en naskoolse programme.</p> <p>Erfenis Wes-Kaap, 'n provinsiale openbare entiteit gevestig ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999, is verantwoordelik vir die identifisering, beskerming, bewaring, bevordering en bestuur van erfenishulpbronne van waarde wat ons gedeelde waardes en identiteit weerspieël.</p>

MTSF-prioriteit	Departementele bydrae
	<p>Die Wes-Kaapse Geografiese Namekomitee moedig sosiale insluiting aan deur bewusmaking en steun vir die (her)benaming proses. Die proses word ondersteun deur sterk openbare deelnameprosesse.</p> <p>Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie se doel is om kultuur te bevorder, bewaar en ontwikkel. Die programme wat die WKKK ondersteun is gerig op die bevordering en bewaring van kultuurpraktyke en streef daarna om waardering van en respek vir die diverse kulture binne die Wes-Kaap te skep.</p> <p>Deur die voorsiening van redigering, vertaling en tolkdienste, dra die Departement by tot sosiale insluiting/samehorigheid deur die verbetering van kommunikasie in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, sowel as Suid- Afrikaanse Gebaretaal. Die Departement bevorder saam met die Wes-Kaapse Taalkomitee veeltaligheid, gemarginaliseerde inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal deur sy programme om bewustheid en gebruik van hierdie tale onder die inwoners van die Wes-Kaap te bevorder.</p> <p>Deur kuns en kultuur ontwikkeling- en bevorderingsprogramme verskaf die Departement geleenthede vir jeug, vroue, kinders en mense met beperkinge van diverse gemeenskappe om artistieke- en lewensvaardighede deur interaksie te bekom. Hierdie geleenthede vir die kwesbare en gemarginaliseerde bied platforms vir sosiale interaksie en dialoog, terwyl dit sosiale insluiting/samehorigheid onder gemeenskappe versterk. Gemeenskapkunssentrums skep veiligheidssentrums vir die samelewing terwyl hulle hul artistieke potensiaal ontsluit en uitbrei.</p> <p>Museums vier verskeie nasionale herdenkingsdae met uitreik- en openbare programme wat sosiale insluiting/samehorigheid bevorder. Uitstallings weerspieël toenemend voorheen verwaarloosde aspekte van plaaslike en kollektiewe Suid- Afrikaanse geskiedenis, wat bydra tot verdere sosiale insluiting/samehorigheid.</p> <p>Biblioteke dien as gemeenskapspilpunte wat sosiale insluiting bevorder en ondersteun.</p> <p>Ontspanning, MGO-programme, en Skoolsportaktiwiteite wat in verskeie munisipaliteite plaasvind, ondersteun positiewe sosiale, ontspanning- en sportinteraksie binne gemeenskappe.</p> <p>Sport het in vennootskap met die burgerlike samelewing voortgegaan om die ontwikkeling van sportfederasies, atlete, administrateurs en tegniese beamptes te ondersteun.</p> <p>Massadeelname in sport en ontspanning, en kuns en kultuur, dra by tot die bou van 'n gemene nasionale identiteit in 'n diverse, sosiaal samehorige gemeenskap, en die Departement ondersteun dit deur sy inisiatiewe.</p> <p>Die Witskrif vir Sport en Ontspanning (2012) beklemtoon die belangrikheid van sport in sy pogings om misdaad te bekamp. Die Sportontwikkelingsprogram sluit 'n gestruktureerde kurikulum en lesplanne in wat ook op lewensvaardighede fokus. Sport sal deel vorm van die proses</p>

MTSF-prioriteit	Departementele bydrae
	<p>waar ons gaan bydra tot die Veiligheidsplan van die Wes-Kaap Regering deur die voorsiening van sportverwante aktiwiteite in die onderskeie gemeenskappe, soos voorgeskryf deur die Kabinet.</p> <p>Die MGO-program sluit 'n gestruktureerde kurrikulum en lesplanne in wat ook op lewensvaardighede-ontwikkeling fokus.</p> <p>Skoolgaande leerders neem deel aan naskoolse aktiwiteite by skoolgebaseerde MGO-sentrums en Buurskoolsentrums, waardeur 'n veilige ruimte en omgewing vir deelname aan pretgevolde aktiwiteite, speel, ontspanning, sport, kuns, kultuur, sowel as akademiese aktiwiteite geskep word.</p>
Prioriteit 7: 'n Beter Afrika en wêreld	<p>Ter ondersteuning van streek- en kontinentale integrasie, bevorder die Departement se Afrika Maand- program Afrika-trots om sosiale insluiting te steun en xenophobia te elimineer. Daar is ook ondersteuning vir die Nasionale Federasies om kontinentale deelname te verbeter. "Die Jaar van Voeding" was die Afrikadag-tema vir 2022; die doel was om op wanvoeding en voedselonsekerheid in die Afrika-vasteland te fokus.</p>

Gedurende 2022/23, het die Departement as volg tot die Provinsiale Visie-Geïnspireerde Prioriteite (VIP'e) en strategiese temas bygedra:

Strategiese prioriteitsarea	Departementele bydrae vir 2022-2023
Groei en werkseleenthede	<ul style="list-style-type: none"> • Befondsing van openbare biblioteekpersoneel en skep van werkseleenthede deur opgradering en bou van nuwe biblioteke. • YearBeyond skep eerste werkseleenthede vir werklose jeug en paaie na werk of studie bied. • Werkseleenthede deur UOWP. Werkseleenthede in die kreatiewe industrieë: teaterproduksies, toneelfeeste, gebeurtenisbestuur, handwerkontwikkeling en kleinhandel. Virtuele programme is implementeer waar moontlik as gevolg van die pandemie. • Kuns en Kultuur befondsingprogramme bied ondersteuning aan gevestigde en intermediêre kunsorganisasies wat werk skep en opleiding verskaf vir kunspraktisyns, sport, erfenis- en argeologiese- en kultuurtoerisme. • Sportbefondsing bied steun aan gevestigde distriksportfederasies, die Wes-Kaapse federasies, die distriksportrade, die Wes-Kaapse Provinsiale Sportfederasie en relevante belanghebbers vir die ontwikkeling en bevordering van sport in die provinsie. • Ontspanning, sport, kuns en kultuur werkseleenthede • Naskoolse programme – sluiting van die geleentheidsgaping • Die ontwikkeling van die ontspanning en sportindustrie, wat van nature arbeidsintensief is, deur sportontwikkelingsprogramme (Ontspanning, MGO-program, Skolesport) wat aanleiding gee tot werkseleenthede en sakeleenthede binne gemeenskappe. • Woonbuurt Ontwikkelingsprogramme • Gedeelde fasiliteite
Bemagtiging van mense	<ul style="list-style-type: none"> • Biblioteke – voortdurende bevordering van 'n kultuur van lees en lewenslange leer

Strategiese prioriteitsarea	Departementele bydrae vir 2022-2023
	<ul style="list-style-type: none"> • Die Landelike Biblioteek Konnektiwiteitsprojek bied gratis internet toegang om aanlyn werksaansoeke moontlik te maak, aanlyn leer, e-leer portale, ens. • YearBeyond graad 3- en 4- geletterdheid en gesyferdheid inhaalprogramme • Betrek van risiko-jeug in NSP • Jeugdiens, YearBeyond, skep eerste werksgeleenthede vir werkloses tussen 18 – 25 jaar. • Toegang tot argief inligting vir navorsers en studente • Leeskamer in Argief vir openbare toegang tot kennis en vaardighede • Opleiding verskaf vir UOWP-begunstigdes • Voorsiening van ruimte vir indiensopleiding • Voorsiening van spasio vir PAY-interns • Aanbied van aanlyn Rekordbestuur, Elektroniese Rekordbestuur en Registrasieklerk kursusse om mense te bemagtig • Voorsiening van opleidingsgeleenthede aan ander belanghebbendes • Taal- en kulturele insluiting bv. bevorder die gebruik van inheemse tale met histories verminderde status. Vertaling van ten minste een sportkodereëlboek in isiXhosa. • Voorsiening van taal ondersteuningsdienste en die bevordering van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, insluitend Suid-Afrikaanse Gebaretaal. • Ontspanningsprogramme (VKO, spilpunt aktiwiteite) • Sportaktiwiteite en projekte bied geleenthede vir groei en werksgeleenthede. • MGO-en Buurskoolprogramme • Uitvoerende Kunsontwikkeling - kapasiteitsbou • Taal- en kulturele insluiting bv. bevorder die gebruik van inheemse tale met histories verminderde status. Vertaling van ten minste een sportkodereëlboek in isiXhosa. • Gedeelde fasiliteite • Ontwikkeling van uitvoerende kunste • Skoolsporprogramme (Kode-ontwikkeling, Atletontwikkeling, Afrigterontwikkeling) • Die Woonbuurt Ontwikkelingsprogram • Die voorsiening van kuns- en kultuuraktiwiteite lê die grondslag vir kunstenaars en kulturele uitdrukking, die bevordering van empatie wat verdraagsaamheid, aanvaarding en sosiale insluiting bevorder. • Die ondersteun van kuns- en kultuuraktiwiteite bevorder die ontwikkeling van regionale kultuuridentiteite en die behoud van tradisionele kunsvorme. • Blootstelling aan kunsvaardigheidontwikkeling bied die geleentheid tot ontwikkeling van lewensvaardighede vir jeugdige en dra by tot geleenthede in die kreatiewe industrieë. • Voorsiening van opleidingsgeleenthede aan opkomende kunstenaars. • NSP teiken risiko-jeug • Jeugdiensprogram
obiliteit en ruimtelike transformasie	<ul style="list-style-type: none"> • Die Departement is in elke dorp in die Provinsie teenwoordig, byvoorbeeld in die vorm van biblioteke, museums, of sportkantore. • Sosiale infrastruktuur, bv biblioteke sportfasiliteite, museums, sportkantore, ens. • Ruimtelike transformasie van die erfenislandskap deur ondersteuning van

Strategiese prioriteitsarea	Departementele bydrae vir 2022-2023
	<p>die werk van die Erfenis Wes-Kaap entiteit.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kultuurfasiliteite en gemeenskapsentrums verskaf aan gemeenskappe en burgerlike organisasies 'n veilige ruimte vir aktiwiteite wat sosiale transformasie ondersteun. • Sportontwikkelingsentra (Ontspanning, MGO en Buurtskoolsentra) in elke distriksmunisipaliteit en meeste dorpe in die Provinsie. • Distriksportakademies is in al ses van die distrikte binne die Wes-Kaap beskikbaar, ondersteun deur die onderskeie munisipaliteite. • Besikbaarheid van fasiliteite word in vennootskap met alle munisipaliteite in die Provinsie gefasiliteer tot voordeel van gemeenskappe. Dit vorm deel van dienslewering vir sport en ontspanning.
<p>veilige en samehorige gemeenskappe</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Openbare biblioteke bied 'n veilige ruimte vir kinders na skool en vir gemeenskapslede. • Voorsiening van ontspanning, sport, kuns- en kultuurgeleentede vir gemeenskappe as deel van die skep van alternatiewe platforms om samehorigheid te bou. • Versekering van 'n inklusiewe argiefdiens met inligting wat oop en toeganklik is vir alle kliënte. • Mense kan leer oor wie hulle is, hul genealogiese inligting, historiese gebeure, boedeldokumente (testamente, doodsberigte) huwelike, geboorte- en doodsregisters en het dus 'n beter begrip van waar hulle hulle behoort. • Kunsontwikkelingsprogramme verskaf veiliger en konstruktiewe aktiwiteite vir jeugdiges, alternatiewe tot destruktiewe gedrag, platforms verskaf veilige ruimtes vir gemeenskappe om in deel te neem. Kunsontwikkeling en -bevordering aktiwiteite is virtueel en hibried aangebied. • Voorsiening van toegang bied tot rekords van vorige ongeregtighede en skending van menseregte om genesing, geregtigheid en rekonsiliasie te bevorder. • Verbintenisse deur sport en burgerlike gemeenskappe om sosiale samehorigheid en nasiebou te bevorder. • Vennootskappe met susterdepartemente sal gebou word om gemeenskappe te baat en veiliger ruimtes vir sport en ontspanning en gemeenskapsontwikkeling te skep. • Bou sosiale samehorigheid deur sport en ontspanning. • Teiken jeug in gevaar om riskante gedrag te verminder. • Die gebruik van skole as veilige ruimtes vir skoolgebaseerde gemeenskappe na skoolure, (bv Ontspanningsentrums, MGO-sentrums en Buurtskoolsentrums en gedeelde fasiliteite). • Betrokkenheid in die Buurtontwikkelingprogram
<p>innovasie en kultuur</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruikneem van meer elektroniese hulpbronne in biblioteke • Openbare-private vennootskapsmodelle van dienslewering in beide jeugdienste en sportontwikkeling • Ontwikkeling van norme en standaarde vir die jeugdiens • Die bou van 'n kultuur van responsiewe regering in al ons dienste • Bou van 'n kultuur van lees deur ons biblioteke, jeugdienste, argiewe en museums • Digitalisering van argiefrekords • Aanlyn uitstallings en uitreikprogramme • Versterking van Elektroniese Rekordbestuursprogramme wat verantwoordelik is vir die effektiewe en sistematiese kontrole van die

Strategiese prioriteitsarea	Departementele bydrae vir 2022-2023
	<p>skep, ontvangs, onderhoud, gebruik en toestand van elektroniese rekords, insluitend die proses van vasvang en behoud van bewyse van en inligting oor besigheidsaktiwiteite en transaksies.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Aanlyn reserveringsstelsel vir kultuurfasiliteite • Aanlyn reservering om registrasieklerk-, rekordbestuur- en elektroniese rekordbestuur kursusse by te woon • Aanlyn registrasieklerk kursus • Voortgesette gebruik van AtoM vir rangskikking en beskrywing van argiefrekords. • Implementering van omvattende ontplooiing van die Ondernemingsinhoudsbestuursprogram (OIB) na geselekteerde departemente en volgehoue stelselondersteuning vir alle departemente • Provinsiale Mondelinge Geskiedenis-databasis wat alle mondelinge geskiedenisprojekte wat in die Wes-Kaap gedoen is, sal opteken. Implementering van aanlyn inspeksie opnames vir die Wes-Kaapse Argief en Rekorddiens kliëntekantore. • Bevorder die funksionaliteite voorsien deur die Onderneming Inhoudsbestuur (OIB) program om besighede te help om beter beheer oor dokumente- en rekordbestuur te bereik. • Aanlyn reserveringsstelsel vir kultuurfasiliteite • Aanlyn reservering om registrasieklerk-, rekordbestuur- en elektroniese rekordbestuurkursusse by te woon • Aanlyn registrasieklerkkursus • Implementering van AtoM • Provinsiale Mondelinge Geskiedenis databasis wat alle mondelinge geskiedenisprojekte wat in die Wes-Kaap gedoen is, sal opteken. Implementering van aanlyn inspeksie opnames vir die Wes-Kaapse Argief en Rekorddiens kliëntekantore. • Onderneming Inhoudsbestuur • Bevorder die funksionaliteite voorsien deur die Onderneming Inhoudsbestuur (OIB) program om besighede te help om beter beheer oor dokumente- en rekordbestuur te bereik. • Die innoverende finansieringsmodel is ons sosiale franchise model wat 'n gedeelde koste model tussen WKR, skenkers en implementerende NROs verskaf. • Die Buurtontwikkelingsprogram • Gedeelde-fasiliteit benadering om skoolgaande leerders en die skoolgebaseerde gemeenskap toegang te bied tot 'n kwaliteit ontspanning, sport, kuns- en kultuurfasiliteit. • Aanlyn sportbefondsing aansoekstelsel is ontwikkel vir sportfederasies

4. Prestasie-inligting per program

4.1. Program 1: Administrasie

Doel

Om algemene finansiële en strategiese bestuurs- en administratiewe ondersteuning aan die Departement van Kultuursake en Sport te lewer.

Subprogram

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

Om administratiewe, kliënteskakelings- en ondersteuningsdienste aan die Minister van Kultuursake en Sport te lewer.

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste

Om 'n algemene ondersteuningsdiens vir finansiële bestuur aan DKES te lewer, met inbegrip van finansiële bestuursdienste aan die drie openbare entiteite wat aan die Minister van Kultuursake en Sport rapporteer.

Subprogram 1.3: Bestuursdienste

Om 'n administratiewe ondersteuningsfunksie aan die Departementshoof te lewer deur 'n doeltreffende kommunikasiediens en strategiese en bedryfsondersteuningsdiens te verskaf, met inbegrip van 'n monitering- en evalueringdiens, die implementering van inisiatiewe vir diensleweringverbetering, doeltreffende kliënteverhoudings, of doeltreffende bestuur van intra-/interregeringsbetrekkinge, en beperkte voorsiening vir instandhoudings- en akkommodasiebehoeftes te maak.

Bydrae tot instiusionele uitkomst

Program 1 ondersteun al drie die Departement se uitkomst.

Strategiese uitkomst, uitsette, uitsetaanwyser, beplande teikens en werklike prestasies

Die Finansiële Bestuursplan dien as 'n meganisme om eksterne en interne ouditbevindings te monitor. Die beheeromgewing is deur die implementering van die plan aansienlik verbeter. Dit het die intensiewe monitering en opvolg van die bevindings op 'n kwartaalbasis behels. Alle aanbevelings is vir die verslagtydperk geïmplementeer.

Die verantwoordelikhede van Subprogram 1.3: Bestuursdienste behels onder meer die implementering van Batho Pele-inisiatiewe binne die Departement, monitering en evaluering van die Departement se prestasie, en beplanning vir die Departement se behoeftes ten opsigte van onroerende bates. Alle aanwysers is bereik, wat insluit die ontwikkeling en goedkeuring van 'n terreinspesifieke handves en 'n jaarverslag aan landsburgers, sowel as kwartaalprestasiemoniteringsverslae, die voltooiing van 'n evaluering en 'n gebruikersbatesbestuursplan.

Die strategiese uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in die tabelle hierna aangebied.

Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

PROGRAM 1: ADMINISTRASIE									
Uitkoms	Uitset	Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2020/2021	Werklike prestasie 2021/2022	Bepaalde teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/2023	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/2023	Kommentaar op afwykings
Subprogram 1.2: Finansiële Bestuursdienste									
Alles	Jaarlikse verbeteringsplan vir finansiële bestuur (FBIP)	1.2.1	Getal planne implementeer om oudituitkomste te verbeter en vermindering van ouditbevindings soos uitgelig deur die Ouditeur-Generaal en Interne Ouditeur ter bereiking van diensuitnemendheid	1	1	1	1	-	-
Alles	Oudit aanbevelings geïmplementeer	1.2.2	Persentasie van aanbevelings van Interne Oudit geïmplementeer	97%	100%	100%	90%	-10%	Twee bestuursaksieplanne wat opgevolg is, is nie teen die ooreengekome implementeringsdatum voltooi nie omdat verdere betrokkenheid nodig was.
Subprogram 1.3: Bestuursdienste									
Alles	Diensleweringsverslag(-e) en/of handves(-te)/goedgekeurde voorlegging	1.3.1	Getal Batho Pele-diensleweringsverbeteringsdokumente opgestel	2	2	2	2	-	-
Alles	Evaluasie	1.3.2	Getal evaluerings gedoen (monitering- en evalueringsverwant)	1	1	1	1	-	-

PROGRAM 1: ADMINISTRASIE

Uitkoms	Uitset	Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2020/2021	Werklike prestasie 2021/2022	Beplande teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/2023	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/2023	Kommentaar op afwykings
Alles	Kwartaallike prestasiemoniteringsverslae	1.3.3	Getal kwartaallike prestasiemoniteringsverslae saamgestel	4	4	4	4	-	-
Alles	GBBP	1.3.4	Getal GBBP'e ingedien	1	1	1	1	-	-
Alles	Departementele Sakekontinuiteitsplan	1.3.5	Departementele Sakekontinuiteitsplan word jaarliks hersien en aangepas soos benodig	1	1	1	1	-	-
Alles I	PERSAL-verslag	1.3.6	Getal interns in die Premier se Bevordering van die Jeug-program (PAY)	32	32	28	28	-	-
Alles	Kommunikasieplan	1.3.7	Goedgekeurde Departementele Kommunikasieplan	1	1	1	1	-	-

Strategie om areas van onderprestasie die hoof te bied

Die opstel van realistiese implementeringstydraamwerke sal toelaat dat die nodige bestuursverbintenisse plaasvind.

Prestasie vergeleke met gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met samelopende funksies

Daar was geen gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir Program 1 nie.

Koppeling van prestasie aan begroting

Besteding per subprogram vir Program 1: Administrasie was soos volg:

Subprogram	2022/23			2021/22		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onderbesteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onderbesteding R'000
Kantoor van die LUR	8 682	8 674	8	8 919	8 919	-
Finansiële Bestuursdienste	34 139	34 139	-	34 253	33 969	284
Bestuursdienste	26 139	26 138	1	22 174	22 174	-
Totaal	68 960	68 951	9	65 346	65 062	284

4.2. Program 2: Kultuursake

Doel

Om kuns-, kultuur-, erfenis- en taalverwante dienste aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer.

Subprogramme

Subprogram 2.1: Bestuur

Om strategiese bestuursteun aan Kultuursake te verskaf.

Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur

Om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te fasiliteer deur middel van die skep van doeltreffende en lewenskragtige funksionerende kuns- en kultuurstrukture, -aktiwiteite en -omgewings, en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie met die uitvoering van sy wetgewende mandaat by te staan en te ondersteun.

Subprogram 2.3: Museumdiens

Om die transformasie van die Wes-Kaap se erfenis te versnel deur verskeie dienste te lewer omdat erfenis van die provinsie deur middel van die geaffilieerde museumdiens en geaffilieerde erfenis instellings te bewaar, ontwikkel en te bevorder.

Subprogram 2.4: Erfenishulpbronbestuursdiens

Om Erfenis Wes-Kaap by te staan en te ondersteun, om belangrike erfenishulpbronne te beskerm, bewaar, bestuur en bevorder ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 49 van 1999; om prosesse te fasiliteer met betrekking tot wêrelderfeniskwessies in die Wes-Kaap ingevolge die Wet op Wêrelderfeniskonvensie, 1999; om prosesse te fasiliteer vir die standaardisering of veranderinge, waar nodig, van geografiese name in die Wes-Kaap deur die implementering op provinsiale vlak van die mandate van die Wet op die Raad van Suid-Afrikaanse Geografiese Name, Wet 118 van 1998.

Subprogram 2.5: Taaldienste

Om veeltaligheid in die Wes-Kaap te bevorder om dienslewering en toeganklikheid te verbeter; om die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief te ontwikkel; om die implementering en monitering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te fasiliteer; en om administratiewe steun aan die Wes-Kaapse Taalkomitee met die uitvoering van sy wetgewende mandaat te verleen.

Bydrae tot strategiese uitkomst

Die program dra by tot die Strategiese Uitkoms 1 deur toegang en geleenthede te bied vir deelname aan die kuns-, kultuur- en erfenissektore, deur ekonomiese groei en veilige en samehorige gemeenskappe te ondersteun.

Strategiese uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

In 2022/23 het die Departement voortgegaan om taalondersteuning te bied in die vorm van redigerings-, vertaling- en tolkingsdienste in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap en Suid-Afrikaanse Gebaretaal te verskaf. Medwerking met tersiêre instellings is uitgebrei. Die Departement het ook voortgegaan om die Wes-Kaapse Taalbeleid te ondersteun deur middel van 'n oordragbetaling aan die Wes-Kaapse Taalkomitee, 'n Bylae 3C-openbare entiteit wat ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999) gevestig is.

Die Departement ondersteun steeds die wetlik gemagtigde werk van die provinsiale erfenishulpbronowerheid, Erfenis Wes-Kaap, deur 'n jaarlikse oordragbetaling en die voorsiening van personeel vanuit MHBD om die werk van die entiteit te onderneem. Die Direkoraat: Museums, Erfenis- en Geografiese Namedienste verleen hulp met intervensies wat bydra tot die Wes-Kaapse Provinsie se tak van die Weerstand en Bevrydingserfenisroete as deel van die nasionale projek om só 'n roete daar te stel.

Die Kunsontwikkelingsprogram, onderskraag deur wetgewende mandate en strategiese doelwitte, het 'n kunsontwikkelingsprogram ontwerp wat op drie pilare, naamlik die identifisering, ontwikkeling en bevordering van talent, berus. Deur middel van drama, dans, musiek, literêre kuns en handwerkontwikkeling is die eenheid van voorneme om opleidingsprogramme te implementeer wat daarop gaan fokus om die artistieke vaardighede van die jeug in landelike distrikte te ontwikkel. Die opleidingsprojekte sal kulmineer in 'n tentoonstelling van uitvoerings deur middel van feeste en uitstallings. Die kunsontwikkelingsprogram streef daarna om sy vennootskappe met organisasies in die openbare en privaatsektor te versterk, waarby die burgerlike samelewing ingesluit is.

Die Departement het voortgegaan om finansiële bystand aan die kunste te bied deur middel van oordragte aan kunsorganisasies, individue en maatskappye en die fasilitering van samewerkende inisiatiewe wat die bevordering, ontwikkeling en bewaring van kuns en kultuur binne gemeenskappe ondersteun. Die Departement bied administratiewe ondersteuning aan die Wes-Kaapse Kultuurkommissie ter uitvoering van sy wetgewende mandaat wat die ondersteuning van kultuurrade en die instandhouding van sewe kultuurfasiliteite binne die Provinsie behels.

Bestuur

Die UOWP het 431 werksgeleenthede geskep in areas van instandhouding van geboue, uitvoerende kunste en administrasie, erfenis, museums, biblioteke en argiewe.

Kultuursake-toekennings

Die Departement het sy 20ste Kultuursake-toekennings in Oktober 2022 aangebied. Aansienlike bydraes van individue en organisasies tot die kuns-, kultuur-, taal-, biblioteke-, argiewe-, erfenis- en museumsektor is met 'n toekenning vereer. Vir die eerste keer was 'n dowe seremoniemeester mede-gasheer van hierdie geleentheid, wat veral die Departement se verbintenis tot maatskaplike inklusiwiteit beklemtoon.

Kuns en kultuur

Jaarlikse befondsingsprogram

Die kunste is 'n bate wat lei tot innovasie terwyl hindernisse afgebreek word, diverse stemme bemagtig word, en menslike verbindings verstaan en bevorder word. Wanneer die kunste in die struktuur van 'n gemeenskap verweef, help dit om nuwe talent te lok en kan dit die ekonomie laat groei. Almal trek voordeel uit die kunste, daarom is daar 'n behoefte om die kunste te ondersteun om die kuns- en kultuursektor te vernuwe, te herbedink en te transformeer.

Die Departement, het die afgelope jaar voortgegaan om via die Jaarlikse Befondsingsproses met bedryfsvennote te werk en projekte te ondersteun wat professionele paaie vir jong kreatiewe individue ontwikkel en sodoende werk- en opleidingsgeleenthede in onder meer die rolprent- en groot gebeurtenissektore geskep het. Inisiatiewe wat ondersteun is, sluit in die "Magic in Communities"-projek van die College of Magic wat aangetoon het dat 689 jeugdige in die oorsigjaar opgelei is. Afgestudeerdes van die kollege was beide plaaslik en internasionaal suksesvol in die wêreld van kulturele vermaak, en sluit onder andere Olwethu Dyantyi, Conrad Koch, Riad Moosa, Nkumbuzo Nkonyana, Mawonga Gayiya en Jenna Bass in om 'n paar te noem. Zip Zap-sirkus het verlede jaar deur Frankryk getoer en in Parys opgetree saam met 'n rolverdeling van plaaslike kunstenaars wat by die sirkusskool opgelei is, en Magnet Theatre wat gehore so jonk as drie jaar oud bekendgestel het aan hul eerste teaterervaring by die teater as deel van hul uitreikprogram. Die Departement het ook die "Beyond Busking Development" Program van die Kaapstad Kunstefees ondersteun, waar een van die deelnemers van Khayelitsha tot die internasionale verhoog deurgedring het aangesien sy 'n ses maande werkgeleentheid in Spanje aangebied is.

Die Departement het 107 organisasies, individue en maatskappye met oordragbetalings ondersteun om hul programme en aktiwiteite regoor die provinsie te implementeer. Die Departement moedig samewerking tussen organisasies en programme aan, aangesien dit voorsiening maak vir kreatiewe ervarings en mede-skepping van kunswerke. Kunstenaars is kreatief en kreatiwiteit is generatief, aanpasbaar en skep nuwe moontlikhede. Dit is nie gekoppel aan een bedryf of vorm van praktyk nie en het ondersteuning nodig om te floreer.

Inisiasie

Sedert die afvaardiging van die Wet op Gebruiklike Inisiasie, Wet 2 van 2021, is die Wes-Kaapse Provinsiale Inisiasiekoördineringskomitee (WKPIKK) vir sy tweede termyn op 1 Julie 2022 deur die Premier aangestel. Die ampstermyn vir die WKPIKK is vyf jaar en sy kernfunksie is om die wet te implementeer en algehele nakoming te verseker.

'n Skakeling met 19 munisipaliteite waar inisiasie beoefen word, is op 29 April 2022 gehou om te besin oor hul rol en verantwoordelikhede kragtens die Wet.

Gedurende die oorsigtydperk het 1 650 ingewydes dié kulturele deurgangsrute ondergaan. Die Departement het opleiding en ondersteuning aan die kulturele praktisyns verskaf sodat 'n veilige deurgangsrute verseker word. Die Departement sal voortgaan om die praktyk in die Provinsie te ondersteun om die behoud en volhoubaarheid daarvan, en die veiligheid van ingewydes verseker te verseker.

Kunsontwikkeling- en bevordering

Kapasiteitsbou en opleiding in die kunste is een van die kernmandate van die Departement om ontwikkeling en die volhoubaarheid van die kunsteomgewing te verseker. Dit is ook 'n

fundamentele deel van die skep van 'n gesonde nasie, gemeenskapsamehorigheid, die skep van geleenthede en van 'n alternatiewe toekoms.

Die fundamentele rol van kunste het oor die jare belangriker geword, gegewe die hoë vlakke van geweld in die samelewing wat lei tot die voorkoms van posttraumatiese stresversteuring, depressie, dwelmmisbruik en ander geestesgesondheidsuitdagings, veral by jongmense. Deur die kunste fokus ons daarop om die jeug van betekenisvolle platforms te voorsien om hul passie en potensiaal te vind en te ontsluit.

Die program vir gemeenskapkuns wat deur die Departement in samewerking met die nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur (DSKK) geïmplementeer is, het 20 gemeenskapkunssentrums oor die provinsie gelok. Die Departement gaan voort om gemeenskapkuns te laat groei deur op kunssentrums te fokus as 'n instrument vir persoonlike en gemeenskaps groei. Boonop bied hierdie program steeds broodnodige kapasiteitsbou en opleiding.

Twintig bestuurders van die kunssentrums het gedurende die oorsigjaar 'n kursus by die Nagraadse Bestuurskool aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi, wat deur die Sustaining Theatre and Dance (STAND) Foundation gefasiliteer is. Hulle is met kunsbestuursvaardighede bekwaam om hul bydrae tot die kunste te verdiep. Die kursus het ses maande geduur, en is gevolg deur 'n Gemeenskapkunssentrums Indaba wat van 22-24 Maart 2023 by die Kunstekaap gehou is. Die Indaba het 'n platform geskep vir gegradueerdes en ander praktisyns in gemeenskapkuns om betrokke te raak by beleid en strategieë ter verbetering van die sektor.

'n Handleiding vir gemeenskapkunssentrums is ook by die Indaba bekendgestel. Dit dien as 'n kapasiteitsbou-instrument vir gemeenskapkunssentrums. Die handleiding bestaan uit 'n reeks van ses volumes wat deel is van die WKR-plan vir gemeenskapkunssentrums waarin die volgende onderwerpe gedek word: Volume 1 - Inleiding tot gemeenskapkunssentrums; Volume 2 - Bestuur, instandhouding en personeel; Volume 3 - Bemaking en publisiteit; Deel 4 - Op pad na volhoubaarheid: Fondsinzameling en inkomsteskepping; Volume 5 - Finansiële bestuur; en Volume 6 - Projekbestuur en programmering.

Musiek speel 'n deurslaggewende rol in die totale ontwikkeling van 'n individu (verstand, liggaam en gees). Die Departement se musiekontwikkelingsprogram bemagtig steeds kunstenaars in alle sferes van die musiekdissipline soos uitvoering, musiekbesigheid en die kreatiewe industrieë. Werksessies oor Intellektuele Eienskappe vir KMO's is in Oktober 2022 in vennootskap met die Departement van Kleinsakeontwikkeling gehou. Die doel van die werksessies was om besigheidsontwikkelingsvaardighede en intellektuele eiendoms kennis oor te dra. Hierdie werksessies het in drie distrikte plaasgevind (Tuinroete - Knysna, Kaapse Wynland - Worcester en Kaapse Metro - Philippi). Hierdie verbintenisse het begrip onder kreatiewe mense gestimuleer om nie net op musiekuitvoering te fokus nie, maar om te sien dat hulle 'n direkte bydrae tot die ekonomie as klein- en medium-ondernemings lewer.

Die dramafees-inisiatief is in sy dertiende jaar van implementering en het weereens 51 produksies gelok. Die program het deelnemers uit die Tuinroete, Kaapse Wynlande en Overberg-distrikte gelok.

Die jeug binne hierdie program is opgelei in draaiboekskryf, verhoog- en rekwisietbestuur, tegniese vaardighede in klank en lig, regie en karakterontwikkeling. Vyftig persent van die totale kohort was eerste inskrywings in gemeenskapsteater en -opvoering. Op 25 Februarie

2023 het die jeugdige binne die program aan die dramafees-eindstryd by die Baxter-teater deelgeneem om meer jeugdige die geleentheid te bied om op 'n professionele platform op te tree.

Die weners van die fees is op 25 Maart 2023 'n geleentheid gebied om by die Zabalaza-teaterfees op te tree. Die weners van die vorige boekjaar het ook 'n vertoning by die Suidoosterfees aangebied. Drie dramaprogramdeelnemers het 'n oudisie afgelê en sal aan 'n komedieprogram (OumaSarie) op eTV Plus deelneem.

Deur middel van die literêre kunsprogram poog die Departement om boodskappe van hoop en nasiebou deur middel van die gesproke en geskrewe woord oor te dra. Dit dien as 'n hulpmiddel om gemeenskappe te verbind, te bou, te inspireer, uit te daag en te laat herleef. Die Departement het in Augustus 2022 'n Vrouemaandprogram in samewerking met Stellenbosch Munisipaliteit aangebied wat op senior burgers fokus, deur storievertelling te gebruik om die literêre kunste te bevorder, te bewaar en bewustheid te skep.

Ter bevordering en bewaring van rieldans as 'n inheemse kunsvorm het die Departement vanaf 19 tot 23 Desember 2022 'n danskamp en samewerking by Okkie Jooste-kultuurfasiliteit, Stellenbosch aangebied. Hierdie program het jeugdige van Sentraal-Karoo, die Kaapse Wynlande, Tuinroete en Kaapse Metro gelok. Die doel van die projek was om rieldans gewild te maak deur hip-hop, kontemporêre, Gqom, tradisionele dansvorme en dromme as sy platform te gebruik.

Museums, Erfenishulpbronbestuur en Geografiese namediens

Die nuwe ouditmodel wat in die Wysigingswet op Museumordonnansie, No. 2 van 2021 aanvaar is, het toegelaat dat die Provinsie-gesteunde Museums vir die 2021/22-jaar deur professionele geakkrediteerde ouditeure buiten die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika geoudit word.

Museums in die Wes-Kaap het 'n terugkeer van besoekers na die museums begin sien en 'n geleidelike toename in inkomste deur toegangsgelde. Museums het egter programme in die virtuele ruimte voortgesit om toeganklike, aanlyn uitstallings en geleenthede op 'n vasgestelde tyd vir die publiek aan te bied. Museums het goed aangepas by die geleidelike opening van die samelewing deur verantwoordelike sosiale interaksie-geleenthede soos uitstallingsbekendstellings en opvoedkundige programme te verskaf om die algehele welstand van mense in die Wes-Kaap te bevorder. Dit het 'n ondersteunende en koesterende samelewing bevorder om maatskaplike kohesie en insluiting te versterk, wat deur inperkingsmaatreëls geraak is.

Museumnavorsing en -uitstallingsdienste ondersteun geaffilieerde museums met 'n reisende uitstallingsdiens sowel as langtermynuitstallings. Die volgende uitstallings is gedurende die boekjaar voltooi:

- Varswaterbron by die Bartholomeu Dias Museum
- Plaaslike geskiedenis-intervensie by die Drostdy Museum, Swellendam
- Digitale Kaapstad, 'n Digitale platform vir die Kaapstad Museum
- Baniere vir 27 for Freedom Race
- Kaapstad Museum-geheuesentrum

- Foodways of the Western Cape
- Peninsula Kraamhospitaal by die Kaapstad Museum-geheuesentrum

'n Navorsings- en konsultasieprojek vir die ontwikkeling van 'n nuwe besoekerservaring is vir die Bartholomeu Dias Museum voltooi.

Voorts het die Museumdiens in samewerking met 32 geaffilieerde museums regoor die Wes-Kaap museologiese ondersteuning, versamelingsbestuurskundigheid, opvoedkundige programme en uitstillingsontwikkeling in 2022/23 voorsien. Daarbenewens het die Museumdiens gedurende 2022/23 jaarlikse subsidies aan 19 Provinsie-ondersteunde Museums en hulptoelae aan vyf plaaslike museums betaal om te verseker dat hierdie museums oor die nodige bedryfshulpbronne beskik om die publiek te dien.

Opleiding en kennisdeling binne die museum-omgewing het in 2022/23 voortgegaan en is aangehelp deur nuwe vaardighede en tegnologieë wat gedurende die vorige boekjaar bekom is. Die Museumdiens het vanaf 1 tot 4 November 2022 'n Jaarlikse Museumsimposium met geaffilieerde museumbestuurders aangebied om die herposisionering en herstel van museums ná Covid 19 te bespreek. Die werksessie het opleiding verskaf aan geaffilieerde museumbestuurders wat ook sake van belang met die Departement bespreek het. Die herlewering van geaffilieerde museumtentoonstellings en uitstillings het in 2022/23 voortgegaan.

Binne die erfenissektor het die Departement voortgegaan om sy entiteit EWK deur middel van 'n jaarlikse oordragbetaling te ondersteun.

Verder gaan die Departement voort om sy ondersteuning te bied aan die RLHR, 'n deurlopende nasionale projek van die nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur, wat die bekendstelling en bevordering van 27 terreine of nodusse van belang behels wat verband hou met die land se weerstand- en bevrydingserfenis. Die drie terreine in die Wes-Kaap is die "Robben Island Prison Landscape"; "Tussen die Riviere: Herdenking van die vroeë nalatenskap van weerstand deur die inheemse inwoners van Suid-Afrika"; en die "Pad na vryheid: Terreine wat verband hou met Nelson Mandela se tog na vryheid op 11 Februarie 1990", en sluit die ingang/uitgang van die Drakenstein korrektiewe fasiliteit; die Madiba-huis by die Drakenstein korrektiewe fasiliteit; en die Stadsaal en Groot Parade in Kaapstad. Na die afhandeling van die uitvoerbaarheidstudie, is Iziko Museum met die bestuur van Madiba Huis toevertrou.

Taaldienste

Die hooffokus van die Departement se taalkomponent is om vertaal-, tolk- en redigering/proefleesdienste aan WKR-departemente te bied. Die Departement het sy beplande teiken vir taalondersteuningsdienste in die drie amptelike tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal in die oorsigjaar oorskry. Dit was hoofsaaklik as gevolg van die verhoogde aanvraag vir taaldienste van provinsiale departemente ten einde met die mense van die Wes-Kaap te skakel. Derhalwe is die beplande teiken van 448 oorskry, wat tot 'n finale uitset van 664 gelei het.

Die Departement het befondsing verskaf vir die Drietalige Woordeboek in Kaaps/Afrikaans/Engels wat deel uitmaak van die projek vir Kaaps wat deur die Sentrum vir Veeltaligheid en Diversiteitsnavorsing by die Universiteit van Wes-Kaapland en die Heal the Hood-projek 'n nieregerings-gemeenskapsorganisasie, van stapel gestuur is. Die Drietalige Woordeboek van Kaaps is die Eerste van sy soort en is 'n beskrywende versameling wat tot

ontwikkeling van die Eerste woordeboek van Kaaps sal lei. Tot op hede het die leksikografiespan tekste saamgestel komende van 'n verskeidenheid databronne soos uitgewers, biblioteke, draaiboekskrywers, hiphop-kunstenaars, komediante en blogsrywers. Die projek is tans in sy finale fase van beskrywing en ontleding van die woorde wat in die woordeboek ingesluit word. Die redaksie sal eersdaags begin met sy interne hersiening van die klassifikasie van woorde in Kaapse en definisies daarvan, met inbegrip van voorbeelde en vertalings van Kaaps na Standaardafrikaans en Standaardengels met die oog op publikasie in 2024.

Die Departement het 'n Jeugdag-geleentheid op 16 Junie 2022 in samewerking met die WKTK en Iziko Museums van Suid-Afrika aangebied. Die geleentheid het die jeug gevier onder die tema "Bevordering van volhoubare lewensbestaan en veerkragtigheid van jongmense vir 'n beter toekoms". Jongmense van Scalabrini Lawrence Huis, Dewandre Fritz Foundation, leerlinge en onderwysers van die Noluthando Skool vir Dowes in Khayelitsha, en lede van die publiek het die geleentheid bygewoon. Die Departement, in vennootskap met die WKTK, Iziko Museums van Suid-Afrika, die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) en PanSAT het die Bewusmakingsmaand vir Dowes gevier deur die bekendstelling van die eerste tweetalige SASL Woordeboek op 1 September 2022. Onder die deelnemers was die Wes-Kaapse LUR vir Kultuursake en Sport, Anroux Marais, die voormalige Minister van Sport, Kuns en Kultuur, Nathi Mthethwa, en topbestuurders van die Wes-Kaapse Regering, insluitend Rooksana Omar, Hoof-Uitvoerende Beampte van Iziko Museums van Suid-Afrika wat hul ondersteuning uitgespreek het. 'n Aantal organisasies wat die dowe gemeenskap verteenwoordig het die geleentheid bygewoon. Hierdie tweetalige SASL-woordeboek, wat deur die NID ontwikkel is, bestaan uit meer as 3 000 tekens en 2 500 Engelse woorde, wat taalleer en -onderrig sal vergemaklik.

Die Departement het Internasionale Geletterdheidsdag op 22 September 2023 gevier in medewerking met die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Sentrum vir die Boek, biblioteke in die Stad Kaapstad gevier, en die Wes-Kaapse Departement van Onderwys, deur 'n Spelling Bee-kompetisie vir graad 5, 6 en 7 onder die tema "Transformasie van ruimtes vir geletterdheid en leer" aan te bied.

Die DKES het op 28 November 2022 kopieë van die eerste reël-boekie vir boks in isiXhosa aan boksstrukture in die provinsie oorhandig. Die Departement het in 2015 begin om die reëlboeke van verskeie sportkodes in isiXhosa te vertaal om toeganklikheid tot en nakoming van hierdie reëls te verhoog. Tot op hede is die vertaling van reëlboekies vir skaak, krieket, netbal en boks voltooi. Die Taaldienseenheid, in oorlegpleging met PanSAT en ander kundige belanghebbers in terminologieontwikkeling was verantwoordelik vir die vertaling. Die Departement het die inleiding tot die reëlboek voorsien. Die ontwikkeling van vertaalde reëlboeke het die bevordering van veeltaligheid in die sportomgewing verseker.

Die Departement in medewerking met die WKTK, Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie, Aksieforum vir Inheemse Tale, Iziko Museums van Suid-Afrika, PanSAT en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, het op 25 Februarie 2023 'n graad 4-isiXhosa Spelling Bee-kompetisie op 25 Februarie 2023 ter viering van Internasionale Moedertaaldag onder die tema "Veeltalige onderrig – die noodsaaklikheid om onderrig in 'n veeltalige wêreld te transformeer" aangebied.

Die WKTK het vroëer 'n 'Teach Yourself Nama'-boekie ontwikkel en gedruk, met oudio wat op 'n digitale platform gestoor is. Afskrifte van die boekie en CD is in beide hardekopie en digitale formaat onder departemente, universiteite en ander belanghebbers gesirkuleer. Na

aanleiding van verdere aanvraag het die Departement, in samewerking met die WKTK, addisionele kopieë van die boekie gedruk en die audio op USB-stokkie gestoor.

Die Departement het gedurende 2022/23 drie vergaderings van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalforum (PLF) aangebied wat op besprekings rondom stylgidse, regsvertalings en die ontwikkeling van terminologie gefokus het.

Die strategiese uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in die tabelle hierna aangebied.

Die Departement word verteenwoordig in die isiXhosa Nasionale Taalliggaam van PanSAT, wat fokus op taalstandaardisering, terminologieontwikkeling, bevordering en ontwikkeling van letterkunde, taalonderrig en vertaling en tolking. Die Departement word ook verteenwoordig in 'n taakspan wat deur Rhodes Universiteit geïnisieer is, wat fokus op die ontwikkeling van 'n mediese terminologies in isiXhosa.

Die strategiese uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in die tabelle hierna aangebied.

Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies: Aanwysers is ten tyde van hervoorlegging hersien

PROGRAM 2: KULTUURSAKE										
Uitkoms	Uitsette	Nr.	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2020/21	Werklike prestasie 2021/22	Beplande teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/23 (K1 en K2)	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/23	Kommentaar op afwykings	Redes vir hersiening van JPP
Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur										
1	Gemeenskaps gesprekke /dialoë gehou om sosiale interaksie aan te moedig	2.2.2	Getal gemeenskapsgesprekke /dialoë per jaar gehou om sosiale interaksie aan te moedig	3	3	3	2	1	Die teiken van drie is vir die vierde kwartaal beplan en die jaarlikse teiken is bereik	Die aanwyserverslagdoeningstydperk is van jaarliks na kwartaalliks hersien om by die nasionale gestandaardiseerde verslagdoeningstydperk aan te pas.

Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

PROGRAM 2: KULTUURSAKE									
Uitkoms	Uitsette	Nr.	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2020/21	Werklike prestasie 2021/22	Bepalende teikens 2022/2023	Werklike prestasie 2022/23	Afwyking van beplande teikens teenoor werklike prestasie vir 2022/23	Kommentaar op afwykings
Subprogram 2.1: Bestuur									
1	UOWP-werksgeleenthede	2.1.1	Getal UOWP-werksgeleenthede geskep	366	366	425	431	+6	Meer geleenthede het beskikbaar geword as gevolg van begunstigdes wat werksgeleenthede gekry het (begunstigde-omset).
2	Werksgeleenthede geskep deur kuns-, kultuur- en erfenisprogramme	2.1.2	Getal werksgeleenthede geskep deur kuns-, kultuur- en erfenisprogramme	473	552	460	610	+150	Toestande in die sektor het ná Covid-19 verbeter, wat meer geleenthede geskep het.
Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur									
1	Kapasiteitsbouprogramme	2.2.1	Getal praktisyns wat by kapasiteitsbougeleenthede baat	194	245	260	315	+55	As gevolg van samewerking en die bestuurde netwerkbenadering, kon meer praktisyns vir die projekte geïdentifiseer word sonder enige bykomende koste vir die Departement.
1	Gemeenskapsgesprekke/dialoë gehou om sosiale interaksie aan te moedig	2.2.2 (hersien)	Aantal gemeenskapsgesprekke/dialoë per jaar gehou om sosiale interaksie aan te moedig	3	3	3	3	-	-
1	Nasionale en geskiedkundige dae gevier	2.2.3	Getal nasionale en geskiedkundige dae gevier	3	3	3	3	-	-

PROGRAM 2: KULTUURSAKE

Uitkoms	Uitsette	Nr.	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2020/21	Werklike prestasie 2021/22	Bepalende teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/23	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/23	Kommentaar op afwykings
1	Getal strukture ondersteun	2.2.4	Getal gemeenskapstrukture ondersteun	19	37	39	39	-	-
1	Finansiële bystand vir kuns- en kultuur organisasies, individue en maatskappye	2.2.5	Getal kuns- en kultuur organisasies, individue en maatskappye ondersteun	79*	103	85	107	+22	Meer aansoeke is ontvang as gevolg van verbeterde toestande in die sektor na Covid-19, en met verhoogde befondsing is meer organisasies befonds om die herstel van die sektor te ondersteun.
1	Tentoonstelling- en promosieplatforms	2.2.6	Getal projekte om kuns en kultuur te ontwikkel en bevorder	3	15	20	20	-	-
1	Finansiële ondersteuning aan die Kultuurkommissies	2.2.7	Getal Kultuurkommissies ondersteun	1	1	1	1	-	-
1	Kunstenaars geplaas in skole	2.2.8	Getal kunstenaars geplaas in skole	0	25	25	25	-	-
Subprogram 2.3: Museumdienste									
1	Geleenthede om nasionale simbole en ordes te bevorder	2.3.1	Getal intervensies oor die bevordering van nasionale simbole en ordes	3	4	3	3	-	-
2	Openbare bewusmakingsaktiverings vir "Ek is die vlag"	2.3.2	Getal openbare bewusmakingsaktiverings vir "Ek is die vlag"-	4	4	4	4	-	-
1	Finansiële en ander administratiewe steun aan geaffilieerde museums	2.3.3	Getal geaffilieerde museums ondersteun	31	32	32	30	2	Oordragbetalings is nie aan Elandsbaai Museum en Blombos Museum vir Argeologie gemaak nie aangesien befondsing nie in 2022/23 nodig was nie.

PROGRAM 2: KULTUURSAKE

Uitkoms	Uitsette	Nr.	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2020/21	Werklike prestasie 2021/22	Bepalende teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/23	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/23	Kommentaar op afwykings
1	Goeie handhawing van 'n museumdiens wat voortdurende steun aan geaffilieerde museums bied	2.3.4	Getal museumdienste gehandhaaf om steun aan geaffilieerde museums te lewer	1	1	1	1	-	-
1	Kennisdelingplatforms duer verteenwoordigers van geaffilieerde museums en Beheerliggame bygewoon	2.3.5	Getal kennisdelingplatforms vir museums aangebied	1	1	1	1	-	-
1	Aanbieding van opvoedkundige by geaffilieerde museums	2.3.6	Getal opvoedkundige museumprogramme aangebied	3	4	3	4	+1	Stellenbosch Museum kon 'n bykomende opvoedkundige program lewer om in die vraag te voorsien.
1	Getal besoekers by geaffilieerde museums	2.3.7	Getal museumbesoekers	68 884	143 170	110 000	137 708	+27 708	Verhoogde voorsiening van digitale uitstallings het gelei tot meer aanlyn museumbesoekers.
Subprogram 2.4: Erfenishulpbrondienste									
1	Getal provinsiale erfenishulpbrondienste deur oordragbetaling ondersteun	2.4.1	Getal provinsiale erfenishulpbrondienste deur oordragbetaling ondersteun	1	3	1	1	-	-

PROGRAM 2: KULTUURSAKE

Uitkoms	Uitsette	Nr.	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2020/21	Werklike prestasie 2021/22	Bepalende teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/23	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/23	Kommentaar op afwykings
2	Hersiening en verifiëring van geografiese name in die provinsie	2.4.2	Getal geografiese name geverifieer en hersien deur die Wes- Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee	340	351	340	340	-	-
1	Intervensies rakende provinsiale Weerstand en Bevryding Erfenisroete	2.4.3	Getal intervensies rakende provinsiale Weerstand en Bevryding Erfenisroete	2	2	2	2	-	-
Subprogram 2.5: Taaldienste									
1	Finansiële bystand aan die Wes-Kaapse Taalkomitee	2.5.1	Getal taalkoördineringsstrukture met oordragbetalings ondersteun	1	1	1	1	-	-
1	Voltooide projekte wat die wetgewende mandaat uitvoer om veeltaligheid, voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal te bevorder	2.5.2	Getal projekte wat die wetgewende mandaat uitvoer om veeltaligheid, voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal te bevorder	5	6	6	7	+1	'n Bykomende projek was moontlik as gevolg van samewerkende strategieë met ander organisasies wat die samevoeging van hulpbronne behels het.

PROGRAM 2: KULTUURSAKE

Uitkoms	Uitsette	Nr.	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2020/21	Werklike prestasie 2021/22	Bepaalde teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/23	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/23	Kommentaar op afwykings
1	Taalondersteuningsdienste in die drie amtelike tale van die Wes-Kaap en vir SA Gebaretaal	2.5.3	Getal taalondersteuningsdienste in die drie amtelike tale van die Wes-Kaap en vir SA Gebaretaal verskaf	492	521	448	664	+216	Dit is 'n vraaggedrewe diens gebaseer op die hoeveelheid taalondersteuningsversoeke van WKR-departemente en kan dus nie akkuraat voorspel word nie.

Let wel: Grys aanduiders selle dui hersiene aanduiders aan.

*Hierdie aanwyser het slegs oordragte na kuns- en kultuurorganisasies tot 2020/21 getel.

Strategie om areas van onderprestasie die hoof te bied

Die Departement het kennis geneem van goeie vordering in die beplanning en ontwikkeling van lokale vir die Elandsbaai Museum en Blombos Museum vir Argeologie wat operasionalisering moontlik sal maak. Die Departement sal in die volgende boekjaar verdere leiding aan Elandsbaai Museum en Blombos Museum vir Argeologie verskaf.

Prestasie vergeleke met gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met samelopende funksies

Alle gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers is by die jaarlikse prestasieplanne geïnkorporeer en derhalwe geïnkorporeer by en gerapporteer oor in die jaarverslag ooreenkomstig die voorafgaande prestasietabel.

Koppeling van prestasie aan begroting

Subprogrambesteding vir Program 2: Kultuursake was soos volg:

Subprogram	2022/23			2021/22		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onderbesteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onderbesteding R'000
Bestuur	4 636	4 266	370	3 153	2 841	312
Kuns en Kultuur	42 600	41 136	1 464	38 216	38 216	-
Museumdienste	69 332	67 403	1 929	66 866	65 765	1 101
Erfenishulpbrondienste	13 657	11 159	2 498	10 597	9 145	1 452
Taaldienste	5 907	5 547	360	4 931	4 478	453
Totaal	136 132	129 511	6 621	123 763	120 445	3 318

Die onderbesteding het voorgekom in Vergoeding van Werknemers (VvW) en Goedere en Dienste (G&S) hoofsaaklik weens oponthoud met die vulling van poste en toegewyde uitgawes wat gekontrakteer is, maar nie teen 31 Maart 2023 afgehandel is nie. Die vertraging in VvW is weens die uitdagings wat ondervind is om geskikte candidate te bekom, spesifiek in die Erfenisgebied wat gelei het tot die heradvertering van poste. 'n Versoek om die toegewyde G&S-uitgawes na die nuwe boekjaar oor te dra, is by die Provinsiale Tesourie ingedien.

4.3. Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Doel

Om omvattende biblioteek- en argiefdienste in die Wes-Kaap te lewer.

Subprogramme

Subprogram 3.1: Bestuur

Om strategiese bestuur en ondersteuning aan die Biblioteekdiens, Provinsiale Argiefdiens en Direkoraat: Ondernemingsinhoudbestuur te verleen

Subprogram 3.2: Biblioteekdiens

Om biblioteekdienste in ooreenstemming met betrokke toepaslike wetgewing en grondwetlike mandate te lewer.

Subprogram 3.3: Argiefdienste

Om argief- en rekordbestuursdienste te lewer ingevolge die Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005.

Om ondernemingsinhoudbestuur (OIB)/MyContent in Wes-Kaapse regeringsliggame te implementeer.

Bydrae tot strategiese uitkomst

Die program dra by tot die Departement se Uitkoms 2 deur toegang te verskaf tot inligting en kennis wat toegang verleen tot inligting en kennis wat 'n kultuur van lees en lewenslange leer ondersteun.

Strategiese uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Biblioteekdiens

Teen einde Maart 2023 het die Biblioteekdiens oor 375 dienspunte oral in die provinsie gehad. Die Nagenoeg openbare biblioteek in Stellenbosch het gesluit en 'n nuwe biblioteek is in Rosevalley, Oudtshoorn geopen.

Die Departement het steeds befondsing via voorwaardelike toewysings ontvang ter ondersteuning van gemeenskapsbiblioteke sodat gemeenskappe toegang kan verkry tot kennis en inligting wat dalk hul sosio-ekonomiese welstand kan verbeter. Die program vir Munisipale Vervangingsbefondsing het volgehou met die finansiële ondersteuning wat aan die 15 kategorie B3-munisipaliteite in die Provinsie verleen word. Hierdie munisipaliteite sluit in Beaufort-Wes, Bergrivier, Bitou, Kaap Agulhas, Cederberg, Hessequa, Kannaland, Laingsburg, Langeberg, Matzikama, Prins Albert, Swartland, Swellendam, Theewaterskloof en Witzenberg. Hierdie befondsing het 'n kritieke rol vervul in die aanvulling van munisipaliteite se belegging in die lewering van professionele biblioteekdienste in kategorie B3-munisipaliteite. Die Metro-biblioteektoewysing word steeds aan die Stad Kaapstad oorbetal.

Die Rosevalley-openbare biblioteek in Oudtshoorn en die Bergsig- openbare biblioteek in Kannaland is van infrastruktuur verwant aan inligting- kommunikasietegnologie voorsien. Gratis internetdienste wat by die biblioteke voorsien word, is die enigste internetdiens wat vir kleiner gemeenskappe beskikbaar is.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes-projek het volgehoun om spesiale dienste aan gesiggestremde in gemeenskappe te verleen. Ingesluit by die ondersteuning van hierdie projek is bemagtiging in die gebruik van spesiale IT-toerusting by die provinsie se 34 minibiblioteke vir blindes. Twee nuwe minibiblioteke vir blindes is by die Thembalethu-openbare biblioteek in George en Caledon- openbare biblioteek in Theewaterskloof ingerig.

Ter monitering van die implementering van voorwaardelike toewysings het die Departement 1172 professionele moniteringsbesoeke by openbare biblioteke afgelê, 30 moniteringsbesoeke by B3-munisipaliteite en 41 moniteringsbesoeke by alle munisipaliteite. Die aantal professionele moniteringsbesoeke wat afgelê is, is deur die ineenstorting van die SITA Biblioteek- en Inligtingstelsel geraak.

Openbare biblioteke het 'n belangrike rol vervul in die ontwikkeling van kinders se geletterdheidsvaardighede enom 'n liefde vir lees vanaf 'n vroeë stadium by hulle aan te kweek deur uit te reik na gemeenskappe, 'n verskeidenheid programme aan te bied, alle ouderdome te betrek, en 'n nasionale leeskultuur te vestig. Die Departement het 'n handleiding volgens temas en spesiale kalenderdae ontwikkel met aktiwiteite, sjablones en idees vir gebruikers van verskillende ouderdomme. Dit is ook onder skoolbiblioteke versprei waar dit baie goed ontvang is. Kwartaallikse geletterdheid-webinars is deur personeel van verskeie biblioteke aangebied. Talle biblioteke werk saam met NRO's om spesiale programme rakende vroeë kindontwikkeling of ander ontwikkelingsprogramme aan te bied. Gebruik van die e-boekdiens wat met 'n Libby-toepassing op selfone en tablette beskikbaar is, het aansienlik toegeneem en bevat 'n goed saamgestelde versameling. By die Kultuurtoekennings in 2022 het baie verdienstelike individue en NRO's aansoek gedoen vir die Toekenning vir Aansienlike Bydrae tot die Ontwikkeling en Bevordering van Lees en Geletterdheid (insluitend IT-geletterdheid). Die wenner was Read to Rise, 'n organisasie sonder winsbejag wat hulle daartoe verbind om geletterdheid onder jeugdige in Suid-Afrikaanse skole binne gemeenskappe met beperkte hulpbronne te bevorder. Hulle is van mening dat kinders moet lees ten einde in hul persoonlike ontwikkeling te groei en 'n bydrae tot die samelewing te lewer.

Die YearBeyond-programme naamlik die projek vir 1000 stories en die IKT-kampioen is suksesvol oor verskeie landelike munisipaliteite ontplooi en het waardevolle werkservarings en 'n pad na verdere studies verskaf, terwyl dit terselfdertyd 'n diens-kultuur aangemoedig het. Na die ineenstorting van die SLIMS-databasis, het 'n IKT Yeboneer in die Mosselbaai Munisipaliteit 'n biblioteek-toepassing ontwikkel om openbare biblioteke in die gebied te help om steeds biblioteekmateriaal te versprei.

Die Departement het voortgegaan met die publikasie van die Kaapse Biblioteekaris, 'n tweemaandelikse, interne tydskrif van die Biblioteekdiens. Die tydskrif bied onder meer artikels oor Biblioteek- en Inligtingwetenskap, biblioteekadministrasie, boekresensies, toetredingslyste en nuus en verslae van ander biblioteke en hul uitreikprogramme. Dit hou personeel van geaffilieerde biblioteke op hoogte van nuwe ontwikkelings in die biblioteek- en inligtingruimte, en, bowenal, dien dit as 'n noodsaaklike opleidingshulpmiddel in biblioteekverwante kwessies. Daarbenewens is die werk wat biblioteke ten opsigte van leesbevordering en geletterdheidsprojekte ten toon gestel ten einde 'n leeskultuur in die Wes-Kaap te bevorder.

SITA se SLIMS-biblioteekdatabasis het op 15 November 2022 'n stelselonderbreking ondervind en is tydens 'n uitgebreide dataherwinningsproses onbeskikbaar. Die Biblioteekdiens en alle openbare biblioteke het hul prosedures met handmatige alternatiewe aangepas.

Provinsiale argiefdiens

Dertien bewusmakingsprogramme is gedurende die oorsigjaar aangebied. 'n Totaal van 5 282 navorsers het die Argief besoek en 4 428 navrae is verwerk. Om te verseker dat argiefrekords in 'n goeie toestand bewaar word, is 677 argivalia gerestoureer en 270.24 lineêre meter rekords georden en beskryf. 'n Totaal van agt inventarisse is bygewerk om toegang tot die argiefrekords te vergemaklik.

Behoorlike rekordbestuur deur regeringsliggame is belangrik vir goeie staatsbestuur en aanspreeklikheid te verseker. Ter bevordering van goeie, doeltreffende staatsbestuurspraktyke is 33 rekordbestuursoudits uitgevoer, en 13 opleidingsintervensies in rekordbestuur vir 263 aanwesige vanuit Wes-Kaapse regeringsliggame aangebied.

Die strategiese uitkomst, uitsetaanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in die tabelle hierna aangebied.

Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies: Aanwysers is ten tyde van hervoorlegging hersien

PROGRAM 3: BIBLIOTEK- EN ARGIEFDIENSTE										
Uitkoms	Uitset	Nr.	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2020/2021	Werklike prestasie 2021/2022	Bepaalde teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/2023 (K1 and K2)	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/2023	Kommentaar op afwykings	Redes vir Hersiening van die JPP
Subprogram 3.2: Biblioteekdienste										
2	Biblioteke gebou	3.2.1	Getal nuwe biblioteke gevestig	0	2	2	2	-	-	Die aanwyserverslagdoeningstydperk is van jaarliks na kwartaalliks hersien om by die nasionale gestandaardiseerde verslagdoeningstydperk aan te pas

Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

PROGRAM 3: BIBLIOTEK- EN ARGIEFDIENSTE									
Uitkoms	Uitset	Nr.	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2020/2021	Werklike prestasie 2021/2022	Bepalende teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/2023	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/2023	Kommentaar op afwykings
Subprogram 3.2: Biblioteekdienste									
2	Biblioteke gebou	3.2.1 (hersien)	Getal biblioteke per jaar gevestig	0	2	2	3	+1	Bereaville Biblioteek was 'n oorrolprojek wat in die 2022/23-boekjaar voltooi is.
2	Opgradering van biblioteekfasiliteite	3.2.2	Getal bestaande fasiliteite opgegradeer vir vir openbare biblioteekdoelindes	0	0	0	0	-	-
2	Biblioteekmateriaal aangekoop	3.2.3	Getal biblioteekmateriaal aangekoop	2 109	3 107	4 000	14 290	+ 10 290	Aangesien dit die eerste jaar van die Overdrive-subskripsie is, het die Departement nie slegs die getal fisiese boeke ingesluit, maar ook die getal e-boeke wat via die Overdrive beskikbaar gestel is.
2	Moniteringsbesoeke	3.2.4	Getal moniteringsbesoeke gedoen	477	1 190	1 181	1 172	- 9	Die SITA-biblioteekinligtingbestuurstelsel (SLIMS) het op 15 November 2022 ineengestort en was vir die res van die jaar nie beskikbaar nie, wat die beplande moniteringsbesoeke beïnvloed het.
2	Openbare bewusmakingsprogramme	3.2.5	Getal bewusmakingsprogramme aangebied	9	11	10	10	-	-
2	Opleidingsprogramme	3.2.6	Getal opleidingsprogramme aangebied vir biblioteekpersoneel	15	37	18	28	+10	As gevolg van die spesiale fokus op geleterdheid, het die Departement meer opleiding ten opsigte in boekklubs voorsien, en

PROGRAM 3: BIBLIOTEK- EN ARGIEFDIENSTE

Uitkoms	Uitset	Nr.	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2020/2021	Werklike prestasie 2021/2022	Bepaalde teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/2023	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/2023	Kommentaar op afwykings
									geletterdheidswebinars aangebied, asook in die Outeursregwet wat nie oorspronklik vir die jaar beplan is nie.
2	Biblioteke met internettoegang vir die publiek	3.2.7	Getal biblioteke met internettoegang vir die publiek	228	229	231	228	-3	Terreine is formeel gedeaktiveer weens biblioteeksluitings. Vier terreine wat vir 2023/24 beplan word, sal die sluitings vervang.
2	Biblioteekdienspunte	3.2.8	Getal biblioteekdienspunte	374	375	372	375	+3	Die Departement het drie moontlike sluitings van openbare biblioteek verwag waarvan slegs een plaasgevind het, naamlik Nagenoeg-openbare biblioteek. Die Rosevalley-openbare biblioteek in Oudtshoorn is geopen en die aantal biblioteekdienspunte staan tans op 375.
2	Oordragbetalings vir vervangingsbefondsing	3.2.9	Getal B3-munisipaliteite wat oordragbetalings ten opsigte van vervangingsbefondsing vir personeel, bedryfs- en /of kapitaalbesteding rakende biblioteke	15	15	15	15	-	-
2	Oordragbetalings van die Metro Biblioteek-toewysing	3.2.10	Getal munisipaliteite wat oordragbetalings van die Metro-Biblioteek-toewysing ontvang vir die opgradering en	1	1	1	1	-	-

PROGRAM 3: BIBLIOTEK- EN ARGIEFDIENSTE

Uitkoms	Uitset	Nr.	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2020/2021	Werklike prestasie 2021/2022	Bepaalde teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/2023	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/2023	Kommentaar op afwykings
			instandhouding van biblioteke						
2	Personeel befonds	3.2.11	Getal poste vir biblioteekpersoneel deur vervangingsbefondsing	240	240	240	241	+1	Een bykomende pos (takbibliotekaris) is by Bitou Munisipaliteit geskep en gevul.
2	Moniteringsbesoek en vergaderings	3.2.12	Getal moniteringsbesoeke aan B3-munisipaliteite	15	15*	30	30	-	-
2	Lidmaatskap	3.2.13	Aantal geregistreeerde biblioteekgebruikers	665 684	523 153	661 535	71 839	+10 3045	Beter as verwagte vraag na biblioteke en die impak van die beskikbaarheid van e-boeke op lidmaatskap het tot die oorprestasie bygedra.
2	Gegeletterdheidsintervensies	3.2.14	Getal geletterdheidsintervensies aangebied by openbare biblioteke in die Wes-Kaap	2 374	32 589	9 528	30 962	+21 434	Die IKT Yeboneers en Yeboneers van 1000 Stories by openbare biblioteke het biblioteke in staat gestel om meer programme te lewer as wat verwag is.
Subprogram 3.3: Argiewe									
2	Openbare bewusmakingsprogramme	3.3.1	Getal openbare bewusmakingsprogramme aangebied	1	5	4	13	+9	Bykomende personeel is aangestel om uitreikprogramme aan te bied, en samewerking met ander instansies soos die Universiteit van die Wes-Kaap en Biblioteekdienste het bygedra tot ekstra uitreikprogramme wat aangebied is.
2	Mondelinge geskiedenisopnames	3.3.2	Getal projekte oor mondelinge geskiedenis onderneem	4	4	5	5	-	-
2	Opleidingsintervensies	3.3.3	Getal opleidingsintervensies	7	11	6	13	+7	Bykomende versoeke vir opleiding is van munisipaliteite ontvang.

PROGRAM 3: BIBLIOTEK- EN ARGIEFDIENSTE

Uitkoms	Uitset	Nr.	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2020/2021	Werklike prestasie 2021/2022	Bepaalde teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/2023	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/2023	Kommentaar op afwykings
2	Navrae verwerk	3.3.4	Getal navrae verwerk	2 932	5 232	3 550	4 428	+878	Navrae is vraaggedrewe en dit is dus moeilik om akkuraat te voorspel.
2	Besoeke deur navorsers	3.3.5	Getal besoeke deur navorsers aan die Argief	2 649	4 196	3 955	5 282	+1 327	Die aantal besoekers in die leeskamer is vraaggedrewe, en daarom is dit moeilik om akkuraat te voorspel.
2	Gerestoureerde argivalia	3.3.6	Getal argivalia (dokumente) gerestoureer	425	599	570	577	+7	Ekstra rekords is herstel op grond van aanvraag vir gebruik deur navorsers.
2	Lineêre meter rekords georden	3.3.7	Getal lineêre meter rekords georden	166.8	259	241	270.24	+29.24	Groepe rekords verskil in grootte; die voorspelde totaal kan dus verskil. ted total therefore
2	Gefokusde ondersteuning	3.3.8	Getal departemente wat gefokusde OIB-ondersteuning ontvang	2	2	3	3	-	-
2	Klassifikasiestelsels geëvalueer en/of goedgekeur	3.3.9	Getal klassifikasiestelsels geëvalueer en/of goedgekeur	124	185	115	222	+107	Die vernuwing van sommige provinsiale departemente en bestuursinstellings, insluitend die daarstelling van nuwe departemente, het gelei tot versoeke vir die evaluering en goedkeuring van klassifikasiestelsels
2	Inspeksies uitgevoer	3.3.10	Getal inspeksies uitgevoer	22	31	30	33	+3	Addisionele inspeksies is op versoek uitgevoer.
2	Wegdoeningsmagtigings uitgereik	3.3.11	Getal wegdoeningsmagtigings uitgereik	19	19	15	15	-	-

PROGRAM 3: BIBLIOTEK- EN ARGIEFDIENSTE

Uitkoms	Uitset	Nr.	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2020/2021	Werklike prestasie 2021/2022	Bepaalde teiken 2022/2023	Werklike prestasie 2022/2023	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2022/2023	Kommentaar op afwykings
2	Inventarisse opgestel en bygewerk	3.3.12	Getal inventarisse opgestel en bygewerk	5	8	8	8	-	-

Let wel: Grys aanduiders dui hersiene aanduiders aan.

*Hierdie aanwyser het nie aanlynvergaderings tot 2021/22 ingesluit nie.

Strategie om onderprestasie aan te pak

Biblioteeklidmaatskapdata wat deur openbare biblioteke ingedien word, sal tydens moniteringsbesoeke geverifieer word om akkuraatheid, geldigheid en volledigheid te verseker.

Die Departement verwag dat die SLIMS-databasis teen Julie 2023 ten volle in werking sal wees. Bykomende terreine is by die RLCP-projek gevoeg om te verseker dat prestasie op koers bly.

Prestasie vergeleke met gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met samelopende funksies

Alle gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers is by die jaarlikse prestasieplanne geïnkorporeer en derhalwe geïnkorporeer by en gerapporteer oor in die jaarverslag ooreenkomstig die voorafgaande prestasietabel.

Koppeling van prestasie aan begroting

Subprogrambesteding vir Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste was as volg:

Subprogram	2022/23			2021/22		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onderbesteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onderbesteding R'000
Bestuur	9 329	7 815	1 514	8 726	6 959	1 767
Biblioteekdienste	379 462	379 336	126	416 259	413 332	2 927
Argiefdienste	51 227	44 587	6 640	22 748	21 644	1 104
Totaal	440 018	431 738	8 280	447 733	441 935	5 798

Die onderbesteding hou verband met Vergoeding van Werknemers (VvW) en Goedere en Dienste (G&S) hoofsaaklik weens die ophoud met die vulling van poste en toegewyde uitgawes wat gekontrakteer is, maar nie teen 31 Maart 2023 gesluit is nie, en onbestede fondse met betrekking tot MyContent (Ondernemingsinhoudsbestuurstelsel (OIB) weens vertraging ten opsigte van die stadige verkryging vir die gevorderde elektroniese handtekening (AES) deur die Staatsinligtingstechnologie-agentskap (SITA). Die vertraging in VvW is hoofsaaklik as gevolg van die tyd wat benodig word vir posevaluering van poste ouer as 5 jaar;. 'n Versoek om die toegewyde G&S-uitgawes oor te rol na die nuwe boekjaar, en die hertoewysing van fondse met betrekking tot die AES-projek is by die Provinsiale Tesourie ingedien.

4.4. Program 4: Sport en Ontspanning

Doel

Om ontspanning- en sportaktiwiteite aan die inwoners van die Wes-Kaap te voorsien.

Subprogramme

Subprogram 4.1: Bestuur

Om strategiese steun aan die sport- en ontspanningskomponent te voorsien

Subprogram 4.2: Sport

Om sport te bevorder ten einde tot die versoening en ontwikkeling van die Wes-Kaapse gemeenskap by te dra deur die verskaffing van billike, toeganklike en bekostigbare sportfasiliteite, -programme en -dienste.

Subprogram 4.3: Ontspanning

Om ontspanningsaktiwiteite te bevorder deur middel van volhoubare programme; om bystand te verleen aan ontspanningstrukture vir spesifieke ontwikkelingsdoeleindes; en om ontspanning te gebruik om 'n aktiewe en gesonde leefstyl te bevorder en aan te moedig.

Subprogram 4.4: Skolesport

Om skolesport te bevorder deur hulpverlening met strukture, kompetisies, talentidentifisering, ontwikkeling, asook spesifieke en volgende-vlak-aktiwiteite.

Subprogram 4.5: MGO-program

Om skoolgaande leerders te voorsien van 'n gestruktureerde en beplande, daaglikse, naskoolse ontspanningsprogram, insluitend die verskaffing van prettige speel- en aangepaste geleenthede en aktiwiteite.

Subprogram 4.6: Jeug- en Naskoolprogram

Om voorspraak te maak vir die jeug in die Provinsie, die kapasiteit van die sektor te bou en hulpmiddels te verskaf om gehalteprogramme te verseker. Dit sluit beide verrykingsprogramme in wat op skoolgaande leerders gefokus is en programme vir buiteskoolse jeug. Die fokus sal wees op programme wat geleenthede bied vir dubbele begunstigdes en paaië in die wêreld van werk of studies vir die jeug in die Wes-Kaap.

Bydrae tot institusionele uitkomst

Die Program dra by tot departementele uitkoms 3 deur toegang tot en geleenthede vir deelname aan sport en ontspanning te bied.

Strategiese uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, bepande teikens en werklike prestasies

Klubontwikkeling

Die Klubontwikkelingsprogram het voortgegaan met die opbouing van hierdie sektor in samewerking met die burgerlike samelewing, sportfederasies, distriksportrade en

munisipaliteite ten einde 'n bemagtigende omgewing vir hierdie klubs te skep sodat hulle aan hoofstroom sport kan deelneem. Altesaam 200 Klubs het toerusting en/of uitrustings ontvang. Ten minste 50 persent van die ondersteunde klubs is in landelike en plaasgemeenskappe geleë. Sportfederasies en die geaffilieerde klubs het by die program gebaat deur die voorsiening van vervoer na hul onderskeie ligaprogramme, affiliasie-/registrasiegelde en kapasiteitsbouprogramme waar klubadministrateurs, bestuurders, tegniese beamptes, atlete en afrigters tot voordeel van hul klubs ontwikkel is.

Skakeling met federasies

Die Departement het 134 sportfederasies in al ses distrikte, naamlik Sentraal-Karoo, Tuinroete, Overberg, Kaapse Wynland, Weskus en Kaapstad (Metro) befonds. Hierdie befondsing het gehelp met administrasie, ontwikkeling, kapasiteitsbou en transformasieprojekte in federasies en het ook gesorg dat spanne nasionale byeenkomste kon bywoon.

Sportrade en die Wes-Kaapse Sportkonfederasie

Die Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie (WKPSK) is die oorkoepelende liggaam vir amateursport in die provinsie. Die konfederasie omvat ses distriksportrade en ontvang sy mandaat van die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (SASKOK). Deur noue samewerking met die Departement, het die WKPSK ten doel om SASKOK se nasionale doelwitte op provinsiale vlak te verwesenlik. Die distriksportrade staan onder toesig van die WKPSK om te verseker dat sportdoelwitte in elke distrik behaal word. Die rol van die WKPSK en sy distriksportrade sluit onder meer in: om sportontwikkeling oor alle sportkodes heen binne die provinsie te koördineer, om te verseker dat goeie bestuursoorsig plaasvind, om sportfederasies met hul hoëprestasieprogramme soos talentidentifisering en massadeelname van hulp te wees, om te verseker dat goeie finansiële en bestuurspraktyke toegepas word, om die affiliasie van sportfederasies te bestuur en te beheer, en om voldoening aan en implementering van regeringsprioriteite en -beleide soos uiteengesit te verseker.

Driesyddige proses

Elke boekjaar word 'n driesyddige proses ('n vergadering van die begunstigde, departement en die betrokke distriksportraad) onderneem met alle federasies wat fondse van die Departement ontvang het. Die proses het in elke distrik van aangesig tot aangesig en virtueel in Januarie en Februarie 2023 plaasgevind. Die Departement, die betrokke distriksraad en die begunstigde sportfederasie het vergader om verslag te doen oor fondse wat ontvang is en hoe daardie fondse aangewend is.

Vroue en meisies

Ingevolge die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (NSOP) van Suid-Afrika word daar veral klem geplaas op inklusiwiteit, bemagtiging en bevordering met spesifieke verwysing na die staat se prioriteite ten opsigte van die jeug, bejaardes, vroue en meisies, landelike gemeenskappe en persone met gestremdhede. Elke jaar werk die Departement ten nouste saam met die WKPSK, distriksportrade, federasies en die Kommissie vir Vroue en Meisies om te verseker dat programme geïmplementeer word wat spesifiek daarop gemik is om vroue en meisies te bemagtig.

Befondsing vir organisasies vir die fisies gestremde atlete is deur die oordragbetalingsproses beskikbaar gestel aan Disability Sport Western Cape (DISWEC) en gemeenskapsprojekte wat deur federasies ondersteun word.

Sportlegendes

'n Seremonie om sportlegendes van verskillende sportkodes en gemeenskappe te vereer is in Desember 2022 in Paarl gehou en is goed deur die sektor ontvang.

Belangrike byeenkomste

Gedurende 2022/23 het die afdeling vir groot byeenkomste 135 groot byeenkomste oor al ses distrikte heen ondersteun en sodoende gehelp met die ekonomiese herstel ná die Covid-19-pandemie in Suid-Afrika en om sporttoerisme en bestemmingsbemarking bevorder. Die Departement het byeenkomste soos die Formule E-wedren, Rugby Wêreldbeker-sewestoernooi, MeestersSentraal Karookampioenskap, IKR-Vrouewêreldbeker T20 en die SA Mzansi-liga (Krieket T20) ondersteun. Op 3 Februarie 2023 het die Departement in vennootskap met die DvdP, DEDAT en Wesgro die "Cape of Great Events"-kongres aangebied, met kultuur en waardes as tema, en om 'n enkele toegangspunt vir byeenkomste in die Wes-Kaap daar te stel.

Sport en Ontspanning-dag

Die Sport- en Ontspanningsdae word jaarliks gehou. Die Departement het geleenthede oor al ses distrikte van die Wes-Kaap aangebied. Die huidige jaar was daar 'n toename in deelname oor alle distrikte heen. Die Sport- en Ontspanningsdae word gekoppel aan die welstand van die werknemers.

Sporttoekennings

Die Departement het die Wes-Kaapse Sporttoekennings in September 2022 aangebied waar atlete, administrateurs, afrigters en ander lede van die sportgemeenskap in 24 kategorieë vereer is. Voorts is Eervolle Ministeriële Vermelding ook toegeken aan vier individue, wat ook hieronder verskyn.

Die lys van prysweners is soos volg:

- a) Administrateur van die Jaar (Sylvia Bruckner)
- b) Sportman van die Jaar (Günther Kramer)
- c) Sportsman van die Jaar met 'n Gestremdheid (Jonathan Ntutu)
- d) Sportvrou van die Jaar (Glenda Pieters)
- e) Sportvrou van die Jaar met 'n Gestremdheid (Minke Janse van Rensburg)
- f) Span van die Jaar (Western Cape Saddle Seat Ruiterspan)
- g) Nuweling van die Jaar (Duwayne Adams)
- h) Afrigter van die Jaar (Desiree Ellis)
- i) Vrywilliger van die Jaar (Joy Goulooze)
- j) Inheemspelespan van die Jaar (Sentraal Karoo Jukskei)
- k) Distriksfederasie van die Jaar (Weskus Netbal)
- l) Provinsiale Federasie van die Jaar (Wes-Kaapse Fietsry)
- m) Ontspanningsliggaam van die Jaar (Sxolie's Aerobics and Fitness Club)
- n) Fotograaf van die Jaar (John Wessels)
- o) Joernalis van die Jaar (Adnaan Mohamed)
- p) Skoolspan van die Jaar (Generation Skool)
- q) Ontwikkelende Skoolspan van die Jaar (Indwe Hoër)
- r) Erkenning van Tegnieuse Uitnemendheid (Willem Gilliomee)
- s) Sportgemeenskapbouer van die Jaar (Conroy Williams)
- t) Junior Sportvrou van die Jaar (Holly Cleworth)
- u) Junior Sportman van die Jaar (Ethan Kulsen)

- v) Skoolsportman van die Jaar (Ethan Kulsen)
- w) Skoolsportvrou van die Jaar (Leigh van Zyl)
- x) Eervolle Ministeriële Vermelding - David Bellairs (fietsry); Valerie Goliath (netball en tennis); Mark Nicholson (Sport NRO) en John Dobson (rugby)

Lys van Wes-Kaapse weners by die SA Sporttoekennings

- a) Sportman van die Jaar met 'n Gestremdheid (Jonathan Ntutu)
- b) Sportvrou van die Jaar met 'n Gestremdheid (Minke Janse van Rensburg)
- c) Ontspanningsliggaam van die Jaar (Waves for Change – Branderplankry)
- d) Steve Tshwete Toekenning (Elizabeth Cameron-Smith - Gimnastiek)

Fasiliteite

Om te verseker dat Suid-Afrikaanse sport en ontspanning ondersteun word deur toereikende en goed instandgehoue fasiliteite, het DKES drie munisipaliteite met 'n billike deel bygestaan, naamlik Stellenbosch, George en Witzenberg.

Akademies

Die Wes-Kaapse Sportakademie (WECSA) het 'n vennootskap met Sports Science Institute of South Africa (SSISA) aangegaan tot voordeel van atlete in provinsiale en distriksakademies in die Provinsie. Die akademiestelsel het gehaltesdienste gebied aan atlete wat gekwalifiseer het, aangesien die meeste atlete op distrik, provinsiale, nasionale, kontinentale en internasionale vlak meegeding het. Atlete het ook steun in die vorm van mediese en wetenskaplike dienste ontvang.

'n Gedugte vennootskap is met Federasies aangegaan om die onderwys- en opleidingsprogram vir afrigters en administrateurs te lewer. Die Wes-Kaapse Sportakademie het sy organisatoriese ontwikkeling voltooi, wat sal verseker dat sy strategie ooreenstem met bevoegde personeel ten einde die program te lewer.

WKR-gimnasium

Die gimnasium het gesondheid- en welstandprogramme gefasiliteer wat deur instrukteurs verbonde aan die gymnasium gekoördineer is. Hierdie programme speel steeds 'n deurslaggewende rol deur na die gesondheid, welstand en fiksheid van die werknemers van die Wes-Kaapse Regering om te sien. Die span het die eetplanne, fiksheidsbeoordelings (LMI en bloeddruk), oefenprogramme en weeklikse inskrywings gedoen om vordering te bespeur.

Die volgende programme is vir lede gefasiliteer:

- Winter-fiksuitdaging
- Botsing van die Reuse
- Welstandsdag
- Welstandsuitdaging

Voorts is gimnasiums ondersteun om toerusting volgens die norme en standaarde daar te stel. Die gimnasium het in vennootskap met ander departemente gesondheid- en welstandsaktiwiteite aan werknemers verskaf.

ONTSPANNING

Die Inheemse Spele-byeenkomste het in verskillende distrikte in die provinsie plaasgevind. Meer as 2 000 deelnemers oor ses distrikte heen bevestig 'n beduidende terugkeer ná die Covid-19-ontwrigting. Die volgende distrikte het op 21 Mei 2022 aan wedstryde deelgeneem: Kaapse Wynland in Worcester, Overberg in Hermanus en Weskus in Malmesbury, terwyl 28 Mei 2022 deur Kaapstad Metropool in Kraaifontein, Sentraal-Karoo in Beaufort-Wes en Tuinroete in in Riversdal onderskeidelik gedeel is.

Die Provinsiale Spele het van 16 – 17 Julie 2022 in die Kaapstad Metropool by die Wes-Kaapse Sportskool plaasgevind. Die verskillende kodes en hul mense was verheug om weer saam in een lokaal te wees. Die Nasionale Inheemse Spele het van 23 – 29 September 2022 in Gamalakhe, Ugu-distrik in KZN plaasgevind. Die volgende kodes het goed presteer: Diketo-vrouespan (goue medalje), Jukskei-manspan (goue medalje), Kgati-span (silwermedalje), Iltonga junior mansspan en senior mansspan (bronsmedaljes).

Gedurende Oktober 2022 het die Departement in vennootskap met die Westelike Provinsie Atletiekfederasie 'n Provinsiale "Big Walk" gehou. Twee van die Federasie se geaffilieerde lede naamlik ARD Atletiekklub en Intouch Atletiekklub het hierdie geleentheid aangebied. Deelname in hierdie byeenkoms het ook aansienlik verbeter met 2 140 deelnemers in teënstelling met die vorige jaar se virtuele byeenkoms met slegs 207 deelnemers. Landelike distrikte in die provinsie het ook "Big Walks" in hulle distrikte gehou. Op die eerste Vrydag van Oktober 2022 het die Departement, in vennootskap met Wes-Kaapse loveLife, die Nasionale Ontspanningsdag in Langa, Kaapstad suksesvol aangebied. Hierdie geleentheid is moontlik gemaak deur vennootskappe met belanghebbendes en betrokkenes.

Voorts het die ontspanningsentrums/kerns deurentyd daaglikse deelname bevorder. Hierdie ontspanningsentrums/-kerns sluit deelname aan ontspanningsaktiwiteite op VKO-vlak in en hulle dien as "toevoer" na hul laerskoolgebaseerde MGO-sentrums, en skep op dié manier die begin van deurlopende toegang tot en blootstelling aan geleentheid wat via die MGO-program aangebied word. Dit was veral verblydend om senior burgers ná die Covid-19-pandemie terug te verwelkom. Goue Spele-byeenkomste het oor al ses distrikte heen plaasgevind.

Die Jeugkamp, 'n nasionale program wat vanjaar vir die tiende keer deur alle provinsies gelewer word, is suksesvol van 3 – 10 Desember 2022 by die Waterval Country Lodge in Tulbagh aangebied. Die leerders is weereens blootgestel aan 'n verskeidenheid onvergeetlike geleentheid en leer via 'n prettige weeklange program.

SKOOLSPORT

Die program het skoolsportaktiwiteite bevorder deur tersaaklike belanghebbendes en betrokkenes in die skoolsportsektor te ondersteun en by te staan. Die ondersteuning het ingesluit, maar was nie beperk tot ondersteuning van talentontwikkeling, aanbied van kompetisies, talentidentifikasie, opleiding, sowel as deelname op gevorderde- en bemeesteringsvlakke.

Sedert die afskaffing van Covid-19-inperkings, is alle nasionale skoolsportkampioenskappe in 2022 hervat. Die Departement het gefokus op deelname in al sestien geprioritiseerde skoolsportkodes. Kontak, sowel as niekontakcodes, is weer aangebied. Dit gevolglike lewendige belangstelling het aanleiding gegee tot:

- Beklemtuning van die seleksie van talentvolle atlete en presteerders op die tersaaklike vlakke – van massadeelname tot gevorderd.
- Interkluster en distriksaktiwiteite, van provinsiale deelname tot nasionale deelname.
- 'n Atleetgesentreerde en afrigtergesentreerde benadering.
- Opleiding van opvoeders en vrywilligers.

Bogenoemde, en die geleentheid om op nasionale vlak deel te neem, het daartoe gelei dat Span Wes-Kaap as kampioen by die 2022 Winter- en Somerspele aangewys is. Dit was die eerste keer dat Span Wes-Kaap as kampioen by die Nasionale Skolekampioenskapbyeenkoms aangewys is, sedert sy ontstaan in 2012.

6.2. Voorwaardelike toewysings en geormerkte fondse ontvang

Voorwaardelike Toewysing: Toewysing vir gemeenskapsbiblioteekdienste

Departement wat die fondse oordra	Nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur
Doel van die toewysing	Om die gehalte van biblioteekdiens in die Wes-Kaap te verbeter
Verwagte uitsette van die toewysing	Soos volgens tabel hieronder
Werklike uitsette bereik	Soos volgens tabel hieronder
Bedrag volgens gewysigde DORA	R 190 102 000
Bedrag ontvang	R 190 102 000

Redes indien bedrag soos volgens DORA nie ontvang is nie	NVT
Bedrag bestee deur die Departement	R 190 102 000
Redes vir die fondse onbestee deur die Entiteit	NVT
Redes vir die afwykings op prestasie	Soos volgens tabel hieronder
Maatreëls getref om prestasie te verbeter	NVT
Monitering meganisme deur die ontvanger Departement	Gereelde besoeke en maandelikse en kwartaallikse verslae by die nasionale departement in te dien

Voorwaardelike toewysing: Toewysing vir gemeenskapsbiblioteekdienste				
Nr.	Prestasie-aanwyser	Beplande teiken 2022/23	Werklike prestasie 2022/23	Kommentaar op afwykings
1.1	Getal biblioteekposte deur voorwaardelike toewysing befonds.	656	647	Munisipaliteite is versigtig om poste te vul weens die onsekerheid van die Voorwaardelike Toewysing.
1.2	Getal biblioteekmateriaal kopieë aangeskaf	5 000	6 611	Herprioritering van fondse word toegelaat vir oorprestasie.
1.3	Getal biblioteekprojekte van befondsing voorsien.	2	4	Bykomende befondsing is aan Swellendam en Touwsrante verskaf.
1.4	Getal voorwaardelike toewysings moniteringsbesoeke aan munisipaliteite	21	41	Fisiese vergaderings is aangevul met virtuele vergaderings om in die vraag te voorsien.
1.5	Getal munisipaliteite wat voorwaardelike toewysings oordragbetalings ontvang	19	19	-
1.6	Getal biblioteekopgraderings van befondsing voorsien	0	1	Bykomende R 81k is aan Breedevallei Munisipaliteit beskikbaar gestel vir die Waterloo-rolstoeloprit as deel van 'n opgradering van die gebou.
1.7	Getal mini-biblioteke vir die blindes gevestig	2	2	-
1.8	Getal opleidingsprogramme aangebied	1	1	-

Voorwaardelike toewysing: Toewysing vir Massadeelname en Sportontwikkeling

Departement wat die fondse oordra	Sport en Ontspanning Suid-Afrika (Begrotingspos 20)
Doel van die toewysing	Om deelname aan sport en ontspanning te fasiliteer asook vir bemagtiging in vennootskap met toepaslike belanghebbers
Verwagte uitsette van die toewysing	Soos volgens tabel hieronder
Werklike uitsette bereik	Soos volgens tabel hieronder
Bedrag volgens gewysigde DORA	**R91 221 000

Bedrag ontvang	**R91 221 000
Redes indien bedrag soos volgens DORA nie ontvang is nie	NVT
Bedrag bestee deur die Departement	**R91 221 000
Redes vir die fondse onbestee deur die Entiteit	NVT
Redes vir die afwykings op prestasie	Soos volgens tabel hieronder
Maatreëls getref om prestasie te verbeter	NVT
Monitering meganisme deur die ontvanger Departement	Gereelde besoeke en maandelikse en kwartaallikse verslae ingedien by die Nasionale Departement (Sport en Ontspanning Suid-Afrika)

Voorwaardelike toewysing: Klubontwikkeling				
Nr.	Prestasie-aanwyser	Beplande teiken 2022/23	Werklike prestasie 2022/23	Kommentaar op afwykings
1.1	Getal mense opgelei om klubontwikkeling aan te bied	300	356	Meer mense het die opleiding bygewoon weens die vrywillige aard van die opleiding.
1.2	Getal plaaslike ligasondersteun	24	27	Bykomende ligas word ondersteun weens die verhoogde aanvraag deur federasies en klubs vir ondersteuning.
1.3	Getal klubs van toerusting en /of klere voorsien volgens die vasgestelde norme en standaarde	200	200	-
1.4	Getal sportakademies ondersteun	7	7	-
1.5	Getal mense opgelei om sportakademie program aan te bied	200	206	Die akademiestelsel verskaf opleiding gebaseer op die behoeftes van plaasvervangende genomineerdes. Die Departement het die akademiëprogram by die trilaterale bevorder, wat gelei het tot 'n toename in aanvraag.
1.6	Getal atlete deur sportakademies ondersteun	210	219	Die akademiëstelsel lewer, ondersteuning en dienste aan atlete op grond van hul behoeftes, wat lei tot meer atlete. Die Departement het die akademiëprogram by die trilaterale bevorder, wat gelei het tot 'n toename in aanvraag.
1.7	Getal personeel aangestel op 'n permanente basis binne 7% toewysing (insluitend CDP, Ontspanning en Skolesport)	12	12	--
1.8	Getal sportfokusskole ondersteun	9	9	-

Voorwaardelike toewysing: Klubontwikkeling

Nr.	Prestasie-aanwyser	Beplande teiken 2022/23	Werklike prestasie 2022/23	Kommentaar op afwykings
1.9	Getal gemeenskap sportkoördineerders vergoed	4	4	

Voorwaardelike toewysing: Siyadlala-gemeenskapmassadeelnameprogram

Nr.	Prestasie-aanwyser	Beplande teiken 2022/23	Werklike prestasie 2022/23	Kommentaar op afwykings
1.1	Getal jeugdige wat aan Nasionale Jeugkamp deelneem	120*	120	-
1.2	Getal sport- en ontspanningprojekte geïmplementeer deur sportrade	7	7	-
1.3	Getal mense wat aktief aangeorganiseerde sport en aktiewe ontspanningsaktiwiteite deelneem	30 000	48 827	Ontspanningsprogramme is vraaggedrewe en 'n gesamentlike pogings is aangewend vir aktiverings in die ontspanningsentrums.
1.4	Getal Inheemse Spele-Klubs wat aan Inheemse Spele-toernooie deelneem	108	108	-
1.5	Getal aktiewe Ontspanning koördineerders vergoed	6	6	-

*Hierdie teiken is in die hervoorleggingsproses van 200 na 120 hersien.

Voorwaardelike toewysing: Skoolsport-massadeelnameprogram

Nr.	Prestasie-aanwyser	Beplande teiken 2022/23	Werklike prestasie 2022/23	Kommentaar op afwykings
1.1	Getal leerders ondersteun om aan nasionale skolekompetisies deel te neem	650	743	'n Bykomende kampioenskap, die SA Atletiekkampioenskap vir Laerskole, het in Maart 2023 in plaas van die nuwe boekjaar in April 2023 plaasgevind.
1.2	Getal leerders wat op provinsiale vlak aan skolesporttoernooie deelneem	1 680	3 017	'n Bykomende provinsiale kampioenskap het in Maart 2023 ter voorbereiding van die nasionale atletiekkampioenskap plaasgevind. Daar was ook addisionele kategorieë vir atlete met 'n gestremdeheid vir beide die 2022 Winter- en Somerspele.
1.3	Getal leerders wat op distriksvlak aan skolesporttoernooie deelneem	6 400	50 742	As deel van 'n strewende om skoolsport te laat groei, het die Departement sy Naskoolse programme gemobiliseer om deelname te verhoog.
1.4	Getal skolesportkoördineerders vergoed	5	5	-

Voorwaardelike toewysing: Skoolsport-massadeelnameprogram

Nr.	Prestasie-aanwyser	Bepaalde teiken 2022/23	Werklike prestasie 2022/23	Kommentaar op afwykings
1.5	Getal skolesportstrukture ondersteun	16	16	-
1.6	Getal persone wat opgelei is om skolesport aan te bied	380	729	Oorpresteer as gevolg van samewerking met die onderskeie provinsiale kodestrukture. Meer opvoeders en/of vrywilligers is deur die strukture geïdentifiseer om opleiding by te woon.
1.7	Getal skole van toerusting/ of uniforms voorsien	309	309	-

Geormerkte toewysings

Die volgende is 'n uiteensetting van geormerkte toewysings (begroting, ware besteding en oor-)/onderbesteding) vir die 2022/23-boekjaar:

Naam van geormerkte toewysing	Aangepaste begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor-)/onderbesteding (R'000)
Munisipale Vervangingsbefondsing	88 792	88 283	509
Breëbandkonnektiwiteit vir biblioteke en biblioteekdienste-aanvulling vir breëband	4 658	4 812	(154)
Werksepping (voltydse ekwivalent) UOWP:Program 2: Kultuursake	4 786	4 786	-
MGO-sentrums insluitend onderhoud, nutsdienste en sekuriteit	7 965	7 312	653
Ondernemingsinhoudsbestuur (OIB)	12 387	7 906	4 481
Aanbied van die Netbalwêreldbeker 2023	5 000	5 000	-
Nuut: Hersiening van vaardigheids-, jeug- en indiensnemingsprogramme	2 000	251	1 749
Nuut: YearBeyond	15 000	15 000	-
Nuut: Vakansieprogram	15 000	15 000	-
Nuut: Groot byeenkomste	5 000	5 000	-
Nuut: Van PPF – Kango-grotte: Die uitvoerbaarheidstudie vir die toekomstige bestuur van die Kango-grotte met die doel om inkomste te genereer om toekomstige volhoubaarheid te verseker	1 000	-	1000

Naam van geormerkte toewysing	Aangepaste begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor-)/onderbesteding (R'000)
Nuut: Van PPF – Kangogrotte PPP: 'n Projekvoorbereidingskostestudie moet gedoen word om te bepaal hoeveel befondsing benodig word vir die kort-, medium- en langtermynonderhoud van die Kangogrotte en omliggende infrastruktuur	500	375	125
Nuut: Van PPF – Kultuurfasiliteit: Uitvoerbaarheidstudie vir 'n potensiele PPP vir Melkbos Oppiesee en Schoemanspoort om hierdie fasiliteite te transformeer na 'n vlak wat private gebruik bykomend tot ons huidige openbare gebruiksmodel sal toelaat	1 500	36	1 464
Nuut: Van FTSF – Virtuele en digitale dienste in Wes-Kaapse Provinsiale Argief	16 476	15 797	679

Munisipale Vervanginsbefondsing (R88 792 000)

Die doel van hierdie toewysing was om munisipale investering in biblioteekdienste te ondersteun en om die toekomstige professionele lewering en ontwikkeling van sulke dienste in die mees kwesbare B3-munisipaliteite van die Wes-Kaap te onderhou. Vyftien (15) munisipaliteite het oordragbetalings ontvang vir personeel-, bedryfs- en/of kapitaalluitgawes aan biblioteke. Die begroting vir hierdie geormerkte toewysing was R88 792 000, waarvan R85 600 000 na munisipaliteite oorgedra is. Moniteringsmeganismes sluit in gereelde besoeke en maandelikse en kwartaallikse verslae wat deur die munisipaliteite aan die Departement voorgelê word.

Breëband-biblioteekverbinding en biblioteekdienste-aanvulling vir breëband (R4 658 000)

Die doel van hierdie toewysing was om IKT-fasiliteite te verskaf, rekenaarhardeware te koop en openbare biblioteke van gratis internettoegang te voorsien.

Werk skepping (voltydse ekwivalent) UOWP (R4 786 000)

Kultuursake het 'n UOWP-toewysing ontvang om werkseleenthede te skep vir begunstigdes as deel van die Uitgebreide Openbare Werke-program wat op kuns-, kultuur-, taal-, biblioteke en doe argiefsektor fokus.

Die befondsing is ook deur Sport en Ontspanning ontvang vir werkskepping in die Klubontwikkelingsprogram, Kliënteondersteuning, Gespesialiseerde Dienste, Distrikskantore. Verder is die fondse aangewend vir kapasiteitsbou en hulpbron-personeel. Hierdie toewysing is ook gebruik om werkseleenthede vir werklose jeugdiges in die gemeenskappe te skep. Hierdie werkseleenthede het hulself in ons MGO- en Buurtskoolprogramme voorgedoen. Benewens die fokus op massadeelname, dien hierdie programme ook as talentpoele, waar deelnemers met potensiaal in óf rekreasie, sport, kuns en/of kultuur geïdentifiseer kan word vir deelname op 'n volgende vlak. Daarbenewens kry diegene wat in hierdie programme werksaam is, bv. die afrigters, toegang tot verskeie geleenthede, bv. hulle kan verskeie geakkrediteerde kursusse bywoon.

MGO-sentrums insluitend instandhouding, nutsdienste en sekuriteit (R7 965 000)

Skoolgebaseerde, veeldoelige, gedeelde fasiliteite word by verskeie MGO-sentrums (of groepe MGO-sentrums) en/of hul naburige skole ontwikkel. Elkeen van hierdie gedeelde fasiliteite het op sy beurt ondersteuning nodig met betrekking tot die instandhouding, nutsdienste en sekuriteitskoste. Die fasiliteite word gedeel en benut deur al die skole in die woonbuurt, sowel as die omliggende woonbuurte. Dit bied aan die deelnemers veilige en bevorderlike ruimtes, en dit is 'n plek waar hulle by hul verskeie ontspannings-, sport-, kuns- en kultuuraktiwiteite kan betrokke raak, van 'n massadeelnamevlak tot 'n bemeesteringsvlak. Hierdie fasiliteite bied hulself ook aan as 'n tuiste, want dit is waar die deelnemers ontmoet, met mekaar omgaan, 'n gevoel van behoort, sowel as 'n identiteit ontwikkel, aangesien dit is waar hul selfbeeld gegroei word, en hul waardestelsel verder ontwikkel word.

Ondernemingsinhoudsbestuur (OIB) (R12 387 000)

Hierdie toewysing was vir operasionele sowel as projekverwante befondsing. Dit het die omvattende ontplooiing by DEA&DP, DEDAT sowel as WKOD behels en is suksesvol teen 31 Maart 2023 voltooi.

Aanbied van die Netbalwêreldbeker 2023 (R5 000 000)

'n Geormerkte toewysing van R5 miljoen is gedurende die 2022/23-boekjaar na die 2023 Netbalwêreldbeker-raad oorgedra vir die bedryfskoste verbonde aan die aanbieding daarvan.

Nuut: Hersiening van vaardigheids-, jeug- en indiensnemingsprogramme (R2 000 000)

Hierdie toewysing is verskaf om al die groot befondse programme van die Wes-Kaapse Regering te assessee teen die jeugnorme en -standaarde wat deur PTM ontwikkel en goedgekeur is. Die kwotasies wat ontvang is, was laer as wat verwag is, wat gelei het tot die onderbesteding op die toewysing. Aangesien dit 'n geormerkte toewysing was, kon die fondse nie hertoegewys word nie.

Nuut: YearBeyond (R15 000 000)

Hierdie befondsing het mede-befondsing verskaf vir die nasionale presidensiële jeug-indiensnemingsinisiatief Nasionale Jeugdies-befondsing vir die uitbreiding van YearBeyond om 3 000 jeugdies te bereik. Die befondsing was om toelaes te mede-finansier.

Nuut: Vakansieprogram (R15 000 000)

Altesaam 89 toewysings is gemaak om vakansieprogramme in die Desember/Januarie-vakansie te lewer. Dit het veilige en betrokke ruimtes vir 19 315 leerders en 1 468 werksgeleenthede vir die jeug gebied.

Nuut: Groot geleentheid (R5 000 000)

Van die R5 Miljoen is R3 Miljoen aan Kultuursake toegeken en R2 miljoen aan Sport en

Nuut: Van PPF – Kangogrotte PPP: Die uitvoerbaarheidstudie vir die toekomstige bestuur van die Kangogrotte met die doel om inkomste te genereer om toekomstige volhoubaarheid te verseker (R1 000 000)

Die Departement het befondsing ontvang om 'n Openbare-Private Vennootskap (PPP) uitvoerbaarheidstudie vir die Kangogrotte uit te voer. Die grotte word sedert sy ontstaan deur die plaaslike munisipaliteit bestuur, maar hierdie studie het ten doel om die haalbaarheid van 'n PPP vir die bestuur van die grotte te begryp ten einde die finansiële volhoubaarheid, besoekerservarings en langtermynbewaring daarvan te verbeter.

Die aanvanklike bod vir die PPP-uitvoerbaarheidstudie van die Kangogrotte is gedurende die boekjaar gepubliseer, maar geen reaksie is ontvang nie. Die Departement het die omvang hersien, en 'n diensverskaffer is daarna aangestel. Die uitvoerbaarheidstudie sal na verwagting in 2023/24 voltooi wees.

Nuut: Van PPF – Kangogrotte PPP: 'n Projekvoorbereidingskostestudie moet gedoen word om te bepaal hoeveel befondsing benodig word vir die kort-, medium- en langtermynonderhoud van die Kangogrotte en omliggende infrastruktuur (R500 000).

'n Bewaringsbestuursplan (BBP) wat 'n kosteberekeningstudie insluit, is vir die Kangogrotte aangevra. 'n CMP met kostestudie sal voorsiening maak vir beter bestuur en beplanning van die Kangogrotte en sal streef na 'n volhoubare balans tussen die behoefte om die brose omgewing van die grotte te bewaar met die behoefte om sy besoekersaanbod uit te brei.

'n Diensverskaffer vir die Bewaringsbestuursplan en kosteberekeningstudie is gedurende die boekjaar aangestel. 'n Aanvangsverslag en 'n konsep CMP is deur die diensverskaffer aan die Departement voorgelê vir hersiening. Daar word verwag dat die projek in 2023/24 voltooi sal word.

Nuut: Van PPF – Kultuurfasiliteite: Uitvoerbaarheidstudie vir 'n potensiële PPP vir Melkbos Oppiesee en Schoemanspoort om hierdie fasiliteite te transformeer na 'n vlak wat privaat gebruik sal word bykomend tot ons huidige openbare gebruiksmodel (R1 500 000)

Die Departement van Kultuursake en Sport beskik oor sewe kulturele fasiliteite wat gebruik word vir die bevordering en ontwikkeling van kuns en kultuur. Hierdie fasiliteit word grootliks deur gemeenskapsgroepe, skole en godsdienstige instellings gebruik teen 'n lae tarief. Die fasiliteit het moontlik die potensiaal om meer inkomste te genereer en daarom is 'n bedrag van R1,5 miljoen bewillig om 'n uitvoerbaarheidstudie vir die hermodellering van die Melkbos Oppiesee en Schoemanspoort fasiliteit saam te stel. Die studie het gedurende die oorsigtydperk begin.

Nuut: Van FTSF - Virtuele en Digitale Dienste in Wes-Kaapse Provinsiale Argief (R16 476 000)

Digitale skandeerders is gedurende die 2022/23-boekjaar aanskaf. Personeel sal in die begin van die 2023/24-boekjaar opgelei word oor die gebruik hiervan. 'n 3D-kamera wat gebruik sal word vir die vaslegging van inligting vir virtuele toere is gedurende die 2022/23-boekjaar aanskaf. Die Departement is besig om intekendienste te verkry vir die aanbieding van die digitale inligting vir virtuele toere.

Om menslike hulpbron-kapasitasie te verseker, is altesaam vyf UOWP-personeellede op 1 April 2022 aangestel. Die werwingsproses vir twee kontrakposte is teen die einde van die 2022/23-boekjaar in die finale stadium.

7. Donateursfondse

Geen donateursfondse is in die oorsigjaar ontvang nie.

8. Kapitaalbelegging

8.1. Kapitaalbelegging, instandhouding, en batebestuursplan

Geen.

Deel C

BESTUURSOORSIG

1. Inleiding

Bestuursoorsig, risikobestuur en voldoening is drie pilare waarop die Departement se vermoë om sy doelwitte na te kom, berus. Voldoening van die Departement se beleide en prosedures, sowel as tersaaklike wette en regulasies in kombinasie met onwrikbare, doeltreffende bestuursoorsig word as allerbelangrik vir die Departement se sukses beskou. Hierdie afdeling bied 'n oorsig van die bestuursoorsigpraktyke hierdie Departement ten grondslag lê.

2. Risikobestuur

Die Departement het 'n Ondernemingsrisikobestuur- en Etiekkomitee (ORBEK) ingestel om die Rekenpligtige Beampte (RB) by te staan in sy verantwoordelikhede met betrekking tot risikobestuur.

Beleid en strategie vir Ondernemingsrisikobestuur

Die Departement het op 12 April 2021 'n beleid oor Ondernemingsrisikobestuur vir die boekjare 2021/22 – 2024/25 aanvaar. Hierdie beleid verwoord die risikobestuursfilosofie en veranker, op 'n hoë vlak, die rolle en verantwoordelikhede van die onderskeie rolspelers vas. Dit dien as grondslag vir die risikobestuursproses word aangevul deur die detail vervat in die strategie.

Die strategie en implementeringsplan vir Ondernemingsrisikobestuur (ORB) bied 'n uiteensetting van hoe die Departement te werk sal gaan om die ORB-beleid, soos aanvaar deur die Rekenpligtige Beampte (RB), te implementeer. Die Provinsiale Beleid en Strategie vir Ondernemingsrisikobestuur (PERMPS) sowel as die Departement se eie ORB-beleid en risikoprofiel lê hierdie strategie ten grondslag.

Verantwoordelikhede van die ORBEK (ERMECO)

Die Ondernemingsrisikobestuur- en Etiekkomitee (ORBEK) het sy verantwoordelikhede voortspruitend uit artikel 38(1)(a)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Tesourieregulasie 3.2.1 en Staatsdiensregulasies gedateer 2016, hoofstuk 2, deel 1, 2 en 3 nagekom. ORBEK het ook die gepaste formele opdrag (soos goedgekeur deur die ORBEK-voorsitter op 24 Mei 2022) aanvaar en het sy sake in voldoening met hierdie opdrag gereguleer en al sy verantwoordelikhede dienooreenkomstig uitgevoer.

Lede van die ORBEK

Benewens die RB, word ORBEK saamgestel uit topbestuur, senior bestuur en geselekteerde lede van die Departement se bestuurspan. Soos per sy odrag, het ORBEK vier keer (kwartaalliks) gedurende die oorsigjaar vergader. Alle vergaderings is deur lede of sy/haar afgevaardigde bygewoon.

Tersaaklike inligting oor die ORBEK-lede word in die tabel hieronder openbaar gemaak:

LID	POS	GETAL VERGADERINGS BYGEWOON	DATUM AANGESTEL
Mnr G Redman	Rekenpligtige beamppte (Voorsitter)	4	21/08/2021
Me B Rutgers	Direkteur: Finansiële Bestuur (HFB)	4	01/04/2019
Me C van Wyk	Hoofdirekteur: Kultuursake	3	08/07/2022
Me C Sani	Direkteur: Biblioteekdiens	4	01/04/2019
Mnr D Esau	Adjunkdirekteur: Interne Beheer (Risikokampvegter)	4	01/04/2019
Mnr D Flandorp	Adjunkdirekteur: Korporatiewe Verhoudinge (Etiëkbeamppte)	3*	01/04/2019
Me J Boule	Hoof: Jeug- en Naskoolse Program	4	01/04/2019
Me J Moleleki	Direkteur: Kuns, Kultuur en Taaldienste	3*	01/04/2019
Mnr M Janse van Rensburg	Direkteur: Museums, Erfenis en Geografiese Namedienste	3*	29/10/2021
Dr L Bouah	Hoofdirekteur: Sport en Ontspanning	4	07/04/2019
Me N Dingayo	Direkteur: Provinsiale Argiefdiens	3*	12/03/2019
Mnr S Julie	Direkteur: Strategiese en Bedryfsbestuursteun	2*	01/04/2019
Mnr K Blacker	Direkteur: Ondernemingsinhoudsbestuur	1*	08/07/2022
Mnr T Tutu	Direkteur: Sportbevordering	4	01/04/2019
Mnr P Hendricks	Direkteur: Sportontwikkeling	2*	01/04/2019

*Wanneer 'n lid nie die vergadering kon bywoon nie, is die betrokke eenheid nogtans altyd deur 'n afgevaardigde verteenwoordig.

Die volgende dien as 'n aanduiding van ander amptenare wat gedurende die oorsigjaar ORBEK-vergaderings bygewoon het:

NAAM	RANG	BYGEWOON
Me A Haq	Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur	4
Me C Cochrane	Hoofrisiko-adviseur: Ondernemingsrisikobestuur	2
Mnr P De Villiers	Adjunkdirekteur: Interne Oudit	4
Me P Swartbooi	Direkteur: Interne Oudit	1
Me M Natesan	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste	4
Mnr E Peters	IT Risikopraktisyn: IT Bestuursoorsig	1

Hoofaktiwiteite van ORBEK

Die Rekenpligtige Beampste is die voorsitter van ORBEK en die Adjunkdirekteur: Interne Beheer is die Risikobeampste van die Departement. In die uitvoering van sy pligte, het ORBEK die volgende hoofaktiwiteite gedurende die jaar verrig:

- Die Departement se Risikobestuurbeleid, -strategie en implementeringsplan is hersien aloverens dit vir aanbeveling aan die Ouditkomitee en vir goedkeuring deur die Rekenpligtige Beampste voorgelê is;
- Risiko's binne vasgestelde gegroepeerde kategorieë van risikoaptyte is gemoniteer en hersien en, ooreenkomstig die PERMPS wat deur die provinsie se topbestuur aanvaar is, word toleransies dienooreenkomstig toegepas;
- Enige weselike veranderings aan die Departement se risikoprofiel is aan die RB gerapporteer;
- Die Departement se burgergesentreerde strategiese risiko's is bevestig. Dit dien as bewys van die Departement se verbintenis daartoe om werk te maak van bydraende faktore en die regstreekse impak wat daardie faktore op burgers het;
- Die ingediende verslae oor risiko's verbonde aan intelligensie en tendense in hierdie verband is deeglik oorweeg.
- Ontluikende risiko's is geïdentifiseer;
- Die implementering van die plan vir die voorkoming van bedrog en korrupsie is gemoniteer.
- Risiko's wat buite risikotoleransievlakke val, is vir verdere optrede/aandag geïdentifiseer.
- Die implementering van die departementele ORB-beleid, -strategie en -implementeringsplan is geëvalueer;
- Die doeltreffendheid van mitigerende strategieë is geëvalueer ten einde werk te maak van weselike risiko's, insluitende daardie wat op etiek en ekonomiese misdaad betrekking het.
- Etiese bestuur binne die Departement is by wyse van toesighouding verseker.

Vername risiko's wat gedurende die oorsigjaar oorweeg en gehanteer is:

1. **Ontoereikende fisiese ruimte om alle rekords wat vanaf staatsinstellings ontvang word, te berg.** In die oorsigjaar is die risiko na die WKR se provinsiale risikoregister geëskaleer. Hierdie strategiese risiko is uiters belangrik vir die hele regering aangesien dit nie net die Departement se mandaat raak nie, maar ook die breër Wes-Kaapse regeringsliggame. Die beheermaatreëls wat tans geld, blyk ontoereikend te wees, veral gegewe die behoefte aan geskikte en gepaste ruimtes.
2. Die risiko "**Bepaalde aanspreeklikheid vir behaling van die Departement se uitkomst**" is baie algemeen verwoord, maar sentreer rondom eksterne faktore soos beroerde fiskale en ekonomiese vooruitsigte wat aanleiding gee tot uiters streng maatreëls wat

'n impak het op die koste van indiensname en onsekerheid rondom voorwaardelike toewysings. Dit besin ook oor SITA se vermoë om volgens die diensvlakooreenkoms doeltreffende ondersteuning ten opsigte van biblioteekdienste en inligtingstegnologie te lewer.

3. Die risiko "**Onvermoë om die Departement se statutêre en ander verwante dienste te lewer weens onbeplande, beduidende ontwrigting/s**" is aanvanklik geïdentifiseer in die konteks van COVID-19-implikasies, die energiekrisis, en die beperkte vermoë van SITA om doeltreffende IT-dienste te lewer het egter bygedra tot die verhoging van die risiko. Die Departement het sy sakekontinuiteitsbestuursplan gedurende die vierde kwartaal hersien, met inagneming van alle moontlike scenario's ten opsigte van elektrisiteitsontwrigting en verdere mitigerings sal in die nuwe boekjaar bespreek word.
4. Die risiko "**Beperkte finansiële en menslike vermoë om voldoende en toepaslike ondersteuning aan die jeug te verskaf ten opsigte van jeugontwikkeling in die Wes-Kaap Provinsie**" is hoofsaaklik weens die huidige fiskale omgewing wat die ekonomie se vermoë om jeugdiges te absorbeer en begrotingstoewysings vir jeugontwikkelingsinisiatiewe beperk. Dit kan tot verhoogde ontnugtering, vervreemding en 'n gebrek aan behoording onder die jeug lei, waaroor die World Economic Forum Global Risk Report vermeld het. Die Departement het verskeie jeugintervensies ingestel vir die mitigering van die risiko en om werksgeleenthede te voorsien.
5. 'n Risiko wat verband hou met die "**Reputasie van die Provinsie in die aanbied van die Netbalwêreldbeker 2023**" is geïdentifiseer aangesien eksterne faktore (d.w.s. die energiekrisis, protesaksies en beskikbare hulpbronne) die provinsie se reputasie tydens die aanbieding van die wêreldbeker negatief kan beïnvloed.
6. Hoofrisiko's van programme naamlik "**Verlies van biblioteekbates (materiaal)**" en "**Die bedryfsdoeltreffendheid van biblioteekdienste word deur die SLIMS-stelsel belemmer**" word in oënskou geneem aangesien die risiko's verhoog is weens die onbesikbaarheid van die SLIMS-stelsel tydens die verslagdoeningstydperk en die gevolglike dataverlies ná die stelsel herstel is. Die ineenstorting van SLIMS het alle funksies geraak, met inbegrip van keuring, verkryging, katalogisering, batebestuur en verspreiding. Die Departement asook openbare biblioteke moes handprosesse instel om dienslewering tydens die onbesikbaarheid van die stelsel voort te sit, en het 'n arbeidsintensiewe proses gevolg om SLIMS met hardekopie-inligting aan te vul sodra die stelsel beskikbaar geword het.

Vername ontluikende risiko's vir die komende boekjaar

Voorts is die Departement uiters bewus van die ekonomiese realiteite en die krimpende begrotingskoevert ten opsigte van maatskaplike behoeftes. Potensiële risiko's word nougeset gemoniteer, bespreek en bestuur.

Ander ontluikende risiko's vir die Departement is die aanbieding van groot byeenkomste en die beskerming van die provinsie se reputasie, sowel as die veiligheid van departementele personeel tydens die uitvoer van hul pligte. Hierdie risiko's sal in die nuwe boekjaar verder ondersoek word.

Bestuur van risiko's

Gereelde strategiese evaluasies en evaluasies van programme word onderneem ten einde te bepaal hoe doeltreffend die Departement se strategie vir risikobestuur is en om nuwe en ontlukende risiko's te identifiseer wat aan 'n veranderende interne en/of eksterne omgewing toegeskryf kan word. Gedurende die oorsigjaar is daar oor elke program se risiko's beraadslaag, en dié risiko's is kwartaalliks in ORBEK-vergaderings voorgelê. Daar word van senior bestuurders verwag om terugvoer te gee oor vordering met implementering van aksieplanne om die waarskynlikheid dat risiko's sal realiseer te verminder en/of om die impak te verminder indien dit realiseer. ORBEK het ook risiko's terugverwys na die onderskeie programme in gevalle waar 'n meer diepgaande analise geregverdig is en het ook addisionele mitigasie of optrede aanbeveel om hierdie risiko's te bestuur. Bestuur aanvaar eienaarskap van risiko's en aangeleenthede verwant aan risiko's word dikwels, as deel van sy kultuur, op verskeie platforms bespreek in 'n poging om risiko's op 'n samewerkende en innoverende manier te beperk. Die Departement se beleid oor en strategie vir ORB word jaarliks onder alle amptenare se aandag gebring sodat hulle bewus is van versterkende maatreëls wat getref is, en op hierdie wyse word risikobestuur dwarsdeur die Departement vasgelê. Doelgemaakte en generiese risikobewusmakingsessies is ook aangebied sodat elemente verwant aan risikobestuur gestandaardiseer kan word met die oop daarop om hierdie aspek tot wisdom te ontwikkel. Aktiwiteite vervat in die implementeringsplan word deurlopend gemoniteer en van tyd tot tyd oor gerapporteer. Net soos met die voorgenome uitsette wat by die JPP ingesluit is, is die oogmerk hier om via monitering potensiële risiko's en afwykings van aanwysers en die behaling van uitkomst asook die nie-nakoming van wetgewende en beleidsmandate te bespeur.

Die Maatskaplike Kluster se Ouditkomitee was verantwoordelik vir onafhanklike oorsig oor die Departement se risikobestuurstelsel. Ter uitvoering van sy onafhanklike oorsigrol, is die Ouditkomitee van kwartaallikse ORB-vorderingsverslae en risikoregisters voorsien.

Slotsom

In die loop van die 2022/23- boekjaar is aansienlike vordering gemaak met die bestuur van risiko's. Aansienlike vordering is gemaak met die vaslegging van risikobestuur en risikobewustheid as deel van die Departement se normale daaglikse werksaamhede, end it het grotendeels tot die Departement se gunstige prestasie bygedra. Die verbetering kan toegeskryf word aan risikobewusmakig- en opleidingsprogramme wat met behulp van MS Teams se sagteware in die vorm van videokonferensies vir departementele amptenare aangebied is.

Die verhoogde bewustheid binne die Departement het aanleiding gegee tot 'n verbetering in strategieë in reaksie op risiko's wat binne die onderskeie programme (in die Departement) geïdentifiseer is.

3. Bedrog en korrupsie

Bedrog en korrupsie hou beduidende potensiële risiko's in vir die Departement se bates en kan 'n negatiewe impak hê op die doeltreffendheid van dienslewering en die Departement se reputasie.

Die Wes-Kaapse Regering (WKR) het 'n teenkorrupsiestrategie aanvaar wat die provinsie se ingesteldheid van zero verdraagsaamheid teenoor bedrog, diefstal en korrupsie bekragtig. In lyn met hierdie strategie is die Departement verbind tot zero verdraagsaamheid ten opsigte van korrupte, bedrieglike of enige ander kriminele aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en sal enigeen (hetsy intern of ekstern) wat by sulke praktyke betrokke raak of probeer om daarby betrokke te raak met alle middele tot sy beskikking vervolg word.

Die Departement het 'n goedgekeurde plan vir die voorkoming van bedrog en korrupsie met 'n gelyklopende implementeringsplan, wat hierdie voorkomingsplan tot uitvoer bring.

Verskeie kanale vir die rapportering van beweerde bedrog, diefstal en korrupsie bestaan en hierdie word breedvoerig in die provinsiale teenkorrupsiestrategie, die WKR se beleid oor openbaarmakers en die departementele bedrogvoorkomingsplan beskryf. Elke bewering wat deur die Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) ontvang word, word in 'n saakbestuurstelsel aangeteken, wat as 'n bestuursinstrument gebruik word om verslag te doen oor vordering met gevalle wat met die Departement verband hou en om statistiek vir die WKR en die Departement te genereer.

Werknemers en werkers wat die fluitjie blaas rakende vermoede bedrog, korrupsie en diefstal word beskerm mits die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking is (d.w.s. aan statutêre vereistes ingevolge die Wet op Beskermdes Openbaarmakings, Wet 26 van 2000 voldoen) en mits die openbaarmaking ter goedertrou gemaak is). Die WKR se beleid oor openbaarmakers lê riglyne neer vir daardie werknemers en werkers wat oor redelike gronde beskik dat 'n oortredeing van die tersaaklike lynbestuurders, persone wat spesifiek vir hierdie doel in die WKR aangewys is of eksterne instansies kan bring. Die geleentheid om anoniem te bly, word aan elke persoon gegun wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil rapporteer en indien hulle dit persoonlik sou doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon aan wie hulle rapporteer.

Indien dit by nadere ondersoek blyk dat 'n werknemer wel skuldig was aan bedrog, diefstal of korrupsie, word die werknemer wat hom/haar aan daardie daad skuldig gemaak het aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. Daar word van die WKR-vertegenwoordiger wat die verhoor aanhangig maak, verwag om aan te beveel dat die betrokke werknemer ontslaan word. Waar prima facie bewyse van kriminele gedrag bespeur word, word 'n kriminele saak by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangemeld.

Vir die oorsigjaar het die PFD 'n sertifikaat oor vordering met sake vir die Departement uitgereik waaruit die volgende blyk:

Sake	Getal sake
Onafgehandelde sake soos op 1 April 2022	0
Nuwe sake (2022/23)	1
Afgehandelde sake (2022/23)	(1)
Onafgehandelde sake soos op 31 Maart 2023	0

Die volgende tabel ontleed die afgehandelde saak soos hierbo aangedui:

Aard en ondersoek van die afgehandelde saak
Die ondersoek is afgehandel met geen nadelige bevindings nie.

4. Vermindering van botsende belange

Daar word van elke lid van die seniorvlakbestuursvlak (SBD) verwag om jaarliks 'n finansiële openbaarmaking in te dien ten einde te verhoed dat hulle belange nie met die werksaamhede van die Departement bots nie. Alle personeel op salarisvlak 9 en 10 moet finansiële openbaarmakings indien. Alle personeellede wat op 'n keuringspaneel gedien het, 'n verklaring afgelêten einde enige botsende belange uit te skakel ten opsigte van kandidate wat om geadverteerde poste aansoek gedoen het. Sou 'n moontlike botsing van belange geïdentifiseer word, word daar van die paneellid verwag om aan die proses te onttrek. Daar word van lede van bodkomitees verwag om 'n verklaring van belange te onderteken wanneer tenders geëvalueer en beoordeel word. Daar word van alle personeellede verbonde aan Korporatiewe Dienste se Subdirektoraat: Verhoudingsbestuur verwag om hulle tot geheimhouding te verbind aangesien hulle met sensitiewe inligting oor menslike hulpbronne te kampe het. Die prosedure verbonde aan 'n verklaring van belange is onder alle DKES-personeel se aandag gebring, en personeel is versoek om aan te toon of enige botsende belange dalk uit die uitvoering van hul pligte mag voortspruit.

5. Gedragskode

As deel van hul oriënteringspakket ontvang alle nuutaangestelde werknemers 'n afskrif van die gedragskode by aanvaarding van diens. Hierdie kode word ook in detail behandel in die departementele oriënteringsprogram. Voorts is die kode onder alle ander DKES-werknemers gesirkuleer, en daar is van hulle verwag om 'n register ter bevestiging van ontvangs te onderteken. Die Departement het riglyne vir die gebruik van sosiale media uitgevaardig. Hierdie riglyne stem ooreen met die provinsiale beleid oor sosiale media en maan personeellede om sosiale media verstandig te gebruik. Die riglyne is tot alle personeellede se beskikking en word ook toegelig ten tyde van komponente se vergaderings om te verseker

dat personeel hul verantwoordelikhede ten opsigte van die gebruik van sosiale media begryp. Personeel word ook ingelig rakende prosesse verbonde aan werk teen vergoeding buite die staatsdiens (RWOP).

6. Gesondheid-, veiligheid-, en omgewingskwessies

Gedurende Junie 2022 is die jaarlikse streeksoudits/-inspeksies by al 32 kantore in die Weskus hervat.

Die Departement het ook gereelde vergaderings oor aangeleenthede met betrekking tot verblyf, veiligheid en sekuriteit bespreek.

Maandelikse vergaderings tussen die sekuriteitsbestuurder en die sekuriteitsadviseur en personeel van die Departement van Gemeenskapsveiligheid word gehou om alle aangeleenthede verwant aan veiligheid en sekuriteit aan te pak.

7. Portefeuljekomitees

Vergadering	Onderwerp
Staannde Komitee oor Kultuursake en Sport	
29 September 2022	Besoek aan New Horizons Biblioteek tydens Besoekweek aan Bitou Munisipaliteit
27 Oktober 2022	Oorweging van die 2021/22-jaarverslae van die Departement van Kultuursake en Sport en sy entiteite: Erfenis Wes-Kaap, die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en die Wes-Kaapse Taalkomitee.
28 November 2022	Oorweging van Begrotingspos 13: Kultuursake en Sport soos per die bylae tot die Wes-Kaapse Aansuiweringswetsontwerp, 2022.
3 Februarie 2023	Besoek aan Ladismith Biblioteek tydens Besoekweek aan Kannaland Munisipaliteit.
16 Maart 2023	Bespreking van Begrotingspos 13: Kultuursake en Sport, soos per Bylae tot die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp, 2023 Western Cape Appropriation Bill, 2023.

8. Skoor-resolusies

Geen resolusies is vir die Departement gepubliseer nie.

Die Departement het by die volgende geleentheid met die Provinsiale komitee oor openbare rekeninge vergader:

Vergadering	Onderwerp
Provinsiale komitee or openbare rekeninge	
27 Oktober 2022	Oorweging van die 2021/22-jaarverslag van die Departement van Kultuursake en Sport en sy entiteite, Wes-Kaapse Taalkomitee, Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Erfenis Wes-Kaap.

9. Vorige wysigings aan ouditverslae

Geen.

10. Interne beheer

Dit is die verantwoordelikheid van die Rekenpligtige Beampte om interne beheermaatreëls deurlopend te assesseer en te evalueer ten einde te verseker dat die beheeraktiwiteite wat daargestel is, doeltreffend, doelmatig en deursigtig is en, waar nodig, verbeter word. Om dit te vermag, word kwartaalike vergaderings ter verbetering van bestuur en hoofbeheermaatreëls met die Ouditeur-generaal, die entiteit se programbestuurders en die Departement se Minister gehou. Hierdie is 'n deurlopende proses om te verseker dat die DKES sy skoon oudituitkomst handhaaf. Die Departement het 'n strategie en plan vir interne beheer bedink waarin 'n plan vir die implementering van interne beheermaatreëls binne sy kernfunksies uiteengesit word.

11. Interne oudit en ouditkomitees

Interne oudit voorsien die bestuur van onafhanklike, objektiewe sekerheids- en konsultasiedienste wat ontwerp is om waarde toe te voeg en deurlopend die werksaamhede van die Departement te verbeter. Dit help die Departement om sy doelwitte te behaal deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering tot die evaluering en verbetering van die doeltreffendheid van bestuursoorsig, risikobestuur en beheerprosesse daar te stel. Die volgende vername aktiwiteite word in hierdie verband verrig:

- Evaluering en maak van toepaslike aanbevelings ter verbetering van die bestuursprosesse ter behaling van die Departement se doelwitte;
- Evaluering van die toereikendheid en doeltreffendheid van en lewering van 'n bydrae tot die verbetering van die risikobestuursproses;
- Hulpverlening aan die Rekenpligtige Beampte met handhawing van die doeltreffendheid en doelmatigheid van beheermaatreëls deur daardie

beheermaatreëls te evalueer ten einde hul doeltreffendheid en doelmatigheid te bepaal, en deur aanbevelings te versterking en verbetering te ontwikkel.

Interneouditwerk wat gedurende die oorsigjaar vir die Departement voltooi is, sluit vyf sekerheidsvergaderings in. Die details van hierdie vergaderings word by die Ouditkomitee se verslag ingesluit.

Die Ouditkomitee is as 'n oorsigliggaam daargestel, wat onafhanklike oorsig oor staatsbestuur, risikobestuur- en beheerprosesse in die Departement in waarby oorsig en Hersiening van die volgende ingesluit is:

- Interne ouditfunksie;
- Eksterne ouditfunksie (Ouditeur-generaal van Suid-Afrika – OGSA);
- Departementele boekhouding en verslagdoening;
- Departementele rekeningkundige beleide;
- OGSA se bestuurs- en ouditverslag;
- Departementele in-jaar monitering;
- Departementele risikobestuur;
- Interne beheer;
- Voorafbepaalde doelwitte;
- Etiek en forensiese ondersoeke.

Tersaaklike inligting oor die Ouditkomitee lede word in die tabel hieronder openbaar gemaak:

Naam	Kwalifikasies	Intern of Ekstern	Indien intern, pos in die Departement	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Mnr. Pieter Strauss (Voorsitter)	BCom Rekeningkunde; BCompt Honneurs; GR (SA)	Ekstern	nvt	1 Januarie 2022 (2de termyn)	nvt	7
Mnr. Ebrahim Abrahams	BCom Rekeningkunde Honneurs	Ekstern	nvt	1 Januarie 2022 (2de termyn)	nvt	7
Me. Annelise Cilliers	BCompt Honneurs; GR (SA)	Ekstern	nvt	1 Januarie 2022 (2de termyn)	nvt	7
Me. Fayruz Mohamed	BCompt Honneurs; GR (SA)	Ekstern	nvt	1 Januarie 2022 (1ste termyn)	nvt	6

12. Verslag van die ouditkomitee

Ons lê met genoeg ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2023 voor.

Verantwoordelikhede van die Ouditkomitee

Ouditkomitee rapporteer dat dit sy verantwoordelikhede voortspruitend uit artikel 38(1)(a)(ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1 nagekom het. Die Ouditkomitee rapporteer voorts dat dit gepaste formele opdragte aanvaar het en sy sake in voldoening aan sy handves geregleer het.

Die doeltreffendheid van interne beheer

Daar word van die Departement verwag om interne beheerstelsels te ontwikkel en in stand te hou wat die waarskynlikheid verhoog dat die Departement sy doelwitte sal behaal en by veranderings in die omgewing waarbinne dit werksaam is, sal kan aanpas en tegelyk die doeltreffendheid en doelmatigheid van werksaamhede, betroubare verslagdoening en voldoening aan wette en regulasies bevorder. Die WKR het 'n gekombineerde sekerheidsraamwerk aanvaar wat die verskaffers van sekerheid identifiseer en integreer. Die eerste vlak van sekerheid word deur bestuur verskaf. Dienooreenkomstig word van lynbestuur verwag om doeltreffende interne beheermaatreëls in stand te hou en om daardie prosedures op 'n daaglikse basis uit te voer aan die hand van toesighoudende beheermaatreëls sowel as om remediërende aksies, waar nodig, te implementeer. Die tweede vlak van sekerheid word intern verskaf deur funksies wat nie regstreeks aan lynbestuur verbind word nie en aan wie die assessering van voldoening aan beleide, prosedures, norme, standaarde en raamwerke toevertrou is. Die derde vlak van sekerheid is onafhanklike sekerheidsverskaffers wat begelei word deur professionele standaarde wat vereis dat daar aan die hoogste vlakke van onafhanklikheid voldoen word.

Gefasiliteer deur interne oudit, wat ook 'n onafhanklike sekerheidsverskaffer is, is 'n risikogebaseerde gekombineerde sekerheidsplan vir die Departement ontwikkel. Interne oudit verleen aan die Ouditkomitee en bestuur redelike sekerheid dat interne beheermaatreëls toereikend en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n goedgekeurde risikogebaseerde interne ouditplan, interne oudit wat die toereikendheid van beheermaatreëls wat die risiko's versag, evalueer en die Ouditkomitee wat die implementering van korrektiewe optrede monitor.

Die volgende betrokkenheid by interne oudits is deur die Ouditkomitee goedgekeur en deur interne oudit gedurende die oorsigjaar afgehandel:

- DSDA se delegasieraamwerk
- Inisiasiepraktyke
- Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens
- Bestuursoorsig van Interne Beheereenheid
- Voorwaardelike toewysings – Sport
- Oordragbetalings - Biblioteke

Daar is met bestuur ooreengekom op die terreine vir verbetering, soos deur interne oudit uitgewys in die uitvoering van hul pligte. Die Ouditkomitee moniteer die implementering van die ooreengekome optrede op 'n kwartaallikse basis.

Bestuur deur die loop van die jaar en maandelikse/kwartaallikse verslag

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en kwaliteit van die kwartaallikse jaar-in bestuur en prestasieverlae wat in die verslagjaar deur die Rekenpligtige Beampte van die Departement uitgereik is in terme van die Tesourieregulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste.

Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- Die geouditeerde Jaarlikse Finansiële State evalueer en bespreek om ingesluit te word in die Jaarverslag;
- Die OGSA Bestuursverslag en Bestuur se reaksie daarop evalueer;
- Die veranderinge in rekenkundige beleide en praktyke evalueer soos in die Jaarlikse Finansiële State oor verslag gedoen
- Wesenlike aanpassings voortspruitend uit die oudit van die Departement evalueer.

Voldoening

Die Ouditkomitee het die Departement se prosesse vir nakoming met wetlike en regulatiewe vereistes hersien.

Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte soos in die Jaarverslag oor verslag gedoen is, hersien.

Verslag van Ouditeur-generaal

Die Ouditkomitee het, op 'n kwartaallikse basis, die Departement se implementeringsplan rakende ouditaangeleenthede in die vorige jaar, evalueer. Die Ouditkomitee het met die OGSA ontmoet om te verseker dat daar geen onopgeloste aangeleenthede is wat uit die vorige regulatoriese oudit gespruit het nie. Regstellende aksies op die gedetailleerde bevindings wat deur OGSA geopper is, word op 'n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemoniteer.

Die Ouditkomitee gaan akkoord en aanvaar die OGSA se opinie oor die Jaarlikse Finansiële State, en stel voor dat hierdie Jaarlikse Finansiële State aanvaar word en saam met hul verslag gelees word.

Mnr Pieter Strauss

Voorsitter van die Maatskaplike Kluster Ouditkomitee

Datum: 11/8/2023

13. B-GSEB-voldoening

Die volgende tabel is voltooi ooreenkomstig die B-GSEB voldoening soos vervat in die Wet op B-GSEB (2013) en soos deur die Departement an Handel en Nywerheid neergelê.

Het die departement/openbare entiteit enige tersaaklike Kode van Goeie Praktyk (B-GSEB-serifiseringsvlakke 1-8) ten opsigte van die volgende toegepas:		
Kriteria	Respons Ja / Nee	Toeligting (toeligting van respons en dui aan watter stappe gedoen is om dit na te kom)
Bepaling van kwalifiserende kriteria vir die uitreik van lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese bedrywighede ingevolge enige wet?	Nee	Die DKES reik nie lisensies, konsessies of ander magtigings uit ten opsigte van ekonomiese bedrywighede ingevolge enige wet uit nie.
Ontwikkeling en implementering van 'n voorkeurverkrygingsbeleid	Ja	<p>Die Departement se verkrygingsbesteding vir die oorsigjaer, namate dit betrekking het op die regulasies vir voorkeurverkryging, word hieronder uiteengesit:</p> <p>i. Besteding op SEB-bydraervlak</p> <ul style="list-style-type: none"> • 84.05% van die waarde is betaal aan verskaffers met SEB bydraerstatusvlak 1 – 8. • 15.95% van die waarde is betaal aan verskaffers met 'n SEB-status van "nie-bydraer". <p>ii Besteding per kategorie van eienaarskap</p> <ul style="list-style-type: none"> • 86.51% is betaal aan verskaffers met ten minste 51% swart eienaarskap. • 7.59% is betaal aan verskaffers met minder as 51% eienaarskap. <p>iii Besteding per omsetkategorie</p> <ul style="list-style-type: none"> • 33.25% is betaal aan EME's (<R10 miljoen) en 47.65% is betaal aan KKO's (>R10 miljoen tot <R50 miljoen); dus is 'n totaal van 80.90% betaal aan KMMO's betaal.

Het die departement/openbare entiteit enige tersaaklike Kode van Goeie Praktyk (B-GSEB-sertifiseringsvlakke 1-8) ten opsigte van die volgende toegepas:

Kriteria	Respons Ja / Nee	Toeligting (toeligting van respons en dui aan watter stappe gedoen is om dit na te kom)
		19.10% is betaal aan ander entiteite. Dit sluit in groot ondernemers (>R50 miljoen) (13.92%) verskaffers wat nie op die WCSEB geregistreer is nie met omsetkategorie wat nie aangedui is nie (5.18%).
Bepalende kwalifikasiekriteria vir die verkoop van ondernemings in staatsbesit?	Nee	Die Departement is nie betrokke by die verkoop van ondernemings in staatsbesit nie.
Ontwikkelingskriteria vir die aangaan van vennootskappe met die privaatsektor?	Nee	Die Departement neem nie deel aan vennootskappe met die privaatsektor nie.
Bepalende kriteria vir die toekenning van aansporings, toewysings en beleggingskemas ter ondersteuning van breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging?	Nee	Die Departement was nie betrokke by die toekenning van aansporings, toewysings en beleggingskemas ter ondersteuning van swart ekonomiese bemagtiging nie.

Deel D

MENSLIKEHULPBRONBE STUUR

1. Inleiding

Ons bydrae tot die werk van die Wes-Kaapse Regering word moontlik gemaak deur die volhardende en dikwels onbaatsugtige pogings van die mense binne die Departement van Kultuursake en Sport.

Die moderne mensebestuurslandskap het in die onlangse jare aansienlik verskuif, en is vererger deur die aanvang van COVID-19, wat komplekse navigasie tussen 'n reeks kompeterende veranderlikes noodsaak. Hierdie faktore is nie net onderling verbind nie, maar ook onderhewig aan streng reëls en regulasies, wat uitdagings stel wanneer inisiatiewe geïmplementeer word om talent te lok en te behou.

Hierby ingesluit is die balansering van dienslewingsnoodsaaklikhede, die werwing en behoud van kritieke en skaars vaardighede, die bemagtiging van die werksmag, loopbaanbestuur, opvolgbeplanning, diensbillikheid en die skep van 'n bemagtigende omgewing waarbinne werknemers kan floreer. Voorts word daar van die Departement verwag om binne 'n besuinigingsomgewing te funksioneer, wat verg dat bestuurders die impak van "om meer met minder te doen" moet opweeg.

Ondanks die veranderende patrone en toenemende eise wat die moderne werkplek raak, het die konsekwente harde werk van ons mense gedurende die oorsigjaar tot noemenswaardige prestasies en dienslewingsverbeterings gelei.

2. Stand van Mensebestuur by die Departement

2.1. Departementele prioriteite vir werksmagbeplanning

Die rol van werksmagbeplanning is van belang om te verseker dat die Departement die verlangde aantal mense het wat oor die nodige vaardighede, kennis en ingesteldhede beskik om die werk te verrig. Aan die hand van hierdie proses evalueer die Departement jaarliks sy werksmagprofiel teen huidige en toekomstige organisatoriese behoeftes. Die doel met hierdie evaluering is om te identifiseer tot watter mate die huidige werksmagprofiel die hoofuitkomst vir Mensebestuur wat dienskontinuiteit en waarde sal waarborg. Die Arbeidsmagplan (2021-2026) stem ooreen met die visie en missie vervat in die Departement se Strategiese Plan.

Die geprioritiseerde strategiese intervensies vervat in die Arbeidsmagplan is soos volg:

- Identifisering en ontwikkeling van die vereiste organisatoriese vermoë;
- Beoefen waarde- en bevoegdheidsgebaseerde werwingspraktyke (insluitend die moontlikheid van 'n aanlyn aansoek- en keuringstelsel ter versterking van werwingspraktyke om die regte kandidate te lok wat by die Departement se toekomsvisie en kultuur pas);
- Diversifiseer die talentpoel;
- Bied talent- en vaardigheidsontwikkeling vir werknemers in nuwe ontluikende vaardighede (d.w.s. 4IR-metabevoegdheids-/funktionaliteit en tegniese vaardighede

asook gedragsvaardighede wat van kritieke belang is om 'n toekomsgerigte organisasie te ondersteun);

- Prioritiseer opleidingsintervensies om werk te maak van departementele kritieke bevoegdhede en vereistes ten opsigte van 'n loopbaanontwikkelingsplan;
- Ontwikkel en implementeer die toekomsgerigte vaardigheidstrategie (FFSS);
- Help om 'n toevoer van talent te skep aan die hand van Jeugontwikkelingsprogramme (internskappe);
- Bewerkstellig hersamestelling van Provinsiale Opleidingsinstituut (PTI) as provinsiale leer- en innovasiesentrum;
- Stel prioriteite soos vervat in departementele DB-plan voorop ten einde die Departement se werwing- en keuringsbesluitete begelei;
- Verskaf gesondheid- en welstandintervensies/-dienste ter ondersteuning van werknemers se welstand;
- Ontwikkel en implementeer die oorgang na 'n nuwe manier van werk/ burgergesentreerde kultuur in die Wes-Kaapse Regering.

2.2. Bestuur van werknemerprestasie

Prestasiebestuur het ten doel om prestasie te verhoog deur individuele verbondenheid, aanspreeklikheid en motivering te verhoog.

Daar word van alle werknemers verwag om elke jaar voor 31 Mei 'n prestasie-ooreenkoms aan te gaan. Die ooreenkoms kom in wese neer op 'n kontrak tussen die werkgewer en die werknemer waarin die projekte, programme, aktiwiteite, verwagtinge en standaarde verwant aan verlangde lewering vervat is. Ter fasilitering van 'n gestandaardiseerde administrasieproses maak die Wes-Kaapse Regering gebruik van 'n elektroniese stelsel genaamd PERMIS (Prestasiebestuursinligtingstelsel) om inligting rakende prestasie te bestuur. Danksy hierdie stelsel is dit moontlik om die proses verwant aan prestasiebestuur vas te lê, te monitor en te bestuur.

Die proses verwant aan prestasiebestuur vereis die uitvoering van 'n halfjaarlikse hersiening en 'n jaarlikse assessering, maar ook dat die operasionele teikens en prestasies wat aan die prestasie-ooreenkoms gekoppel is, op 'n deurlopende grondslag gemoniteer en bekendgemaak word. In gevalle waar daar nie aan teikens of prestasieverwagtinge voldoen word nie, word daar aan die hand van die bestuur van swak prestasie hiervan werk gemaak. Binne hierdie konteks is 'n prestasiekonsultasie-eenheid in die Departement van die Premier (Hoofdirektoraat: Mensebestuurspraktyke) daargestel om lynbestuurders (mensebestuurders) van hulp te wees met die hantering van swak prestasie. Hierdie proses is ontwikkelingsgerig. In gevalle waar individue egter as swak presteerders ingevolge die wetgewende raamwerk geïdentifiseer is, word daar van hulle verwag om hulself aan 'n ontwikkelingsplan of, so nie, aan dissiplinêre optrede te onderwerp.

2.3. Werknemerwelstand

Die WKR se transversale program vir werknemergesondheid en -welstand (WGW) volg 'n holistiese benadering tot werknemerwelstand en is grootliks voorkomend van aard deur beide primêre en sekondêre dienste aan te bied.

Die Departement monitor die WGW-program by wyse van maandelikse verslae oor die benutting van primêre dienste (24/7/365 telefoniese beradingsdiens, aanlyn e-Sorg-diens en rapportering) en sekondêre dienste (persoonlike berading, trauma en kritieke insidente, opleiding en geteikende intervensie, uitvoerende afrigting, voorspraak).

'n Kwartaalverslag word deur die Direktoraat: Organisasoriese gedrag in die Korporatiewedienstesentrum voorberei, wat 'n tendensontleding van benutting, risiko-identifisering en die impak daarvan op produktiwiteit voorsien. Voorts is deurlopende verslagdoening aan die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSA) ook 'n vereiste en sodanige rapportering fokus op vier areas, naamlik MIV/Vigs, gesondheid en produktiwiteit, welstandbestuur en SHERQ-bestuur (veiligheid, gesondheid, omgewing, risiko en kwaliteit).

2.4. Monitering van Mensebestuur

Die Departement, in samewerking met die Departement van die Premier, monitor die implementering van 'n reeks voldoeningsaanwysers vir Mensebestuur. Die maandelikse barometer-feitelêer, wat deur die Hoofdirektoraat: Mensebestuurspraktyke in die Departement van die Premier ontwikkel is, voorsien die Departement van gereelde bywerkings van die arbeidsmagprofiel en ander tersaaklike data verwant aan Mensebestuur ten einde besluitneming moontlik te maak. Hierdie aanwysers sluit, onder andere, inligting in oor die diensstaat, personeeltal, mensebestedingprojeksies, siekteverlofpatrone, die monetêre waarde van jaarlikse verlofkrediete, dissiplinêre sake, vakaturekoerse, personeelbeweging, diensbillikheid, ensovoorts.

3. Oorsigstatistiek verwant aan Mensebestuur

3.1 PERSONEELVERWANTE BESTEDING

Die volgende tabelle bied 'n opsomming van die finale geouditeerde besteding per program (Tabel 3.1.1) en per salarisbande (Tabel 3.1.2)

Die syfers in Tabel 3.1.1 is ontleen van die Basiese Rekeningkundige Stelsel en die syfers in Tabel 3.1.2 is verkry uit die PERSAL-stelsel (personeelsalarisstelsel). Die twee stelsels is nie gesinkroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en -bedankings en/of oorplasing na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in die totale besteding wat deur hierdie stelsels weergegee word.

Die sleutel in die tabel hieronder is 'n beskrywing van die programme binne die Departement. Voortaan sal daar na programme volgens hul nommer verwys word.

Program	Programbeskrywing
Program 1	Administrasie
Program 2	Kultuursake
Program 3	Biblioteek- en argiefdienste
Program 4	Sport en Ontspanning

Tabel 3.1.1: Personeelbesteding per program, 2022/23

Program	Totale besteding (R'000)	Personeelbesteding (R'000)	Opleidingbesteding (R'000)	Goedere en dienste (R'000)	Personeelbesteding as 'n % van totale besteding	Gemiddelde personeelbesteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers vergoed
Program 1	68 951	52 689	362	11 724	76,4	399	132
Program 2	129 511	64 533	622	13 121	49,8	355	182
Program 3	431 738	73 991	24	47 924	17,1	349	212
Program 4	286 587	31 875	1 077	79 687	11,1	403	79
Totaal	916 787	223 088	2 085	152 456	24,3	369	605

Let wel: Die getal werknemers verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, met insluiting van internskappe, d.w.s. die Premier se jeugbevorderingsprogram (PAY), matriek, gegradeerde en student, maar met uitsluiting van die Provinsiale Minister. Die getal werknemers is kumulatief en weerspieël nie oorsigtelike getalle soos op 'n spesifieke datum nie.

Tabel 3.1.2: Personeelbesteding per salarisband, 2022/23

Salarisband	Personeelbesteding (R'000)	% van totale personeelbesteding	Gemiddelde personeelbesteding per werknemer (R'000)	Getal
Intern	1 388	0.6	27	52
Laer geskool (Vlak 1-2)	10 181	4.6	189	54
Geskool (Vlak 3-5)	49 690	22.3	263	189
Hoogs geskool: produksie (Vlak 6-8)	87 838	39.4	420	209
Hoogs geskool: toesighouding (Vlak 9-12)	56 583	25.4	643	88
Senior bestuur (Vlak 13-16)	17 055	7.7	1 312	13
Totaal	222 736	100.0	368	605

Let wel: Die getal werknemers verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, met insluiting van internskappe, d.w.s. die Premier se jeugbevorderingsprogram (PAY), matriek, gegradeerde en student, met uitsluiting van die Provinsiale Minister. Die getal werknemers is kumulatief en nie oorsigtelike getalle soos op 'n spesifieke datum nie.

Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisbande (Tabel 3.1.4), van uitgawes aangegaan as gevolg van salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand. Hierdie tabelle maak nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonus en ander toelae wat deel uitmaak van die totale personeelbesteding nie. In elke geval gee die tabel 'n aanduiding van die persentasie van die personeelbesteding wat vir hierdie items gebruik is.

Tabel 3.1.3: Salaris, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand per program, 2022/23

Program	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel besteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel besteding	Bedrag (R'000)	Behuisings toelae as 'n % van personeel besteding	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeel besteding
Program 1	35 584	16.0	111	0.0	1 291	0.6	2 437	1.1
Program 2	43 960	19.7	402	0.2	2 481	1.1	4 300	1.9
Program 3	50 423	22.6	131	0.1	3 098	1.4	5 604	2.5
Program 4	21 918	9.8	417	0.2	567	0.3	1 534	0.7
Totaal	151 886	68.2	1,061	0.5	7 437	3.3	13 874	6.2

Let wel: Die syfers in tabelle 3.1.3 en 3.1.4 is ontleen van PERSAL (personeelsalarisstelsel) en nie van die Basiese Rekeningkundige Stelsel nie. Die twee stelsels is nie gesinkroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en bedankings en / of oorplasing na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar dalk 'n verskil kan wees in die besteding wat op hierdie stelsels weerspieël word, d.w.s. salarisse, oortyd, behuising en mediese hulp. Voorts maak die tabel ook nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelae wat deel uitmaak van die totale personeelbesteding. Die voormelde besteding verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, met insluiting van interns (PAY, matriek, gegraduateerdes en student), maar met uitsluiting van die Provinsiale Minister.

Tabel 3.1.4: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand per salarisband, 2022/23

Salarisband	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel besteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel besteding	Bedrag (R'000)	Behuisings toelae as 'n % van personeel besteding	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeel besteding
Interns	1 352	0.6	-	-	-	-	-	-
Laer geskoold (Vlak 1-2)	6 048	2.7	120	0.1	695	0.3	1 215	0.5
Geskoold (Vlak 3-5)	31 225	14.0	381	0.2	2 868	1.3	5 218	2.3
Hoog geskoold: produksie (Vlak 6-8)	61 600	27.7	374	0.2	3 008	1.4	5 453	2.4
Hoogs geskoold: toesighouding (Vlak 9-12)	40 625	18.2	183	0.1	810	0.4	1 817	0.8
Senior bestuur (Vlak 13-16)	11 036	5.0	2*	0.0	56	0.0	171	0.1
Totaal	151 886	68.2	1 061	0.5	7 437	3.3	13 874	6.2

Let wel: Die syfers in tabelle 3.1.3 en 3.1.4 is ontleen van PERSAL (personeelsalarisstelsel) en nie van die Basiese Rekeningkundige Stelsel nie. Die twee stelsels is nie gesinkroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en bedankings en / of oorplasinge na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar dalk 'n verskil kan wees tussen die besteding wat op hierdie stelsels weerspieël word, d.w.s. salarisse, oortyd, behuising en mediese hulp. Voorts maak die tabelle ook nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelae wat deel uitmaak van die totale personeelbesteding. Die voormelde besteding verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, met insluiting van interns (PAY, matriek, gegradueerdes en student), maar met uitsluiting van die Provinsiale Minister.

* Die oortyd uitgawes wat onder die senior bestuur salarisband weerspieël word, is aangegaan voor die aanstelling.

3.2 INDIENSNEMING EN VAKATURES

Die volgende tabelle is 'n opsomming van die getal aktiewe poste op die diensstaat, die getal werknemers (uitgesonderd interns en die Provinsiale Minister) en die persentasie aktiewe vakante poste soos aan die einde van die boekjaar. Hierdie inligting word aangebied ooreenkomstig drie belangrike veranderlikes, naamlik: program (Tabel 3.2.1), salarisband (Tabel 3.2.2) en kritieke beroepe (Tabel 3.2.3). Alle inligting in hierdie gedeelte word as 'n oorsig aan die einde van die boekjaar verskaf.

Tabel 3.2.1: Indiensneming en vakatures per program, soos op 31 Maart 2023

Program	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Program 1	93	92	1.1
Program 2	172	167	2.9
Program 3	194	191	1.5
Program 4	69	67	2.9
Totaal	528	517	2.1

Tabel 3.2.2: Indiensneming en vakatures per salarisband, soos op 31 Maart 2023

Salarisband	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Laer geskoold (Vlak 1-2)	94	93	1.1
Geskoold (Vlak 3-5)	150	150	-
Hoogs geskoold: produksie (Vlak 6-8)	185	182	1.6
Hoogs geskoold: toesighouding (Vlak 9-12)	86	80	7.0
Senior bestuur (Vlak 13-16)	13	12	7.7
Totaal	528	517	2.1

Tabel 3.2.3: Indiensneming en vakatures per kritieke beroep, soos op 31 Maart 2023

Kritieke beroepe	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers%
Argivaris	18	18	-
Kultuurbeampte	5	5	-
Erfenisbeampte	10	9	10.0
Taalpraktisyn	9	9	-
Bibliotekaris	21	20	4.8
Sportbevorderingsbeampte	20	20	-
Fasiliteits-/eiendomsbestuurder	2	2	-
Navorser	1	1	-
Totaal	86	84	2.3

Let wel: Kritieke beroepe verwys na beroepe wat van kritieke belang vir dienslewering is. As hierdie beroepe nie in die Departement teenwoordig is nie, sal funksionering/dienste in duie stort.

3.3 POSEVALUERING

Posevaluering is ingestel as 'n manier om te verseker dat werk van gelyke waarde gelyk vergoed word. Binne 'n raamwerk wat nasionaal neergelê is, word daar van uitvoerende gesagspersone verwag om elke nuwe pos in sy of haar organisasie te evalueer of om enige pos te herevalueer waar die mandaat of inhoud beduidend verander het. Hierdie posevalueringproses bepaal die gradering en salarisvlak van 'n pos. Hier is dit belangrik om te begrip dat personeellede se posevaluering en prestasiebestuur verskil in die sin dat posevaluering verwys na die waarde/gewig wat toegeken word aan die aktiwiteite wat met die pos verband hou en dat prestasiebestuur verband hou met 'n aanslag van individuele prestasie.

Tabel 3.3.1 verskaf 'n opsomming van die getal poste wat in die oorsigjaar geëvalueer is. Die tabel verskaf ook statistiek oor die getal poste wat op- of afgegradeer is.

Tabel 3.3.1: Posevaluering, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Salarisband	Getal aktiewe poste soos op 31 Maart 2021	Getal poste geëvalueer	% poste geëvalueer	Poste opgegradeer		Poste afgegradeer	
				Getal	Poste opgegradeer as 'n % van totale poste	Getal	Poste afgegradeer as 'n % van totale poste
Laer geskool (Vlak 1-2)	94	-	-	-	-	-	-
Geskool (Vlak 3-5)	150	6	1.1	-	-	-	-
Hoogs geskool: produksie (Vlak 6-8)	185	18	3.4	-	-	-	-
Hoogs geskool: toesighouding (Vlak 9-12)	86	4	0.8	-	-	-	-
Senior bestuur Diensband A (Vlak 13)	10	1	0.2	-	-	-	-
Senior bestuur Diensband B (Vlak 14)	2	-	-	-	-	-	-
Senior bestuur Diensband C (Vlak 15)	1	-	-	-	-	-	-
Totaal	528	29	5.5	-	-	-	-

Let wel: Die "Getal poste geëvalueer" per Salarisband weerspieël die finale goedgekeurde posvlak ná posevaluering.

Tabel 3.3.2: Profiel van werknemers wie se salarisposisie opgegradeer is weens die feit dat hulle poste opgegradeer is, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Begunstigdes	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Totaal
Geen					

Let wel: Tabel 3.3.2 is 'n uiteensetting van poste in tabel 3.3.1. Die poste is in die voorafgaande boekjaar geëvalueer en die opgradering in hierdie boekjaar. Tabel 3.3.3 is 'n opsomming van die aantal gevalle waar salarisvlakke die graad oorskry wat deur posevaluering bepaal is, of waar hoër kerwe binne 'n spesifieke salarisvlak aan werknemers toegeken is. Elke salarisvlak bestaan uit 12 kerwe. Redes vir afwyking word in alle gevalle verskaf.

Tabel 3.3.3: Werknemers per hoofberoep aan wie hoër salarisse toegestaan is anders as dié wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Hoofberoep	Getal werknemers	Posevalueringssvlak	Vergoeding op 'n hoër salarisvlak	Vergoeding op 'n hoër kerf van dieselfde salarisvlak	Rede vir afwyking
Geen					

Tabel 3.3.4: Profiel van werknemers aan wie hoër salarisse toegestaan is anders as dié wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Begunstigdes	Swart	Bruin	Indiër	Wit	Totaal
Geen					

3.4. VERANDERINGE IN INDIENSNEMING

Omsetkoerse gee 'n aanduiding van tendense in die indiensnemingsprofiel van die Departement tydens die oorsigjaar. Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming van omsetkoerse per salarisband (Tabel 3.4.1) en per kritieke beroep (Tabel 3.4.2). Hierdie gedeelte sluit nie inligting oor interns in nie.

Tabel 3.4.1: Jaarlikse omsetkoerse per salarisband, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Salarisband	Getal werknemers soos op 31 Maart 2022	Omsetkoers % 2021/22	Aanstellings na die Departement	Verplasinge na die Departement	Diensbeëindigings vanuit die Departement	Verplasinge uit die Departement	Omsetkoers % 2022/23
Laer geskoold: Vlak 1-2)	100	1.0	1	-	2	1	3.0
Geskoold (Vlak 3-5)	148	3.3	10	1	8	1	6.1
Hoogs geskoold: produksie (Vlak 6-8)	185	8.3	11	2	16	1	9.2
Hoogs geskoold: toesighouding (Vlak 9-12)	79	9.3	3	2	8	1	11.4
Senior bestuur Diensband A (Vlak 13)	9	-	1	-	1	-	11.1
Senior bestuur Diensband B (Vlak 14)	1	-	1	-	-	-	-
Senior bestuur Diensband C (Vlak 15)	1	100.0	-	-	-	-	-
Totaal	523	5.6	27	5	35	4	7.5
			32		39		

Let wel: "Verplasinge" verwys na die laterale beweging van werknemers van een staatsdiensdepartement na 'n ander (beide provinsiaal en nasionaal). Die omsetkoerse

word bepaal deur die totale getal diensverlatings as 'n persentasie van die basislyn (getal werknemers soos op 31 Maart 2022) te bereken.

Tabel 3.4.2: Jaarlikse omsetkoers per kritieke beroep, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Kritieke beroep	Getal werknemers soos op 31 Maart 2022	Omsetkoers % 2021/22	Aanstellings na die Departement	Verplasinge na die Departement	Dienste-eindigings vanuit die Departement	Verplasinge uit die Departement	Omsetkoers % 2022/23
Argivaris	16	12.5	2	1	1	-	6.3
Kultuurbeampte	6	-	-	-	1	-	16.7
Erfenisbeampte	10	-	1	-	2	-	20.0
Taalpraktisyn	6	33.3	3	-	-	-	-
Bibliotekaris	22	8.7	-	-	1	-	4.5
Sportbevoorordingsbeampte	21	5.3	-	-	1	-	4.8
Fasiliteits-/eiendomsbestuurder	2	-	-	-	-	-	-
Navorsers	1	-	-	-	-	-	-
Totaal	84	9.3	6	1	6	-	6.0

Let wel: "Verplasinge" verwys na die laterale beweging van werknemers van een staatsdiensdepartement na 'n ander (beide provinsiaal en nasionaal). Die omsetkoers word bepaal deur die totale getal diensverlatings as 'n persentasie van die basislyn (getal werknemers soos op 31 Maart 2022) te bereken.

Tabel 3.4.3: Personeel wat die Departement se diens verlaat het, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Kategorie van uitrede	Getal	% van totale uitredes	Getal uitredes as 'n % van totale getal werknemers soos op 31 Maart 2022
Afsterwe	4	10.3	0.8
Bedanking *	21	53.8	4.0
Verstryking van kontrak	1	2.6	0.2
Ontslag – bedryfsveranderinge	-	-	-
Ontslag – wangedrag	1	2.6	0.2
Ontslag – onbekwaamheid	-	-	-
Ontslag weens swak gesondheid	1	2.6	0.2
Aftrede	7	17.9	1.3
Werknemeergeïnisieerde skeidingspakket	-	-	-
Verplasing na statutêre liggaam	-	-	-
Verplasing na ander staatsdiensdepartemente	2	5.1	0.4
Bevordering na ander WKR-departemente	2	5.1	0.4
Totaal	39	100.0	7.5

Let wel: Tabel 3.4.3 identifiseer die onderskeie kategorieë van uitrede vir daardie personelede wat die Departement se diens verlaat het.

* Bedankings word verder in tabelle 3.4.4 en 3.4.5 toegelig.

Tabel 3.4.4: Redes waarom personeel bedank, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Redes vir bedanking	Getal	% van totale bedankings
Ouderdom	1	4.8
Behoefte aan loopbaanverandering	3	14.3
Geen rede verskaf nie	16	76.2
Persoonlike gesondheid	1	4.8
Totaal	21	100.0

Tabel 3.4.5: Verskillende ouderdomsgroepe van personeel wat bedank het, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Ouderdomsgroep	Getal	% van totale bedankings
Ouderdom <19	-	-
Ouderdom 20 tot 24	-	-
Ouderdom 25 tot 29	1	4.8
Ouderdom 30 tot 34	4	19.0
Ouderdom 35 tot 39	5	23.8
Ouderdom 40 tot 44	2	9.5
Ouderdom 45 tot 49	2	9.5
Ouderdom 50 tot 54	4	19.0
Ouderdom 55 tot 59	1	4.8
Ouderdom 60 tot 64	2	9.5
Ouderdom 65 >	-	-
Totaal	21	100.0

Tabel 3.4.6 Werknemergeriniseerde skeidingspakkette

Totale getal werknemergeriniseerde skeidingspakkette in 2022/23	Geen
---	-------------

Tabel 3.4.7: Bevorderings per salarisband, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Salarisband	Getal werknemers soos op 31 Maart 2022	Bevorderings na 'n ander salarisvlak	Bevorderings as 'n % van totale werknemers	Progressie na 'n ander kerf binne 'n salarisvlak	Kerfprogressie as 'n % van totale werknemers
Laer geskool (Vlak 1-2)	100	-	-	41	41.0
Geskool (Vlak 3-5)	148	2	1.4	113	76.4
Hoogs geskool: produksie (Vlak 6-8)	185	3	1.6	99	53.5
Hoogs geskool: toesighouding (Vlak 9-12)	79	7	8.9	44	55.7
Senior bestuur (Vlak 13-16)	11	-	-	4	36.4
Totaal	523	12	2.3	301	57.6

Let wel: Bevorderings verwys na die totale getal werknemers wat binne die Departement na 'n hoër posvlak gevorder het deur vir 'n geadverteerde pos aansoek te doen en wie se aansoek, via die werwing- en keuringsproses, suksesvol was. Hierdie inligting toon die salarisvlak van 'n werknemer nadat hy/sy bevorder is.

Tabel 3.4.8: Bevorderings per kritieke beroep, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Kritieke beroep	Getal werknemers soos op 31 Maart 2022	Bevorderings na'n ander salarisvlak	Bevorderings as 'n % van totale werknemers in kritieke beroepe	Progressie na 'n ander kerf binne 'n kritieke beroep	Kerfprogressies as 'n % van totale werknemers
Argivaris	16	-	-	7	43.8
Kultuurbeampte	6	-	-	2	33.3
Erfenisbeampte	10	-	-	2	20.0
Taalpraktisyn	6	1	16.7	2	33.3
Bibliotekaris	22	-	-	11	50.0
Sportbevorderings beampte	21	-	-	10	47.6
Fasiliteits-/eiendomsbestuurder	2	-	-	1	50.0
Navorser	1	-	-	1	100.0
Totaal	84	1	1.2	36	42.9

3.5. DIENSBILLIKHEID

Tabel 3.5.1: Totale getal werknemers (insluitend werknemers met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2023

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (Vlak 15-16)	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	1
Senior bestuur (Vlak 13-14)	1	3	-	2	1	3	-	1	-	-	11
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlak 9-12)	7	20	-	8	6	27	2	9	-	1	80
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlak 6-8)	32	37	2	13	30	49	1	29	-	1	194
Halfgeskoolde diskresionêre besluitnemers (Vlak 3-5)	29	63	-	-	24	60	1	4	-	-	181
Ongeskoolde gedefinieerde besluitnemers (Vlak 1-2)	12	13	1	-	12	11	-	1	-	-	50
Totaal	81	137	3	23	73	150	4	44	-	2	517
Tydlike werknemers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Groototaal	81	137	3	23	73	150	4	44	-	2	517

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Die syfers wat per beroepsvlak gewys word, sluit alle permanente, deeltydse en gekontrakteerde werknemers in, maar sluit interns uit. Voorts word die inligting per salarisvlak en nie volgens posvlak aangebied nie.

Vir die getal werknemers met gestremdhede, raadpleeg Tabel 3.5.2

Tabel 3.5.2: Totale getal werknemers (slegs dié met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2023

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (Vlak 15-16)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Senior bestuur (Vlak 13-14)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlak 9-12)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlak 6-8)	-	-	-	1	-	2	-	1	-	-	4
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitnemers (Vlak 3-5)	1	2	-	-	1	1	-	-	-	-	5
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitnemers (Vlak 1-2)	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	1
Totaal	1	2	-	1	1	4	-	1	-	-	10
Tydlike werknemers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Grooftotaal	1	2	-	1	1	4	-	1	-	-	10

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Die syfers wat per beroepsvlak gewys word, sluit alle permanente, deeltydse en gekontrakteerde werknemers in, maar sluit interns uit. Voorts word die inligting per salarisvlak en nie volgens posvlak aangebied nie.

Tabel 3.5.3: Werwing, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (Vlak 15-16)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Senior bestuur (Vlak 13-14)	-	1	-	-	-	1	-	-	-	-	2
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlak 9-12)	-	2	-	-	1	2	-	-	-	-	5
Geskoolde tegnies en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlak 6-8)	2	2	-	1	4	1	-	3	-	-	13
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitnemers (Vlak 3-5)	6	3	-	-	-	2	-	-	-	-	11
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitnemers (Vlak 1-2)	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	1
Totaal	8	9	-	1	5	6	-	3	-	-	32
Tydlike werknemers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Groototaal	8	9	-	1	5	6	-	3	-	-	32

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Werwing verwys na die aanstelling van nuwe werknemers op die Departement se diensstaat, maar sluit interns uit. Soos per Tabel 3.4.2 sluit die totale oorplasings vanaf ander staatsdepartemente en/of -instansies in.

Tabel 3.5.4: Bevorderings, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (Vlak 15-16)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Senior bestuur (Vlak 13-14)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlak 9-12)	1	-	-	2	-	2	-	2	-	-	7
Geskoolde tegnies en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlak 6-8)	-	2	-	-	-	-	-	-	-	-	3
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitnemers (Vlak 3-5)	2	-	-	-	-	1	-	-	-	-	2
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitnemers (Vlak 1-2)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Totaal	3	2	-	2	-	3	-	2	-	-	12
Tydelike werknemers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Groototaal	3	2	-	2	-	3	-	2	-	-	12

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Bevordering verwys na die totale getal werknemers wat binne die Departement na 'n hoër posvlak gevorder het deur vir 'n geadverteerde pos aansoek te doen en wie se aansoek, via die werwing- en keuringsproses suksesvol was soos per Tabel 3.4.7.

Tabel 3.5.5: Diensbeëindigings, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (Vlak 15-16)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Senior bestuur (Vlak 13-14)		1	-	-	-	-	-	-	-	-	1
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlak 9-12)	2	2	-	-	1	3	-	1	-	-	9
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlak 6-8)	1	3	1	1	2	5	-	3	-	1	17
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitnemers (Vlak 3-5)	1	2	-	-	1	5	-	-	-	-	9
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitnemers (Vlak 1-2)	1	1	-	-	-	1	-	-	-	-	3
Totaal	5	9	1	1	4	14	-	4	-	1	39
Tydlike werknemers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Groot totaal	5	9	1	1	4	14	-	4	-	1	39

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Diensbeëindigings verwys na daardie werknemers (met uitsluiting van intern) wat die Departement se diens verlaat het, met inbegrip van oorplasing na ander departemente, soos per Tabel 3.4.1.

Tabel 3.5.6: Dissiplinêre optrede, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Dissiplinêre optrede	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Afdanking						1					1
Totaal	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	1
Tydlike werknemers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Groot totaal	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	1

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Die dissiplinêre optrede wat gevolg is, verwys slegs na formele resultate en nie na 'n totale telling nie. Vir verdere inligting oor die resultate van die dissiplinêre verhore en tipes wangedrag wat by dissiplinêre verhore hanteer is, verwys na tabelle 3.12.2 en 3.12.3.

Tabel 3.5.7: Vaardigheidsontwikkeling, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	
Topbestuur (Vlak 15-16)	-	1	-	-	-	-	-	-	1
Senior bestuur (Vlak 13-14)	-	1	-	1	1	1	-	1	5
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlak 9-12)	5	14	-	6	4	27	2	9	67
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlak 6-8)	25	27	2	9	29	44	1	17	154
Halfgeskoolde diskresionêre besluitnemers (Vlak 3-5)	19	46	-	-	13	32	1	3	114
Ongeskoolde gedefinieerde besluitnemers (Vlak 1-2)	4	9	-	-	7	5	-	-	25
Totaal	53	98	2	16	54	109	4	30	366
Tydlike werknemers	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Groototaal	53	98	2	16	54	109	4	30	366

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

Let wel: Die tabel hierbo verwys na die totale aantal werknemers wat in die loop van die oorsigtydperk opleiding ontvang het en nie na die getal opleidingsintervensies wat deur individue bygewoon is nie. Vir meer inligting oor die werklike opleiding wat voorsien is, raadpleeg Tabel 3.13.2

3.6. ONDERTEKENING VAN PRESTASIE-OOREENKOMSTE DEUR SBD-LEDE

Tabel 3.6.1: Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede, soos op 31 Mei 2022

SBD-posvlak	Getal aktiewe SBD-poste per vlak	Getal SBD-lede per vlak	Getal ondertekende prestasie-ooreenkomste per vlak	Getekende prestasie-ooreenkomste as 'n % van SBD-lede per vlak
Departementshoof	1	1	1	100.0
Salarisvlak 14	1	1	1	100.0
Salarisvlak 13	9	9	9	100.0
Totaal	11	11	11	100.0

Let wel: Hierdie tabel verwys slegs na werknemers wat op senior bestuursvlak(SBD) aangestel is. Werknemers wat vergoeding bó salarisvlak 12 ontvang, maar wat nie SBD-lede is nie, is uitgesluit. Voorts weerspieël die tabel inligting wat met salarisse per pos verband hou en nie die individuele salarisvlakke van werknemers nie. Die toekenning van prestasieverwante belonings (kontantbonusse) aan SBD-lede word later in die verslag behandel. Raadpleeg Tabel 3.8.5 in hierdie verband.

Tabel 3.6.2: Redes waarom prestasie-ooreenkomste nie met alle SBD-lede teen 31 Mei 2022 aangegaan is nie

Redes waarom prestasie-ooreenkomste nie met alle SBD-lede aangegaan is nie
Geen

Tabel 3.6.3: Tugstappe ingestel teen SBD-lede omdat prestasie-ooreenkomste nie teen 31 Mei 2022 aangegaan is nie

Tugstappe ingestel teen SBD-lede omdat prestasie-ooreenkomste nie aangegaan is nie
Geen nodig nie

3.7. VUL VAN SBD-POSTE

Die tabelle in hierdie gedeelte bied inligting oor indiensneming en vakatures namate dit met verband hou met SBD-lede per salarisvlak. Dit verskaf ook inligting oor die advertering en vul van SBD-poste, redes waarom daar nie aan voorgeskrewe tydraamwerke voldoen is nie en dissiplinêre stappe wat (in die geval van voormelde) gedoen is.

Tabel 3.7.1: Inligting oor SBD-poste soos op 30 September 2022

SBD-vlak	Getal aktiewe SMS-poste per vlak	Getal SBD-poste gevul per vlak	% van SBD-poste gevul per vlak	Getal SBD-poste vakant per vlak	% van SBD-poste vakant per vlak
Departementshoof of	1	1	100.0	-	-
Salarisvlak 14	2	2	100.0	-	-
Salarisvlak 13	10	10	100.0	-	-
Totaal	13	13	100.0	-	-

Let wel: Hierdie tabel verwys slegs na werknemers wat op senior bestuursvlak (SBD) aangestel is. Werknemers wat vergoeding bó salarisvlak 12 ontvang, maar wat nie SBD-lede is nie, is uitgesluit.

Tabel 3.7.2: Inligting oor SBD-poste soos op 31 Maart 2023

SBD-vlak	Getal aktiewe SBD-poste per vlak	Getal SBD-postegevul per vlak	% van SBD-poste gevul per vlak	Getal SBD-poste vakant per vlak	% van SBD-poste vakant per vlak
Departementshoof	1	1	100.0	-	-
Salarisvlak 14	2	2	100.0	-	-
Salarisvlak 13	10	9	90.0	1	10.0
Totaal	13	12	92.3	1	7.7

Let wel: Hierdie tabel verwys slegs na werknemers wat op senior bestuursvlak(SBD) aangestel is. Werknemers wat vergoeding bó salarisvlak 12 ontvang, maar wat nie SBD-lede is nie, is uitgesluit.

Tabel 3.7.3: Advertering en vul van SBD-poste soos op 31 Maart 2023

SBD-vlak	Advertering		Vul van poste
	Getal vakatures per vlak binne ses maande geadverteer nadat hulle oopval	Getal vakatures per vlak binne 6 maande gevul nadat hulle oopval	Getal vakatures per vlak nie binne 6 maande gevul nie, maar gevul binne 12
Departementshoof	-	-	-
Salarisvlak 14	-	1	-
Salarisvlak 13	1	1	-
Totaal	1	2	-

Let wel: Die poste wat gevul is, is in die 2021/22-boekjaar geadverteer.

Tabel 3.7.4: Redes waarom die vul van aktiewe SBD-poste nie nagekom is nie – geadverteer binne 6 maande en gevul binne 12 maande nadat hulle oopval.

SBD-vlak	Redes vir nie-nakoming
Departementshoof	NVT
Salarisvlak 14	NVT
Salarisvlak 13	NVT

Tabel 3.7.5: Tugstappe ingestel vir nie-nakoming van voorgeskrewe tydraamwerke vir die vul van SBD-poste binne 12 maande

Tugstappe ingestel vir nie-nakoming van voorgeskrewe tydraamwerke vir vul van SBD-poste
Geen

3.8. WERKNEMERPRESTASIE

Die volgende tabelle toon die getal personeel lede per salarisband (Tabel 3.8.1) en personeellede in kritieke beroepe (Tabel 3.8.2) wie se salariskerf verhoog is te danke aan prestasiebestuur (d.w.s. kwalifiserende werknemers wat 'n punt tussen 3 en 4 vir hul prestasieaanslae ontvang het).

Tabel 3.8.1: Kerfvorderings per salarisband, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Salarisband	Werknemers soos op 31 Maart 2022	Progressie na 'n ander kerf binne 'n salarisvlak	Kerfprogressie as 'n % van werknemers per salarisband
Laer geskoold (Vlak 1-2)	100	41	41.0
Geskoold (Vlak 3-5)	148	113	76.4
Hoogs geskoold: produksie (Vlak 6-8)	185	99	53.5
Hoogs geskoold: toesighouding (Vlak 9-12)	79	44	55.7
Senior bestuur (Vlak 13-16)	11	4	36.4
Totaal	523	301	57.6

Tabel 3.8.2: Kerfprogressies, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Kritieke beroep	Werknemers soos op 31 Maart 2022	Progressie na 'n ander kerf binne 'n salarisvlak	Kerfprogressie as 'n % van werknemers per salarisband
Argivaris	16	7	43.8
Kultuurbeampte	6	2	33.3
Erfenisbeampte	10	2	20.0
Taalpraktisyn	6	2	33.3
Bibliotekaris	22	11	50.0
Sportbevorderingsbeampte	21	10	47.6
Fasiliteits-/eiendomsbestuurder	2	1	50.0
Navorser	1	1	100.0
Totaal	84	36	42.9

Tabel 3.8.3: Prestasiebelonings volgens ras, gender en gestremdheid, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Ras en gender	Profiel van begunstigdes			Koste	
	Getal begunstigdes	Totale getal werknemers in groep soos op 31 Maart 2022	% van totaal in groep	Koste (R'000)	Gemiddelde koste per begunstigde (R)
Geen					

Tabel 3.8.4: Prestasiebelonings (kontantbonus), per salarisband vir personeel onder die vlak van senior bestuursdienste, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Salarisband	Profiel van begunstigdes			Koste		
	Getal begunstigdes	Totale getal werknemers in groep soos op 31 Maart 2022	% van totaal in groep	Koste (R'000)	Gemiddelde koste per begunstigde (R)	Koste as 'n % van die totale personeelbesteding
Geen						

Tabel 3.8.5: Prestasieverwante belonings (kontantbonusse), per salarisband, vir senior bestuursdienste, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Salarisband	Profiel van begunstigdes			Koste		
	Getal begunstigdes	Totale getal werknemers in groep soos op 31 Maart 2022	% van totaal binne salarisbande	Koste (R'000)	Gemiddelde koste per begunstigde (R)	Koste as 'n % van die totale personeelbesteding
Geen						

Tabel 3.8.6: Prestasiebelonings (kontantbonusse) per kritieke beroep, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Kritieke beroep	Profiel van begunstigdes			Koste		
	Getal begunstigdes	Totale getal werknemers in groep soos op 31 Maart 2022	% van totaal binne salarisbande	Koste (R'000)	Gemiddelde koste per begunstigde (R)	Koste as 'n % van die totale personeel-besteding
Geen						

3.9 BUITELANDSE WERKERS

Die tabelle hieronder gee 'n opsomming van die indiensneming van buitelandse burgers in die Departement ten opsigte van salarisbande (Tabel 3.9.1) en per hoofberoep (Tabel 3.9.2). Die tabelle gee ook 'n opsomming van veranderinge aan die totale getal buitelandse werkers in elke salarisband en per elke hoofberoep

Tabel 3.9.1: Buitelandse werkers per salarisband, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Salarisband	1 April 2022		31 Maart 2023		Verandering	
	Geta	% van totaal	Getal	% van totaal	Getal	% verandering
Laer geskool (Vlak 1-2)	-	-	-	-	-	-
Geskool (Vlak 3-5)	-	-	-	-	-	-
Hoogs geskool: produksie (Vlak 6-8)	2	66.7	1	50.0	-1	-50.0
Hoogs geskool: toesighouding (Vlak 9-12)	1	33.3	1	50.0	-	-
Senior bestuur (Vlak 13-16)	-	-	-	-	-	-
Totaal	3	100.0	2	100.0	-1	-33.3

Let wel: Die tabel hierbo sluit nie-burgers met permanente verblyf in die Republiek van Suid-Afrika in.

Tabel 3.9.2: Buitelandse werkers per hoofberoep, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Hoofberoep	1 April 2022		31 Maart 2023		Verandering	
	Getal	% van totaal	Getal	% van totaal	Getal	% verandering
Argivaris	1	33.3	1	50.0	-	-
Erfenisbeampte	1	33.3	-	-	-1	-100.0
Projekampvegter	1	33.3	1	50.0	-	-
Totaal	3	100.0	2	100.0	-1	-33.3

Let wel: Die tabel hierbo sluit nie-burgers met permanente verblyf in die Republiek van Suid-Afrika in.

3.10. VERLOFBENUTTING VIR DIE TYDPERK 1 JANUARIE 2022 TOT 31 DESEMBER 2022

Die volgende tabelle gee 'n aanduiding van die benutting van siekteverlof (Tabel 3.10.1) en ongeskiktheidsverlof (Tabel 3.10.2). In albei gevalle word die beraamde koste van die verlof ook verskaf.

Tabel 3.10.1: Siekteverlof, 1 Januarie 2022 tot 31 Desember 2022

Salarisband	Totale dae	% dae met mediese sertifisering	Getal werknemers wat siekteverlof benut	Totale getal werknemers	% van totale werknemers wat siekteverlof benut	Gemiddelde dae per werknemer	Beraamde koste (R'000)
Interns	140	60,0	33	34	97,1	4	28
Laer geskool (Vlak 1-2)	343	72,0	44	58	75,9	8	155
Geskool (Vlak 3-5)	1 509	79,3	154	214	72,0	10	1 007
Hoogs geskool: produksie (Vlak 6-8)	1 304	80,3	159	211	75,4	8	1 575
Hoogs geskool: toesighouding (Vlak 9-12)	468	85,3	57	88	64,8	8	841
Senior bestuur (Vlak 13-16)	49	91,8	5	13	38,5	10	171
Totaal	3 813	79,2	452	618	73,1	8	3 777

Let wel: Die verlofdispensasie soos bepaal in die "Verlofbepaling", gelees saam met die toepaslike kollektiewe ooreenkomste, maak voorsiening vir normale siekteverlof van 36 werksdae in 'n siekteverlofsiklus van drie jaar. Die driejaar-siekteverlofsiklus het in Januarie 2022 begin en eindig in Desember 2024. Die inligting weerspieël in elke geval die totale verlof, met uitsluiting van ongeskiktheidsverlof, wat deur werknemers geneem is. Vir 'n aanduiding van ongeskiktheidsverlof geneem, raadpleeg Tabel 3.10.2.

Tabel 3.10.2: Ongeskiktheidsverlof, 1 Januarie 2022 tot 31 Desember 2022

Salarisband	Totale dae	% dae met mediese sertifisering	Getal werknemers wat ongeskiktheidsverlof benut	Totale getal werknemers	% van toale werknemers wat ongeskiktheidsverlof benut	Gemiddelde dae per werknemer	Beraamde koste (R'000)
Interns	9	100,0	1	34	2,9	9	2
Laer geskool (Vlak 1-2)	-	-	-	58	-	-	-
Geskool (Vlak 3-5)	100	100,0	3	214	1,4	33	78
Hoogs geskool: produksie (Vlak 6-8)	30	100,0	2	211	0,9	15	45
Hoogs geskool: toesighouding (Vlak 9-12)	29	100,0	1	88	1,1	29	48
Senior bestuur (Vlak 13-16)	-	-	-	13	-	-	-
Totaal	168	100,0	7	618	1,1	24	173

Let wel: Die verlofdispensasie soos bepaal in die "Verlofbepaling", gelees saam met die toepaslike kollektiewe ooreenkomste, maak voorsiening vir normale siekteverlof van 36 werksdae in 'n siekteverlofsiklus van drie jaar. Indien 'n werknemer sy of haar normale siekteverlof uitgeput het, moet die werkgewer ondersoek van stapel stuur na die aard en omvang van die werknemer se

ongeskiktheid. Sodanige ondersoek moet uitgevoer word ooreenkomstig item 10(1) van Bylae 8 tot die Wet op Arbeidsverhoudinge.

Ongeskiktheidsverlof kom nie neer op 'n onbepaalde aantal siekteverlofdae wat tot 'n werknemer se beskikking gestel word nie. Benewens siekteverlof word ongeskiktheidsverlof volgens die diskresie van die werkgewer vergun, tot die mate waartoe PILIR (d.w.s. die beleid op verlof, ongeskiktheid en uittrede) dit toelaat.

Tabel 3.10.3 bied 'n opsomming van die benutting van die jaarlikse verlof. Die loonooreenkoms wat met die Koördinerende Bedingingsraad vir die Staatsdiens in 2000 met vakbonde aangegaan het, stipuleer dat jaarlikse verlof só bestuur moet word dat 'n uitermatige uitbetaling aan opgehoopte verlof by diensbeëindiging onnodig sou wees.

Tabel 3.10.3: Jaarlikse verlof, 1 Januarie 2022 tot 31 Desember 2022

Salarisband	Totale dae geneem	Totale getal werknemers wat jaarlikse verlof benut	Gemiddelde getal dae geneem per werknemer
Interns	334	33	10
Laer geskoold (Vlak 1-2)	1 297	58	22
Geskoold (Vlak 3-5)	4 219	206	20
Hoogs geskoold: produksie (Vlak 6-8)	4 296	204	21
Hoogs geskoold: toesighouding (Vlak 9-12)	1 800	85	21
Senior bestuur (Vlak 13-16)	249	12	21
Totaal	12 195	598	20

Tabel 3.10.4: Boperkverlof, 1 Januarie 2022 tot 31 Desember 2022

Salarisband	Totale boperkverlof beskikbaar soos op 31 Des 2021	Totale dae boperkverlof geneem	Getal werknemers wat boperkverlof benut	Gemiddelde getal dae geneem per werknemer	Getal werknemers met boperkverlof soos op 31 Des 2022	Totale boperkverlof beskikbaar soos op 31 Des 2022
Laer geskoold (Vlak 1-2)	-	-	-	-	-	-
Geskoold (Vlak 3-5)	1 380,40	91,30	5	18,26	39	1 223,47
Hoogs geskoold: produksie (Vlak 6-8)	1 448,12	57,42	3	19,14	39	1 206,35
Hoogs geskoold: toesighouding (Vlak 9-12)	630,03	102,85	1	102,85	16	527,39
Senior bestuur (Vlak 13-16)	294,79	154,00	1	154,00	2	79,79
Totaal	3 753,34	405,57	10	40,56	96	3 037,00

Let wel: Dit is moontlik dat die totale getal boperkverlofdae meer kan wees aangesien werknemers wat na die Departement oorgeplaas is, hul krediete vir boperkverlof behou het. Derhalwe is sodanige krediete per salarisband na hierdie Departement oorgeplaas.

Tabel 3.10.5: Verlofuitbetalings, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Rede	Totale bedrag (R'000)	Getal werknemers	Gemiddelde betaling per werknemer
Verlofuitbetalings gedurende 2022/23 weens nie-benutting van verlof in die vorige siklus	-	-	-
Boperkverlofuitbetalings by beëindiging van diens	816	8	102 060
Huidige verlofuitbetalings by beëindiging van diens	640	49	13 059

3.11. GESONDHEIDSBEVORDERINGSPROGRAMME, MET INBEGRIJ VAN MIV AND VIGS

Tabel 3.11.1: Maatreëls getref om die risiko van beroepsblootstelling te verlaag, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Eenhede/ kategorieë van werknemers wat geïdentifiseer is as hoë risiko om MIV en verwante siektes (indien enige) op te doen	Belangrike maatreëls getref om die risiko te verminder
Die aard van die Departement se werk stel werknemers nie bloot aan 'n verhoogde risiko om MIV/vigs op te doen nie. Ondanks die baie lae beroepsrisiko word alle werknemers op alle vlakke binne die Departement geteiken.	<p>Werknemergesondheid en -welstanddienste word gelewer aan alle werknemers wat 'n behoefte daaraan het en sluit die volgende in:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Welstandsondersoeke vir werknemers om hul MIV-status te ken; • Kondoomverspreiding; • Inligting-, kommunikasie- en opvoedingsveldtogte; • Psigososiale ontwikkelingsintervensies; en • Berading

Tabel 3.11.2: Besonderhede rakende programme om gesondheid te bevorder en bewusmaking rondom MIV/Vigs te skep, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Vraag	Ja	Nee	Besonderhede, indien ja
1. Het die Departement 'n lid van die SBD aangewys om die bepalings vervat in Deel VI E van Hoofstuk 1 van die Staatsdiensregulasies, 2016, te implementeer? Indien wel, verskaf sy/haar naam en posisie	✓		Me Letitia Isaacs, Waarnemende Direkteur, Organisasie Optrede, (Departement van die Premier)
2. Beskik die Departement oor 'n toegewyde eenheid of het dit spesifieke personelede aangewys om die gesondheid en welstand van werknemers te bevorder? Indien wel, gee 'n aanduiding van die getal werknemers wat by hierdie taak betrokke is en die jaarlikse begroting wat vir hierdie doel beskikbaar gestel is.	✓		<p>Die Departement van die Premier bied 'n transversale diens aan elf (11) provinsiale departemente, met inbegrip van die Departement van Kultuursake en Sport.</p> <p>'n Aangewese eenheid vir werknemergesondheid- en welstand binne die Direktoraat: Organisasie Optrede en die Hoofdirektoraat: Organisasieontwikkeling is daarop toegespits om die gesondheid en welstand van werknemers in die elf</p>

Vraag	Ja	Nee	Besonderhede, indien ja
			<p>(11) kliëntdepartemente te bevorder.</p> <p>Die eenheid bestaan uit 'n adjunkdirekteur, drie assistentdirekteure en twee WGW-praktisyns.</p> <p>Begroting: R 3 261 000.00.</p>
<p>3. Het die Departement 'n werknemerbystand- of gesondheidsbevorderingsprogram vir werknemers ingestel? Indien wel, verskaf 'n aanduiding van die hoofelemente/dienste van hierdie program.</p>	✓		<p>Die Departement van die Premier het 'n diensvlakkoorenkoms met Metropolitan Health (die eksterne diensverskaffer) aangegaan om 'n werknemergesondheid- en welstanddiens te lewer aan die elf (11) departemente.</p> <p>Die volgende intervensies is aangebied: Berading; ontfenting en bewusmaking; Bestuurskonsultasies; Psigososiale ontwikkeling Intervensies; Inligting, Kommunikasie en Onderwys; Afrigting; Groepterapie; Redelike akkommodasie..</p> <p>Hierdie intervensies is op grond op tendense wat uit die kwartaalike verslae blyk en is geïmplementeer om werk te maak van werknemers se behoeftes.</p> <p>Inligting oor hoe om toegang tot die WGW-diens te verkry, is ook beskikbaar gestel.</p>
<p>4. Het die Departement ('n) komitee(s) daargestel soos beoog in Deel VI E.5 (e) van Hoofstuk 1 van die Staatsdiensregulasies, 2016? Indien wel, verskaf asseblief die name van die lede van die komitee en die belanghebbende(s) wat deur hulle verteenwoordig word.</p>	✓		<p>Die Provinsiale Werknemergesondheid- en Welstandbestuurskomitee is ingestel en bestaan uit lede lede wat deur elke departement genomineer is. Die Departement van Kultuursake en Sport word verteenwoordig deur mnr Devero Flandorp verteenwoordig.</p>
<p>5. Het die Departement sy indiensnemingsbeleide en - praktyke hersien om te verseker dat sodanige beleid en praktyke nie onregmatig teen werknemers op grond van hul MIV-status diskrimineer nie? Indien wel, verskaf 'n lys die indiensnemingsbeleide/- praktyke wat dienooreenkomstig hersien is.</p>	✓		<p>Die transversale bestuursraamwerk vir werknemergesondheid- en -welstandprogramme binne die Wes-Kaapse Regering geld sedert Desember 2016 deur die Koördinerende Kamer van die KSDBR vir die Wes-Kaaps Provinsie aanvaar.</p> <p>In hierdie verband maak alle indiensnemingsbeleide voorsiening vir billike praktyke, ongeag die MIV-status van personeellede of aansoekers. Praktyke in die werkplek word deurentyd gemoniteer om billikheid en voldoening aan beleide te verseker.</p> <p>Onder die banier WGW is beleide goedgekeur met inbegrip van die beleid oor MIV/Vigs, en TB wat aansluiting vind by die voorkoming van diskriminasie in die werkplek teen werknemers met MIV/Vigs en TB, sowel as diegene wat daardeur geraak word.</p> <p>Voorts het die Departement van Gesondheid, wat die leierdepartement vir MIV/Vigs is, 'n transversale beleid en program met betrekking tot MIV/Vigs-/SOI goedgekeur wat vir alle departemente binne die Wes- Kaapse Regering geld. Die beleid stem ooreen met die Nasionale Strategiese Raamwerk vir WGW, 2018 soos gewysig.</p> <p>Gedurende die oorsigtydperk is die transversale WGW-beleide, waaronder die beleid vir die bestuur van MIV,</p>

Vraag	Ja	Nee	Besonderhede, indien ja
			Vigs en TB hersien teen die DSDA se beleide deur die DSA, sowel as die Nasionale Strategiese Plan vir MIV, TB en SOI's (2017-2022), om sodoende inklusiwiteit te verseker en diskriminasie en stigma jeens werknemers met MIV uit te skakel.
6. Het die Departement maatreëls in plek gestel om MIV-positiewe werknemers, of diegene wat as MIV-positief geag word, teen diskriminasie te beskerm? Indien wel, verskaf 'n lys van die hoofelemente van hierdie maatreëls.	✓		<p>Met die oog daarop om die stigma verwant aan MIV te verlaag, is die provinsiale 2017-2022- implementeringsplan oor MIV/VIGS, SOI's en TB geïmplementeer ten einde kwessies verwant aan MIV, TB, gender en regte (soos vervat in dié plan) voorop te stel.</p> <p>Die oogmerk is om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • diskriminasie ten opsigte van MIV en TB in die werkplek te verminder. Dit het veldtogte teen onbillike diskriminasie en die bemagtiging van werknemers omvat. • onbillike diskriminasie in die toegang tot dienste verleen word, te verlaag. Hierby ingesluit is om te verseker dat die Direkoraat Werknemerverhoudinge aandag skenk aan klagtes of griewe wat met onredelike diskriminasie verband hou en dat opleiding aan werknemers bied. <p>Die Departement het die volgende maatreëls geïmplementeer om die stigma aan te pak jeens diskriminasie teen diegene wat MIV het of vermoedelik het:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Onderwysveldtogte • herdenking van Wêreld-vigsdag • Grieweproses • Intervensies soos diversiteitsbestuur
7. Moedig die Departement sy werknemers aan om MIV-berading-en-toetsing (MBT) te ondergaan? Indien wel, lys die resultate wat behaal is.	✓		<p>MBT-SESSIES:</p> <p>Die Departement het aan 2 MBT- en welstandkeuringssessies deelgeneem.</p> <p>'n Totaal van 82 werknemers is getoets en berading ten opsigte van MIV, tuberkulose en seksueel oordraagbare infeksies (SOI's) is voorsien.</p>
8. Het die Departement maatstawwe/aanwysers ontwikkel om die impak van sy programme vir gesondheidsbevordering te monitor en te evalueer? Indien wel, verskaf 'n lys van hierdie maatstawwe/aanwysers.	P		Die WGWP word deur kwartaallike en jaarlike rapportering gemoniteer en die ontleding van tendense kan afgelei word deur 'n vergelyking te tref tussen departementele benutting en demografie, d.w.s. ouderdom, gender, probleemprofielering, werknemer- vs. bestuurderbenutting, aantal gevalle. Temas en tendense bied ook 'n blik op die risiko's en impak wat kwessies verwant aan WGWP op individue in die werkplek het.

3.12. ARBEIDSVERHOUDINGE

Die volgende provinsiale kollektiewe ooreenkomste is gedurende die oorsigjaar met vakbonde aangegaan.

Tabel 3.12.1: Kollektiewe ooreenkomste, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Onderwerp	Datum
PSCBC Resolusie 2 van 2023 – Ooreenkoms oor salarisaanpassing 2023 - 2025	31/3/2023

Tabel 3.12.2 gee 'n opsomming van die uitslag van tugverhore wat gedurende die oorsigjaar binne die Departement gehou is.

Tabel 3.12.2: Wangedrag en tugverhore gefinaliseer, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Uitslag van tugverhoor	Getal sake gefinaliseer	% van totaal
Ontslag	1	100.0
Totaal	1	100.0
Persentasie van totale diensstaat		0.2

Let wel: Uitslag van tugverhore verwys slegs na formele gevalle.

Tabel 3.12.3: Tipes wangedrag wat by tugverhore aangepak is, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Tipe wangedrag	Getal	% van totaal
Aanranding/pogings of dreig om 'n persoon aan te rand	1	100.0
Totaal	1	100.0

Tabel 3.12.4: Griewe ingedien, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Griewe ingedien	Getal	% van totaal
Getal griewe opgelos	5	83.3
Getal griewe nie opgelos nie	1	16.7
Totale getal griewe ingedien	6	100.0

Let wel: Griewe ingedien verwys na sake wat binne die verslagtydperk gefinaliseer is. Griewe nie opgelos verwys na gevalle waar daar **nie ten gunste van die klaer beslis is** nie. Alle sake, opgelos of opgelos, is afgehandel.

Tabel 3.12.5: Griewe ingedien by Rade, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

Griewe ingedien by Rade	Getal	% van totaal
Geen		

